

'N BINDINGSPROGRAM VIR VERWANTE,
ENKELOUERPLEEGMOEDERS EN PLEEGKINDERS

deur

Christelle Blunden

Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE
(MAATSKAPLIKE WERK)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

PROMOTOR: DR. J.M.C. JOUBERT

PRETORIA

MEI 2005

“En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie ... Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer ...”

1 Korinthiërs 13:2, 4-8

Opedra aan my twee verbasende genadegawes, Frikkie en Carmen.

DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan my Hemelse Vader en Sekuriteitsbasis vir onverdiende genadegawes.

My ewe opregte dank aan die volgende persone wat my denke gevorm en herskep het:

- Die respondente wat my toegelaat het om 'n indruk op hul lewens te maak en my in hul vertroude geneem het.
- Dr. Kotie Joubert, my studieleier, wat 'n onontbeerlike bron van invloed en ondersteuning was en my deur verskeie krisisse gedra het.
- Prof. Willem Schurink vir hulp met metodologiese, kruiskulturele en ander aspekte.
- Me. Nicolette Myburgh, Programbestuurder van CMR Daveyton, wat deur haar aktiewe hulp en ingryping hierdie navorsing moontlik gemaak het.
- Kundiges in die Verenigde State van Amerika, veral Phillis Booth, Sandra Lindaman, dr. Kevin O'Connor en dr. Jeff Pickens, wat my aangemoedig het om die MIM in hierdie navorsing te gebruik.
- Me. Rina Owen en kollegas van die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria vir die statistiese verwerking van die data.
- Me. I. Stahmer vir noukeurige taalkundige versorging van die proefskrif.

Graag wil ek ook die volgende mense in my kleiner kring bedank vir hul onbaatsugtige hulp en ondersteuning:

- My eggenoot en betroubare steunpilaar, Trevor Blunden, vir hulp met die videobandopnames, invoer van literatuur en volgehoue ondersteuning.
- My dogter, Leeanne Blunden, vir die tegniese versorging van die teks.
- My dogter, Carmen Viljoen, vir hulp met die grafieke.
- My broer, mnr. A.W. Warrington, vir treffende grafiese uitbeeldings van die program.

OPSOMMING

'N BINDINGSPROGRAM VIR VERWANTE ENKELOUERPLEEGMOEDERS EN PLEEGKINDERS

deur

CHRISTELLE BLUNDEN

Promotor: Dr. J.M.C. Joubert

Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie

Universiteit van Pretoria

Graad: Doctor Philosophiae

Die aantal kinders wat by hul grootmoeders in pleegsorg geplaas word, het drasties toegeneem. Die hoofrede vir hul pleegsorgplasing is die dood van hul moeder of beide hul ouers, veral weens MIV/vigs-verwante siektes. Welsynsorganisasies in Suid-Afrika beskik egter nie oor 'n program om binding tussen verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders te versterk nie. 'n Verkennende studie is derhalwe onderneem om so 'n program te ontwikkel.

'n Tweevoudige toegepaste navorsingsbenadering, naamlik 'n positivisties-humanistiese of kwantitatief-kwalitatiewe benadering, is gevolg om die data in te samel. Die benadering sou die verkennende, ontwikkelingsnavorsing die beste dien.

Die doel van die studie was om 'n bindingsprogram vir verwante, enkelouerpleegmoeders en pleegkinders te ontwikkel, te implementeer en empiries te toets.

'n Kwasi-eksperimentele ontwerp, naamlik 'n vergelykende groep voortoets-natoets ontwerp, is gebruik om die program empiries te toets. 'n Kollektiewe gevallestudie is ook benut om die respondente se subjektiewe ervarings van die program waar te neem en te beskryf.

Die studie is deur die volgende navorsingsvraag gerig: Wat is die ervarings van 'n groep verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders tydens die implementering van die bindingsprogram? Die vraag het berus op die volgende hipotese: Indien die program toegepas word, sal die binding van die verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders verbeter. Die navorsingsvraag is beantwoord en die hipotese is bevestig.

Altesaam 50 pleegmoeder-kindpare (middelkinderjarige kinders en grootmoeders bo 50 jaar) wat in Daveyton (Gauteng) woonagtig was en gedurende 2004 kliënte van CMR Daveyton was, het aan die navorsing deelgeneem. Die steekproef is in twee ewe groot groepe verdeel: 'n vergelykende groep en 'n eksperimentele groep. Die eksperimentele groep sou 'n voortoets, program en natoets deurloop, maar weens die onttrekking van respondente het slegs 22% (11 moeder-kindpare) die intervensie deurloop. Die vergelykende groep het net die voor- en natoets gedoen.

Rothman en Thomas se model vir intervensienavorsing is benut om die bindingsprogram te ontwikkel. Die model het bestaan uit ses fases waarvan die eerste vyf fases in die studie benut is. Tydens die eerste fase is die probleem ontleed. Tydens die tweede fase is teoretiese inligting (oor binding en pleegsorg) versamel. Gedurende die derde en vierde fase is 'n teorie-gebaseerde bindingsprogram ontwerp en getoets om leemtes te identifiseer. In die vyfde fase is die program volledig geïmplementeer en die impak daarvan empiries getoets.

Die kwantitatiewe data (voor- en natoets) is met behulp van 'n bestaande bindingsmetingskaal, die Marschak Interaction Method Behavior Rating System (MIMBRS), ingesamel. Die MIMBRS is benut om die respondente se interaksies tydens 'n gestruktureerde interaksionele analise (die Marschak Interaksionele Metode of MIM) te kodeer. Omdat die MIM hoofsaaklik by geletterde mense gebruik word, is dit vir die doeleindes van hierdie navorsing aangepas vir gebruik by ongeletterde mense.

Die resultate van die voor- en natoets het getoon dat die intervensie suksesvol was. Die respondente wat die program deurloop het, het ten opsigte van al die veranderlikes wat gemeet is, 'n verbetering getoon.

SUMMARY

AN ATTACHMENT PROGRAMME FOR RELATED, SINGLE-PARENT FOSTER MOTHERS AND FOSTER CHILDREN

by

CHRISTELLE BLUNDEN

Supervisor: Dr J.M.C. Joubert

Department of Social Work and Criminology

University of Pretoria

Degree: Doctor Philosophiae

The number of children who are placed in foster care with their grandmothers has increased drastically. The main reason for their foster care placement is the death of their mother or both their parents, mostly because of HIV/Aids-related diseases. However, welfare organisations in South Africa do not have a programme at their disposal to strengthen attachment between related single-parent foster mothers and their foster children. An exploratory study was therefore undertaken to develop such a programme.

A twofold research approach, namely a positivist-humanistic or quantitative-qualitative approach, was followed to collect the data. The approach would serve the exploratory developmental research the best.

The aim of the study was to develop an attachment programme for related, single-parent foster mothers and foster children, and implement and empirically test the programme.

A quasi-experimental design, namely a comparative group pretest-posttest, was used to test the programme empirically. A collective case study was also used to observe and describe the respondents' subjective experiences of the programme.

The study was guided by the following research question: What are the experiences of a group of related single-parent foster mothers and foster children during the implementation of the attachment programme? This question was based on the following hypothesis: If the programme is applied, the attachment of the related single-parent foster mothers and foster children will improve. The research question was answered and the hypothesis was confirmed.

Altogether 50 mother-child pairs (middle-childhood children and grandmothers older than 50 years) who lived in Daveyton (Gauteng) and were clients of CMR Daveyton during 2004, participated in the research. The sample was divided into two equally large groups: a comparative group and an experimental group. The experimental group was supposed to have done a pretest, the programme and a posttest, but since several respondents withdrew from the research, only 22% (11 mother-child pairs) were subjected to the intervention. The comparative group did the pretest and the posttest only.

Rothman and Thomas's model for intervention research was used to develop the attachment programme. The model is comprised out of six phases of which the first five phases have been used in this study. During the first phase the problem was analysed. During the second phase information (about attachment and foster care) was collected. During the third and fourth phases a theory-based attachment programme was drafted and tested to identify shortcomings. In the fifth phase the programme was fully implemented and its impact tested empirically.

The quantitative data were collected with the aid of an existing attachment scale, the Marschak Interaction Method Behavior Rating System (MIMBRS). The MIMBRS was used to code the respondents' interactions during a structured interactional analysis (the Marschak Interactional Method or MIM). Since the MIM is mainly used among literate people, it was adapted for the purposes of this study for illiterate people.

The results of the pretest and posttest demonstrated that the intervention was successful. The respondents who did the programme showed an improvement in all the variables that were measured.

SLEUTELTERME

Binding

Bindingsprobleme

Gesin

Diade

Enkelouergesin

Pleeggesin

Pleegsorg

Pleegouer

Kind in risiko-omstandighede

Pleegkind

KEYWORDS

Attachment

Attachment problems

Family

Dyad

Single-parent family

Foster family

Foster care

Foster parent

Child at risk

Foster child

INHOUDSOPGAWE

Bladsy nr.

HOOFSTUK 1: ALGEMENE ORIËTERING TOT DIE STUDIE

1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMFORMULERING	2
1.3	DOELSTELLIG EN DOELWITTE	3
1.3.1	Doelstelling van die studie	4
1.3.2	Doelwitte	4
1.4	NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE	5
1.5	NAVORSINGSBENADERING	5
1.6	SOORT NAVORSING	6
1.7	NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSTRATEGIE	7
1.7.1	Die kwantitatiewe ontwerp	7
1.7.2	Die navorsingstrategie	8
1.8	NAVORSINGSPROSEDURE OF WERKWYSE	9
1.8.1	Die eerste fase: Probleemontleding en projekbeplanning	9
1.8.2	Die tweede fase: Inligtinginsameling en -sintese	10
1.8.3	Die derde fase: Ontwerp	10
1.8.4	Die vierde fase: Vroeë ontwikkeling en die voorondersoek	11
1.8.5	Die vyfde fase: Evaluering en gevorderde ontwikkeling	12
1.8.6	Die sesde fase: Ontbinding en bemarking	15
1.9	VOORONDERSOEK: TOETSING VAN MEETINSTRUMENT	15

1.9.1	Uitvoerbaarheid van die ondersoek	16
1.9.2	Toetsing van meetinstrument	16
1.10	OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING	17
1.11	ETIESE ASPEKTE	19
1.11.1	Beskerming van proefpersone teen enige emosionele of fisiese skade	19
1.11.2	Bekom ingeligte toestemming	19
1.11.3	Voorkom misleiding van proefpersone	20
1.11.4	Voorkom skending van die privaatheid van die deelnemers	20
1.11.5	Kontrakteer met samewerkers	20
1.11.6	Die navorser moet bevoeg en bedrewe wees	20
1.11.7	Verantwoordelike hantering van die publikasie van resultate	21
1.11.8	Ontlading en herstel van proefpersone	21
1.12	DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE	22
1.12.1	Verskynsel-verwante definisies	24
1.12.2	Definisies wat met die proefpersone verband hou	28
1.13	SAMESTELLING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	30
1.14	SAMEVATTING	30

HOOFSTUK 2:	'N LITERATUURVERKENNING VAN DIE STUDIE- GEBIED VAN BINDING	
2.1	INLEIDING	32
2.2	HISTORIESE OORSIG	33
2.2.1	Agtergrond oor John Bowlby	35
2.2.2	Die bydrae van Mary Ainsworth	36
2.2.3	Bevestiging van Ainsworth se navorsing	38
2.2.4	Kruiskulturele studies	38
2.3	TEORETIESE BENADERINGS	39
2.3.1.	Die klassieke psigoanalitiese benadering	39
2.3.1.1	Evaluering van die klassieke psigoanalitiese benadering	40
2.3.1.2	Die teorie van Erik Erikson	41
2.3.1.3	Die teorie van Anna Freud	43
2.3.1.4	Die teorie van Margaret Mahler	44
2.3.1.5	Die teorie van Melanie Klein	46
2.3.1.6	Die teorie van Donald Winnicott	47
2.3.1.7	Die teorie van Daniel Stern	47
2.3.1.8	Evaluering van Psigoanalitiese teorie	48
2.3.2	Die kognitiewe benadering	49
2.3.2.1	Die kognitief-strukturele teorie	50
2.3.2.2	Die sosiokulturele kognitiewe teorie	51
2.3.2.3	Kognitiewe neurosielkundige teorieë	52
2.3.2.4	Die interpersoonlike neurobiologiese benadering	53
2.3.2.5	Evaluering van die kognitiewe benadering	57
2.3.3	Die behavioristiese benadering	57
2.3.4	Die bindingsteorie van Bowlby	59

2.3.4.1 Die biologiese basis van binding	59
2.3.4.2 Die bindingsfiguur as sekuriteitsbasis van die kind	60
2.3.4.3 Die bindingsbeheer sisteem	61
2.3.4.4 Bindingspatrone	62
2.3.4.5 Die interne werksmodel	64
2.3.4.6 Paaie van persoonlikheidsontwikkeling	65
2.3.4.7 Bindingsteorie en intervensie	66
2.3.4.8 Evaluering van die bindingsteorie	67
2.4 SAMEVATTING	67
HOOFSTUK 3: DIE MIDDELKINDERJARIGE PLEEGKIND MET 'N BINDINGSVERSTEURING	
3.1 INLEIDING	71
3.2 SUBSTITUUTSORG	72
3.2.1 Pleegsorg	72
3.2.2 Redes vir sorgbehoewendheid en pleegsorg	73
3.3 GESKIEDENIS VAN PLEEGSORG	74
3.4 DIE PLEEGKIND IN SUID-AFRIKA: 'N KIND IN ONTSTELLE- LENDE OMSTANDIGHEDE	77

3.5	DIE MIDDELKINDERJARIGE PLEEGKIND	78
3.5.1	Algemene bindingsaspekte wat met kinderontwikkeling verband hou	79
3.5.2	Emosionele funksionering van die middelkinderjarige kind	82
3.5.2.1	Emosionele dinamika van die ontwrigting van ‘n binding	82
3.5.2.2	Teoretiese verduideliking vir skeidingsresponse	86
3.5.2.3	Emosionele reaksies op ‘n onverwerkte verlies	87
3.5.2.4	Emosionele regulasie	88
3.5.2.5	Die ouer se primêre rol in die emosionele ontwikkeling van die kind	90
3.5.3	Kognitiewe funksionering van die middelkinderjarige kind	90
3.5.3.1	Piaget se teorie	91
3.5.3.2	Die konsep “interne werksmodel”	93
3.5.3.3	Veranderings in die kwaliteit van interne werksmodelle	94
3.5.3.4	Die interne werksmodel van pleegkinders	95
3.5.3.5	Hiërargie van interne werksmodelle by pleegkinders	95
3.5.3.6	Interne werksmodel van die self	96
3.5.3.7	Interne werksmodel van pleegouers	97
3.5.3.8	Manipulasie van pleegouers	98
3.5.3.9	Dissiplinerings en grense	98
3.5.3.10	Probleme met “beheer”	99
3.5.3.11	Kognitiewe beperkinge	99
3.5.4	Sosiale funksionering van die middelkinderjarige kind	100
3.5.4.1	Invloed van die portuurgroep	100
3.5.4.2	Enkelouergesinne	101
3.5.4.3	Ouerskapstyle	101
3.5.4.4	Die sosiale aard van interne werksmodelle	101

3.5.4.5	Sosiale aspekte van 'n bindingsversteuring	103
3.5.5	Fisiese funksionering van die middelkinderjarige kind	104
3.5.5.1	Fisiese aspekte wat met 'n bindingsversteuring verband hou	105
3.6	KATEGORISERING VAN BINDINGSPATRONE	106
3.7	BINDINGSNAVORSING EN KULTURELE ASPEKTE	108
3.8	SAMEVATTING	109
HOOFSTUK 4:	ROL VAN DIE ENKELOUER PLEEGMOEDER VANUIT BINDINGSTEORIE GESIEN	
4.1	INLEIDING	112
4.2	ALGEMENE ORIËNTERING	113
4.3	KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND	114
4.4	DIE SELEKSIE EN KEURING VAN PLEGEOUERS	116
4.4.1	Binding	117
4.4.2	Lojaliteitskonflikte	117
4.4.3	Geborgenheid	118
4.4.4	Emosionele volwassenheid	118
4.4.5	Vertroue en identiteit	118
4.4.6	Ontwikkeling van die pleegkind se selfidentiteit	119
4.4.7	Die aard van die gesinsmodel	119
4.4.8	Persoonlikheidsaspekte	120
4.4.8.1	Beskerming	120
4.4.8.2	Sensitiwiteit	121
4.4.8.3	Beskikbaarheid	123
4.4.9	Belwenisse in die gesin van herkoms	124

4.4.10	Hantering van kinders se emosies	126
4.4.11	Gesondheids-, ekonomiese en behuisingsfaktore	127
4.4.12	Motiewe vir pleegsorg	127
4.5	DIE PRIMÊRE ROL VAN DIE PLEEGOUER	128
4.5.1	Primêre faktore wat pleegouers se gedrag kan beïnvloed	129
4.5.2	Gesinstres	129
4.5.3	Gesondheidsprobleme	131
4.5.4	Depressie	131
4.5.5	Ontoereikende ouerskapsvaardighede	132
4.5.6	Verlies van 'n bindingsfiguur	133
4.5.7	Sosiale isolasie	133
4.5.8	Eienskappe van 'n gesonde pleegmoder-pleegkindbinding	134
4.6	ROL VAN DIE PLEEGOUER IN INTERVENSIE	135
4.6.1	Affekregulering	136
4.6.1.1	Emosionele regulering	136
4.6.1.2	Affek	137
4.6.1.3	Ontwikkeling van emosionele regulasie in die diadeverhouding	138
4.6.1.4	Proses van nie-verbale ko-regulasie	139
4.6.1.5	Interne werkmodelle en bevooroordeelde interpretasies	141
4.6.1.6	Die rol van spel in nie-verbale ko-regulasie	141
4.6.1.7	Die proses van verbale ko-regulasie	142
4.7	DIE ROL VAN GRENSE IN PLEEGSORG	143
4.8	BINDING EN KULTURELE ASPEKTE	143
4.9	SAMEVATTING	145

HOOFSTUK 5: 'N BINDINGSPROGRAM VIR VERWANTE, ENKLEOUER PLEEGMOEDERS EN PLEEGKINDERS

5.1	INLEIDING	147
5.2	DIE KONSEP “PROGRAM” EN INTERVENSIEPROGRAM-VOORDELE	147
5.3	TEORETIESE UITGANGSPUNTE ONDERLIGGEND AAN DIE BINDINGSPROGRAM	150
5.3.1	Interpersoonlike-neurobiologiese benadering	150
5.3.2	Kognitiewe gedragsterapeutiese benadering	153
5.3.3	Gesinsisteamteorie	154
5.3.4	Bindingsteorie	156
5.3.5	Ervaringsterapie	158
5.4	BASIESE BEGINSELS	160
5.4.1	'n Veilige omgewing	160
5.4.2	Verhoudingsgebaseerde intervensie	160
5.4.3	Kliniese vaardighede	161
5.4.4	Direktief en empaties	162
5.4.5	Emosionele rykheid	162
5.4.6	Didakties	163
5.4.7	Kulturele sensitiwiteit	163
5.4.8	'n Hulpbronmodel	163
5.4.9	Terapie moet doelgerig op positiewe veranderings fokus	164
5.4.10	Buigbaar en aanpasbaar	164
5.5	OPEENVOLGENDE FASES VAN DIE INTERVENSIEPROSES	164
5.5.1	Assessering	165
5.5.1.1	Marschak Interaksionele Metode (MIM)	166

5.5.1.2	Toepassing van die MIM	167
5.5.1.3	Assessering van binding met die Marschak Interaksionele Metode (MIM)	168
5.5.1.4	Kwantitatiewe assessering met behulp van die MIM	168
5.5.2	Doelwitbepaling	169
5.5.3	Intervensiemetode	170
5.5.4	Herassessering	172
5.6	STADIUMS VAN INTERVENSIE	172
5.6.1	Herbesoek (“revisit”)	172
5.6.2	Hersening (“revise”)	172
5.6.3	Verlewendig (“revitalize”)	173
5.7	’N BINDINGSPROGRAM VIR VERWANTE, ENKELOUERPLEEGMOEDERS EN PLEEGKINDERS	173
5.7.1	Basiese struktuur en formaat van die bindingsprogram	184
5.7.2	Sessie 1: Leer mekaar ken en oriënteer die lede tot die groepwerkproses	185
5.7.3	Sessie 2: Bespreek die rol van vertroue in die moeder-kind verhouding	187
5.7.4	Sessie 3: Bespreek die groep se gemeenskaplike probleme	189
5.7.5	Sessie 4: Bespreek die groeplede se verlede	190
5.7.6	Sessie 5: Bespreek die groeplede se kinderjare	192
5.7.7	Sessie 6: Bespreek die groeplede se gevoelens van verlies en hartseer	194
5.7.8	Sessie 7: Bespreek die groeplede se gevoelens van verlies en woede	196
5.7.9	Sessie 8: Bespreek nuwe gedrag soos hoe om te kommunikeer	198
5.7.10	Sessie 9: Bespreek maniere van probleme effektief op te los	199
5.7.11	Sessie 10: Evalueer die groepwerkproses en sluit die program af	201
5.8	SAMEVATTING	202

HOOFSTUK 6: EMPIRIESE RESULTATE

6.1	INLEIDING	205
6.2	OORSIG VAN DIE NAVORSINGSPROSES	205
6.2.1	Navorsingsprobleem	205
6.2.2	Navorsingsbenadering	206
6.2.3	Doel en doelstellings	206
6.2.4	Navorsingsvraag en hipotese	207
6.2.5	Soort navorsing	207
6.2.6	Navorsingsontwerp en -strategie	207
6.2.7	Navorsingsprosedure	208
6.2.8	Seleksie van respondente	212
6.2.9	Voorondersoek	212
6.2.10	Programimplementering	213
6.3	GEOGRAFIESE AFBAKENING	213
6.4	PROGRAMIMPLEMENTERING	214
6.4.1	Probleme met programimplementering	214
6.4.2	Wysigings ten einde die program suksesvol te implementeer	217
6.5	SOSIO-DEMOGRAFIESE KENMERKE VAN DIE RESPONDENTE	219
6.6	VOORTOETSRESULTATE	223
6.6.1	Die wyse waarop die ouer en kind mekaar waarneem	226
6.6.2	Invloed van duur van pleegsorg op die pleegmoeder-pleegkind-verhouding	233
6.7.	IMPLEMENTERING VAN DIE BINDINGSPROGRAM	239
6.7.1	Kwalitatiewe navorsingsbenadering van die studie	239

6.7.2	Kwalitatiewe data-insameling	240
6.7.3	Kwalitatiewe data-analise	240
6.8	BESPREKING VAN TEMAS EN SUBTEMAS	241
6.8.1	Bekendstelling en groeporiëntasie (sessie 1)	241
6.8.2	Rol van vertroue in die moeder-kindverhouding (sessie 2)	245
6.8.3	Die groep se gemeenskaplike probleme (sessie 3)	251
6.8.4	Die groeplede se verlede (sessie 4)	254
6.8.5	Die groep se kinderjare (sessie 5)	256
6.8.6	Die groep se gevoelens van verlies en hartseer (sessie 6)	257
6.8.7	Die groep se gevoelens van verlies en woede (sessie 7)	259
6.8.8	Nuwe gedragpatrone, soos hoe om effektief te kommunikeer (sessie 8)	260
6.8.9	Effektiewe maniere om probleme op te los (sessie 9)	261
6.8.10	Evaluasie van die program (sessie 10)	261
6.9	ASSESSERING VAN DIE GROEPWERKPROSES	262
6.10	PROGRAMMEVALUERING: VERGELYKING VAN DIE VOOR- EN NATOETS	270
6.10.1	Ontleding van die data	271
6.10.2	Veranderlikes wat gemeet is	271
6.10.3	Pleegmoeders se gedrag tydens die voor- en natoets	272
6.11	RESULTATE VAN DIE VOOR- EN NATOETS	272
6.11.1	Gesigsuitdrukking	272
6.11.2	Stemtoon	274
6.11.3	Liggaamsoriëntasie	275
6.11.4	Responsiwiteit	276

6.11.5 Oogkontak	277
6.11.6 Taakgefokusde gedrag	278
6.11.7 Aanbieding/aanvaarding van hulp	279
6.11.8 Spelerigheid	281
6.11.9 Die ouer-kindpare se sosiale betrokkenheid, balans en beheer en iteraksiekwaliteit	281
6.12 SAMEVATTING	283

HOOFSTUK 7: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING	287
7.2 EVALUERING VAN DOELSTELLINGS	287
7.2.1 Kwalitatiewe doelstelling	287
7.2.2 Kwantitatiewe doelstelling	292
7.2.3 Kennisraamwerk onderliggend aan die navorsing	295
7.3 NAVORSINGSVRAAG EN -HIPOTESE	301
7.3.1 Navorsingsvraag	302
7.3.2 Navorsingshipotese	303
7.4 GEVOLGTREKKINGS	304
7.5 AANBEVELINGS	309
7.5.1 Die staat	309
7.5.2 Die welsynstelsel	310
7.6 LEEMTES IN STUDIE	312
7.7 TEMAS VIR VERDERE NAVORSING	313
7.7.1 Navorsingsvrae	313
7.7.2 Hipoteses	313
7.8 SLOTOPMERKING	313

BRONNELYS

315

BYLAE

343

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

	Bladsy nr
TABELLE	
Tabel 5.1: Teoretiese uitgangspunte onderliggend aan die bindingsprogram	149
Tabel 6.1: Veranderlikes wat met die MIMBRS gemeet word	211
Tabel 6.2: Populasiegroei in Daveyton/Etwata, 1993-2002	213
Tabel 6.3: Groepwerksessies	215
Table 6.4: Oorsake van swak groepbywoning	217
Tabel 6.5: Kwaliteit van die pleegmoeders se -kinders se visuele en ouditiewe interaksionele gedrag soos op die MIMBRS behaal	224
Tabel 6.6: Pleegsorgduur en ordinale skaalwaardes van die pleegmoeders soos op die MIMBRS behaal	234
Tabel 6.7: Pleegsorgduur en MIMBRS-waardes van pleegkinders	236
Tabel 6.8: Assessering van pleegmoeders en -kinders se binding na die eerste sessie	263
Tabel 6.9: Assessering van die deelnemers se bindingsgedrag na die tweede sessie	264
Tabel 6.10: Assessering van die deelnemers se bindingsgedrag na die derde sessie	265
Tabel 6.11: Assessering van deelnemers se bindingsgedrag na die vierde sessie	266
Tabel 6.12: Assessering van deelnemers se bindingsgedrag na die sesde sessie	267
Tabel 6.13: Assessering van die deelnemers se bindingsgedrag na die sewende sessie	268
Tabel 6.14: Assessering van die deelnemers se bindingsgedrag na die agste sessie	269
Tabel 6.15: Assessering van die deelnemers se bindingsgedrag na die negende sessie	270
Tabel 6.16: Vergelyking van die pleegmoeders en pleegkinders se resultate vir gesigsuitdrukking soos op die MIMBRS behaal	273
Tabel 6.17: Vergelyking van die pleegmoeders en pleegkinders se resultate vir stemtoon soos op die MIMBRS behaal	274

Tabel 6.18:	Vergelyking van die pleegmoeders en pleegkinders se resultate vir liggaamsoriëntasie soos op die MIMBRS behaal	275
Tabel 6.19:	Vergelyking van die pleegmoeders en pleegkinders se resultate vir responsiwiteit soos op die MIMBRS behaal	276
Tabel 6.20:	Vergelyking van die pleegmoeders en pleegkinders se resultate vir oogkontak soos op die MIMBRS behaal	277
Tabel 6.21:	Vergelyking van die pleegmoeders en pleegkinders se resultate vir taakgefokusde gedrag op die MIMBRS behaal	278
Tabel 6.22:	Vergelyking van die pleegmoeders en pleegkinders se resultate vir aanbieding/aanvaarding van hulp op die MIMBRS	280
Tabel 6.23:	Die pleegmoeders se spelerigheid op die MIMBRS behaal	281
Tabel 6.24:	Die pare se response op oorhoofse aspekte op die MIMBRS behaal	282

FIGURE

Figuur 1.1:	Vergelykendegroep voortoets-natoetsontwerp	8
Figuur 2.1:	Skematiese voorstelling van die brein	54
Figuur 6.1:	Ouderdomsverspreiding van die pleegkinders	219
Figuur 6.2:	Geslagsverspreiding van pleegkinders gedurende die voortoets	221
Figuur 6.3:	Opvoedkundige peil (graad op skool) van die pleegkinders	221
Figuur 6.4:	Aantal jare wat die pleegkinders in pleegsorg was	222
Figuur 6.5:	Ouderdomsverspreiding van die pleegmoeders	222
Figuur 6.6:	Kwaliteit van pleegmoeders se responsiwiteit soos op die MIMBRS behaal	227
Figuur 6.7:	Kwaliteit van pleegmoeders se taakgefokusde gedrag soos op MIMBRS behaal	228
Figuur 6.8:	Kwaliteit van pleegmoeders se hulpaanbieding soos op die MIMBRS behaal	229
Figuur 6.9:	Responsiwiteit van die pleegkinders soos op die MIMBRS Behaal	230

Figuur 6.10: Taakgefokusde gedrag van pleegkinders soos op die MIMBRS behaal 231

Figuur 6.11: Hulpaanvaarding van pleegkinders soos op die MIMBRS behaal 232

BYLAE

Bylaag 1: Konsultasie met kundiges 344

Bylaag 2: Opleiding in die VSA 346

Bylaag 3: Die meetinstrument (MIM) en toestemming om dit te gebruik 347

Bylaag 4: Toestemming van die Christelik Maatskaplike Raad, Daveyton om hul kliënte by die navorsing te betrek 348

Bylaag 5: Skriftelike ooreenkoms aangaande etiese aspekte 349

HOOFSTUK EEN

ALGEMENE ORIËTERING TOT DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Daar is in Suid-Afrika 'n toename in die aantal sorgbehoewende kinders wat deur familieledede versorg word. (Vergelyk Robertson & Donaldson, 2003/09/23; Schönteich, 2003/09/23; Gillwald, 2003/09/23; Manyisana, 2003/05/21.) Onder sorgbehoewende kinders wat in die bedieningsgebied van die Christelik Maatskaplike Raad (CMR) van Mpumalanga en Suid-Transvaal (ingeslote CMR Benoni, Daveyton, Germiston en Kemptonpark) bly, het die tendens sedert 1998 drasties toegeneem. (Vergelyk Du Toit, 2003; De Vos, 2003; Myburgh, 2003.) Daar was naamlik 'n toename van 644,49% in die plasing van sulke kinders by familieledede teenoor 'n toename van slegs 17,24% by nie-familieledede (Du Toit, 2003). Grootouers is gewoonlik die mense wat hierdie taak onderneem en so die primêre ondersteuningsstelsel vir dié kinders word (Burnette, 2004/02/04).

Bogenoemde toename hou veral verband met 'n toename in sterftes onder die biologiese moeders van hierdie kinders. Schönteich (2003/09/23) maak die volgende stelling: “Nearly one million South African children under the age of 15 will have lost their mother to Aids by 2005. This is estimated to increase to over two million by 2010, according to the department of health.” Robertson en Donaldson (2003/09/23) meld 'n ander rede vir die voorkoms van sorgbehoewende kinders: “A study on intimate femicide suggests that between 1993-1994, one woman was killed every day by her partner in Gauteng. This is an alarming figure, especially if one considers this in relation to the child survivors of these grotesque deeds.”

Maternale grootmoeders in Suid-Afrika tree dikwels as substituut- of pleegmoeders vir bogenoemde kinders op. (Vergelyk Burman, 1996:589; Gillwald, 2003/09/23; Schönteich, 2003/09/23.) Staatstoelae maak die pleegsorg vir hierdie pleegmoeders moontlik. Die Suid-Afrikaanse Welsynsbeleid bepaal dat enige pleegkind wat ingevolge Artikel (15)(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) by 'n familielid in pleegsorg geplaas

word, geregtig is op 'n pleegsorgtoelaag van die staat en dat pleegkinders gratis skoolonderrig mag ontvang (Gillwald, 2003/09/23; Myburgh, 2003).

Welsynsorganisasies soos die CMR lewer toesigdienste vir sorgbehoewende kinders wat in pleegsorg geplaas is by vroulike familieledes wat enkelouers is. (Vergelyk Du Toit, 2003; Myburgh, 2003; De Vos, 2003.) Hierdie organisasies het 'n behoefte aan meer navorsing oor die emosionele band tussen hierdie verwante, enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders uitgespreek. (Vergelyk Die Witskrif vir Welsyn, 1997:11.) Sodanige navorsing behoort (1) kennis oor die aard en omvang van die band te verbreed; (2) 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van nuwe intervensietegnieke vir maatskaplike werkers om genoemde gesinne te help; (3) die emosionele sy van die verhouding tussen die betrokke pleegmoeders en pleegkinders positief te beïnvloed; en (4) inligting op te lewer wat op makro samelewingsvlak aangewend kan word om disfunksionele bindingspatrone in pleegsorgsituasies te voorkom.

1.2 PROBLEEMFORMULERING

Verwante enkelouerpleegmoeders help om familiebande te behou en bied 'n waardevolle sosio-ekonomiese diens aan die samelewing (Burnette, 2004/02/04). Enkelouerpleegsorg stel egter hoë ekonomiese, gesondheids- en emosionele eise. (Vergelyk Goodman & Silverstein, 2001:557-559; Leder, Grinstead, Jensen & Bond, 2003:5-7.) Verskeie skrywers (vergelyk Burnette, 2004/02/04; Leder, *et al.*, 2003:5; Goodman & Silverstein, 2001:560) het bevind dat verwante pleegouerskap positief korreleer met spanningsverwante gesondheidsprobleme, angs en depressie. Hierdie probleme hou dikwels verband met onverwerkte emosies oor die verlies van 'n afgestorwene soos die moeder van die pleegkind. Robertson en Donaldson (2003/09/23) is van mening dat grootouerpleegmoeders in Suid-Afrika dikwels te doen het met "...their own feelings of shame and guilt about what happened and due to their emotional state, may not be able to respond to the emotional needs of the child". Dozier, Stovall, Albus en Bates (2001:1468) het bevind dat onverwerkte emosies by die pleegouer positief korreleer met bindingsprobleme tussen die pleegouer en pleegkind.

Talle probleme kan in die persoonlikheids-, emosionele, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die pleegkind voorkom as die band met die pleegmoeder nie na wense is nie. (Vergelyk Perry, 2003/07/13; Hughes, 1998:20; Hughes, 1997:27.) Hughes (1997:30) het bevind dat 'n

negatiewe binding positief korreleer met dissiplineringsprobleme. Bowlby (soos aangehaal deur Wallant, 1995:65) het bevind dat jeugmisdaad verband hou met moeder-kind bindingsprobleme. Dozier, *et al.* (2001:1468) dui aan dat die bindingsprobleme verband kan hou met aggressie en sosiale aanpassingsprobleme. Dozier, *et al.* (2001:1467-1468) dui verder aan dat 'n gesonde pleegmoeder-pleegkind binding verband hou met gesonde sosiale aanpassing (veral in die skool), selfvertroue en goeie probleemoplossingsvaardighede.

Volgens Myburgh (2003) het die CMR waargeneem dat verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders (veral pleegkinders in die middel kinderjare) nie met mekaar bind nie weens 'n *groot generasiegaping*, verskil in *geletterdheidsvlak* en *gebrek aan kommunikasie*.

Verskeie welsynsorganisasies het aangedui dat hulle nie oor 'n program beskik wat die binding tussen verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders kan versterk nie. (Vergelyk Du Toit, 2003; De Vos, 2003; Myburgh, 2003; Maletse, 2003.) Die navorser se eie literatuursoektog met die hulp van die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria het ook geen bindingsprogram vir enkelouerpleegmoeders en pleegkinders in Suid-Afrika opgelewer nie. 'n Bindingsprogram vir *terapeutiese groepwerk* sal waarskynlik die effektiwste *dienslewering* bied aangesien dit lede die geleentheid sal gee om emosioneel te groei én om 'n ondersteuningsstelsel of hulpbron vir mekaar te vorm (Moss, 2002:154).

Hierdie navorsing is dus daarop gerig om 'n bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders wat op groepwerk geskoei is, te ontwikkel omdat geen sodanige program na die beste van die navorser se wete bestaan nie. 'n Duidelike behoefte aan 'n groepwerkprogram is by welsynsorganisasies geïdentifiseer.

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die konsep “doelstelling” verwys na waarheen die navorser die navorsing wil stuur, terwyl die doelwitte van die navorsing toon hoe die navorser daar wil kom. (Vergelyk Fouché, 2002b:107; De Vos, Schurink & Strydom, 1998:7; Creswell, 2003:87.)

1.3.1 Doelstelling van die studie

◆ Oorhoofse doelstelling

Om 'n bindingsprogram vir verwante enkelouer grootmoeders en pleegkinders te ontwikkel en empiries te toets. In die studie gaan 'n gemengde kwantitatief-kwalitatiewe benadering gevolg word. Volgens Creswell (2003:99) moet so 'n benadering dus kwantitatiewe en kwalitatiewe doelstellings verwoord.

● Kwalitatiewe doelstelling

Om 'n bindingsprogram vir enkelouer grootmoeder-pleegmoeders en middelkinderjarige pleegkinders te ontwikkel en om hul subjektiewe ervarings tydens die implementering van die program waar te neem en te beskryf.

● Kwantitatiewe doelstelling

Om die impak van die bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders empiries te toets.

1.3.2 Doelwitte

Die doelwitte vir die navorsing is:

- Om 'n kennisraamwerk vir pleegsorg in Suid-Afrika, bindingsteorieë, die groepwerkproses, ontwikkelingstake van die primêreskool-kind en pleegsorg-bindingstake vir hierdie kinders op te bou.
- Om die binding van 50 enkelouerpleegmoeders en 50 pleegkinders te meet, ten einde data vir 'n voortoets te bekom.
- Om 'n bindingsprogram te ontwikkel.
- Om die bindingsprogram met 25 pleegmoeders en 25 pleegkinders in die bestek van 10 sessies te implementeer en hul ervarings van die program waar te neem en te beskryf.
- Om die impak van die program empiries te toets.
- Om die navorsingsbevindings en bindingsprogram in 'n gebruikersvriendelike dokument vir maatskaplike werkers by welsynsorganisasies te omskep.

1.4 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE

'n Navorsingsvraag word gestel wanneer daar geen of min literatuur oor 'n onderwerp bestaan en verkennende navorsing gedoen moet word. Dit verskil van 'n hipotese wat op die verband tussen twee of meer veranderlikes fokus. 'n Veranderlike is 'n eienskap of attribuut van 'n persoon of fenomeen wat meer as een waarde op 'n kontinuum kan aanneem en wat empiries waarneembaar is. (Vergelyk Bless & Higgson-Smith, 1995:37; Creswell, 2003:93, 108; De Vos, 2002a:36.)

Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal 'n navorsingsvraag en hipotese gestel word. Creswell (2003:114) meld die volgende in die verband: “Mixed methods studies need to have both qualitative and quantitative research questions (or hypotheses) included in the studies to narrow and focus the purpose statements.”

● **Navorsingsvraag vir hierdie studie**

Wat is die ervarings van 'n groep verwante, enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders tydens die implementering van 'n bindingsprogram?

● **Hipotese vir hierdie studie**

Indien die bindingsprogram toegepas word, sal die binding tussen die verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders verbeter.

1.5 NAVORSINGSBENADERING

“Benadering” verwys na die breë teoretiese perspektief op die navorsingsproses (Creswell, 2003:4). Twee benaderings word onderskei, naamlik positivisme en humanisme (of sosiale konstruktivisme). (Vergelyk Creswell, 2003:4-9; Babbie & Mouton, 1998:22-29; Schwandt, 1997:39-40.) Positivisme neem aan dat die realiteit uit wetmatighede bestaan wat objektief met numeriese meetinstrumente bestudeer kan word. Humanisme neem aan dat die realiteit 'n intersubjektiewe betekenisgewingsproses is wat “verstaan” kan word deur die betekenisgewingsproses van subjekte (mense) te bestudeer. (Vergelyk Babbie & Mouton, 1998:23; Tesch, 1990:68-71; Schwandt, 1997:19, 74.)

'n Kwantitatiewe benadering berus op positivistiese aannames. (Vergelyk Babbie, 1998:280; Mouton, 1996:161.) Daarteenoor berus 'n kwalitatiewe benadering op humanistiese aannames. (Vergelyk Creswell, 2003:18; Mouton, 1996:166; Babbie, 1998:280.) Volgens Creswell (2003:13-15) kan een van drie navorsingsbenaderings gevolg word, naamlik 'n kwantitatiewe, 'n kwalitatiewe of 'n kwantitatief-kwalitatiewe benadering. Laasgenoemde kan in drie prosedures verdeel word, naamlik opeenvolgende, gelyklopende of transformerende prosedures. (Vergelyk De Vos, 1998a:360-361; Creswell, 2003:16; De Vos, 2002b:365-367.)

In hierdie studie sal Creswell (2003:15-17) se *kwantitatief-kwalitatiewe benadering* en die *opeenvolgende prosedure* gevolg word. In 'n *opeenvolgende prosedure* volg kwantitatiewe en kwalitatiewe prosedures (of vice versa) mekaar alternatiewelik op.

Die volgende uiteensetting bied 'n aanduiding van die wyse waarop Creswell (2003:15-17) se opeenvolgende prosedure in die studie gevolg gaan word:

- Eerstens gaan die binding van enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders in 'n voortoets met behulp van 'n reeds ontwikkelde gedragsmetingskaal numeries beoordeel word (kwantitatiewe benadering).
- Daarna gaan 'n bindingsprogram ontwikkel en geïmplementeer word. Die deelnemers se response tydens die implementering van die program sal woordeliks aangehaal word (kwalitatiewe benadering).
- 'n Natoets sal uitgevoer word om die program empiries te toets. Die resultate van die voor- en natoets sal dus statisties beoordeel word (kwantitatiewe benadering).

1.6 SOORT NAVORSING

Daar is twee soorte navorsing, naamlik basiese en toegepaste navorsing. (Vergelyk Hendrick, Bickman & Rog, 1993:2-10; Fouché, 2002b:108-109.) In hierdie studie sal *toegepaste* navorsing gebruik word. Toegepaste navorsing is gerig op die onmiddellike praktiese oplossing van 'n navorsingsprobleem. Toegepaste navorsing maak dikwels van navorsingsvrae, waarnemings in natuurlike omstandighede, 'n multi-professionele

navorsingsplan en beskrywings van die navorsingsproses gebruik. Sodanige metodologie sal ook in hierdie navorsing gevolg word. (Vergelyk Hendrick, *et al.*, 1993:2-10; Fouché, 2002b: 108-109.)

Toegepaste navorsing kan die vorm van *intervensienavorsing* aanneem (De Vos, 1998b:384). De Vos (2002c:396) definieer intervensienavorsing as die proses waarvolgens nuwe tegnologie ontwikkel word om probleme op te los. In hierdie navorsing gaan intervensienavorsing gebruik word om 'n bindingsprogram (insluitend nuwe tegnologie) vir verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders te ontwikkel en empiries te toets.

1.7 NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSTRATEGIE

Die begrippe “*navorsingsontwerp*” en “*navorsingstrategie*” hou onderskeidelik verband met 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenadering. (Vergelyk De Vos, 2002b:366; Creswell, 2003:153, 183.) Die begrip “ontwerp” verwys na die plan of bloudruk wat tydens 'n kwantitatiewe benadering gevolg word (Babbie, 1998:239). Volgens Creswell (2003:183) verwys die begrip “navorsingstrategie” na die “prosesse” wat die navorser tydens kwalitatiewe navorsing volg.


1.7.1 Die kwantitatiewe ontwerp

In hierdie navorsing gaan 'n *eksperimentele kwantitatiewe navorsingsontwerp* gebruik word om die bindingsprogram empiries te toets. Volgens Babbie (1998:233) bestaan 'n eksperimentele ontwerp uit drie komponente, naamlik (1) 'n onafhanklike en afhanklike veranderlike, (2) voor- en natoetsing, en (3) eksperimentele en vergelykende groepe. (Vergelyk Schwandt, 1997:14; Babbie, 1998:234; De Vos, 2002c:412.)

Die tipe eksperimentele ontwerp wat in hierdie navorsing gebruik gaan word is 'n *kwasi-eksperimentele ontwerp*, naamlik die vergelykendegroep voortoets-natoetsontwerp (Fouché & De Vos, 2002:145). Tydens 'n vergelykendegroep voortoets-natoetsontwerp word 'n eksperimentele groep (A) en 'n vergelykbare groep (B) met nie-ewekansige steekproefneming geselekteer. (Vergelyk Bless & Higginson-Smith, 1995:77; Creswell, 2003:169; Babbie, 1998:340.) Beide groepe neem 'n voor- en natoets. Slegs die eksperimentele groep ontvang

die intervensieprogram. Figuur 1.1 bied 'n skematiese voorstelling van 'n vergelykende groep voortoets-natoetsontwerp.

FIGUUR 1.1: VERGELYKENDEGROEP VOORTOETS-NATOETSONTWERP



Simbole O en X in Figuur 1.1 verteenwoordig die volgende aspekte:

- O _____ X _____ O verteenwoordig 'n voortoets, intervensieprogram en natoets.
- O _____ O verteenwoordig net 'n voortoets en natoets.

Altesaam 50 pleegmoeders en 50 pleegkinders sal by die navorsing betrek word. Altesaam 25 pleegmoeders en 25 pleegkinders sal 'n vergelykende groep vorm en nie die intervensie deurloop nie. Die eksperimentele groep sal uit 5 afsonderlike groepe bestaan (5 pleegmoeders en 5 pleegkinders, of 10 proefpersone per groep) en gaan die intervensie deurloop. Die afhanklike veranderlike sal die pleegmoeder-pleegkindbinding wees. Die onafhanklike veranderlike sal die bindingsprogram wees.

1.7.2 Die navorsingstrategie

In hierdie navorsing gaan 'n kollektiewe *gevallestudie* gedoen word. Babbie (1998:282) definieer die konsep "gevallestudie" soos volg: "A *case study* is an idiographic examination of a single individual, group, or society. Its chief purpose is description, although attempts at explanation are also acceptable". (Vergelyk Stake, 2000:436.) Die doel van 'n kollektiewe gevallestudie is om 'n spesifieke groep of gebeurtenis *in diepte te beskryf*. (Vergelyk Babbie & Mouton, 1998:281; Creswell, 1998:61.) *Beskrywing* is dan ook deels die doel van hierdie navorsing. (Vergelyk Schwandt, 1997:13; Creswell, 1998:62-63; Creswell, 2003:15; Stake, 2000:437-439.) Die klem sal lê op die verbale en nie-verbale gedrag en ervarings van die pleegmoeders en hul pleegkinders tydens die implementering van 'n bindingsprogram.

1.8 NAVORSINGSPROSEDURE OF WERKWYSE

Die navorsingsprosedure neem die vorm van 'n *intervensie* aan. Rothman en Thomas (in De Vos, 2002c: 396-414) se model vir intervensienavorsing word gevolg en dié bestaan uit ses fases en verskillende stappe wat soos volg aangewend gaan word:

1.8.1 Die eerste fase: Probleemontleding en projekbeplanning

Daar is twee faktore wat verband hou met die identifikasie en ontleding van die navorsingsprobleem in hierdie studie, naamlik die aard van professionele en gemeenskapsnorme vir gewenste gedrag en 'n diskrepansie tussen hierdie norme en bestaande gedrag (De Vos, 2002c: 397). Met die toename in natuurlike en onnatuurlike sterftes onder ouers in Suid-Afrika en die gevolglike ouerloosheid van kinders tree pleegsorg sterk op die voorgrond. Die gemeenskap vereis dat pleegsorgplasinge suksesvol en die binding binne pleeggesinne gesond moet wees omdat die kind se binding met sy primêre versorger/s die basis vir sy/haar persoonlikheids-, emosionele, kognitiewe en verhoudingsgeskiedenis vorm. (Vergelyk Hughes, 1997:27; Hughes, 1998:20; Perry, 2003/07/13.) Rothman en Thomas (in De Vos, 2002c:387-389) onderskei die volgende stappe wat tydens die eerste fase van intervensienavorsing gevolg moet word:

- **Identifiseer kliënte en maak hulle betrokke:** Die populasie vir hierdie navorsing sal alle verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders in die primêre skoolfase wees. Hierdie gesinne sal kliënte van CMR Daveyton wees.
- **Bewerkstellig toegang en samewerking:** Die Programbestuurder van CMR Daveyton (Myburgh, 2003) sal saam met die navorser en maatskaplike werkers van CMR Daveyton kliënte van die CMR werf deur die doel van die navorsing aan hulle te verduidelik en hulle dan uit te nooi om aan die navorsing deel te neem.
- **Ontleed geïdentifiseerde probleem:** Disfunksionele pleegsorgplasinge is 'n maatskaplike probleem wat almal in die samelewing se lewenskwaliteit raak.
- **Formuleer doelwitte:** Doelwitte is reeds geformuleer en beskryf onder 1.3.

1.8.2 Die tweede fase: Inligtingsameling en -sintese

Volgens Rothman en Thomas (in De Vos, 1998b:390) is dit belangrik om suksesvolle en onsuksesvolle modelle en programme wat met die probleem verband hou, te bestudeer. Die volgende stappe moet volgens hulle in die tweede fase gevolg word:

- **Benut bestaande inligtingsbronne:** Die literatuur en nasionale en internasionale kundiges sal geraadpleeg word. Verskeie internasionale kundiges is in die vooronderzoek geraadpleeg. Kyk Bylaag 1.
- **Bestudeer natuurlike voorbeelde:** Voorbeelde van funksionele pleegouer-pleegkindverhoudings sal deur middel van 'n literatuurstudie en konsultasie met kundiges bestudeer word.
- **Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle:** Funksionele elemente van suksesvolle nasionale en internasionale groepwerk-bindingsprogramme vir verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders sal bestudeer word.

1.8.3 Die derde fase: Ontwerp

Ontwerp word beskou as die proses waarvolgens die intervensie en die meetinstrument beplan word (De Vos, 1998b:392). Die program word beplan en gereed gemaak vir die hoofonderzoek. Hierdie fase bestaan uit die volgende stappe:

- Ontwerp 'n **waarnemingsstelsel:** Die kwantitatiewe (empiriese) toetsing van die intervensie (bindingsprogram) sal met behulp van 'n gedragsmetingskaal, die Marschak Interaction Method Behavior Rating System (MIMBRS) geskied (McKay, Pickens & Steward, 1996:223-234). Dit sal uit 'n voortoets en natoets van die program bestaan.

Kwalitatiewe toetsing van die program sal met behulp van ongestruktureerde deelnemende waarneming geskied (Schwandt, 1997:110-111). Tydens sodanige

waarneming neem die navorser tot 'n mate deel aan die aktiwiteite wat waargeneem word (Creswell, 1998:121). Die navorser sal byvoorbeeld tydens die aanbieding van die bindingsprogram as groepleier optree en vanuit hierdie hoedanigheid die proefpersone se reaksie op die intervensie waarneem.

- **Spesifiseer prosedures vir intervensie:** Die prosedures en intervensietegnieke wat tydens die bindingsprogram gebruik gaan word, sal gespesifiseer en sistematies gebruik word.

1.8.4 Die vierde fase: Vroeë ontwikkeling en die voorondersoek

Tydens die vierde fase word 'n prototipiese of voorlopige intervensieprogram ontwikkel en 'n voorondersoek gedoen (Thomas in De Vos, 1998b:395). Die fase bestaan uit drie stappe, naamlik:

- **Ontwikkeling van 'n prototipiese of voorlopige intervensie:** 'n Voorlopige groepwerk-bindingsprogram sal ontwikkel en skriftelik uiteengesit word. Die voorlopige bindingsprogram sal met die maatskaplike werkers van CMR Daveyton bespreek word en hul terugvoer sal gebruik word om die program te verryk voordat die voorondersoek gedoen word.
- **Onderneem 'n voorondersoek:** Die voorlopige program (wat die MIMBRS insluit) sal aan vier proefpersone (twee pleegmoeders en twee pleegkinders) oor 'n tydperk van vyf sessies aangebied word. Hierdie proefpersone sal nie by die hoofondersoek betrek word nie. Indien hierdie vier proefpersone 'n behoefte aan verdere intervensie toon, sal die navorser voortgaan met die intervensie sonder om hulle by die hoofondersoek te betrek.
- **Pas ontwerp kriteria toe op die voorlopige intervensiekonsep:** Voorstelle van die maatskaplike werkers en proefpersone vir veranderinge aan die bindingsprogram sal waar toepaslik geïnkorporeer word in die bindingsprogram voordat die hoofondersoek gedoen word.

1.8.5 Die vyfde fase: Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Ten einde die bindingsprogram te kan evalueer moet 'n navorsingsontwerp gekies word; die program moet geïmplementeer word; die respondente moet waargeneem word; data moet ingesamel word; en die data moet ontleed word (Thomas in De Vos, 1998b:397). Die volgende vier stappe sal gevolg word:

- **Selekteer 'n eksperimentele ontwerp:** 'n Vergelykendegroep voortoets-natoetsontwerp sal gebruik word om die bindingsprogram te evalueer, soos onder 1.7.1 bespreek.
- **Insameling en ontleding van data:** Die navorser sal kwantitatiewe en kwalitatiewe data soos volg insamel:

Tydens die voor- en natoets van die bindingsprogram sal die MIMBRS gebruik word om die pleegmoeders en hul pleegkinders se bindingsgedrag te beoordeel (kwantitatiewe data). Die MIMBRS bestaan uit 'n vyfpuntskaal en die konsep "binding" word met behulp van die volgende indikatore waargeneem: gesigsuitdrukking, stemtoon, liggaamsoriëntasie, die ouer se uitreiking na die kind, oogkontak, taakgerigheid, hulpvaardigheid en spelerigheid.

Die MIMBRS word gebruik om ouers en kinders se gedrag in 'n interaksionele situasie te kodeer. Die interaksionele ontleding sal volgens die Marschak Interaksionele Metode (MIM) gedoen word. (Vergelyk Lindaman, Booth & Chambers, 2000:375.) Elke pleegouer en pleegkind sal tydens die MIM saam agt take uitvoer. Dieselfde agt take en proefpersone wat in die voortoets gebruik is sal weer in die natoets gebruik word. Die pleegouer-pleegkindinteraksie tydens die uitvoering van die agt take sal op videoband opgeneem en later volgens die MIMBRS-skaal beoordeel word.

Daar sal altesaam 50 interaksionele videobandopnames tydens die voortoets en 50 interaksionele videobandopnames tydens die natoets ontleed word. Daar sal dus een MIMBRS-skaal vir elke pleegouer-pleegkindpaar tydens die voor- en natoets voltooi word. Die voor- en natoets sal by die kantoor van CMR Daveyton, waar die program aangebied gaan word, geskied.

Na afloop van die voortoets sal kwalitatiewe data tydens programimplementering ingesamel word deur ongeskruktureerde onderhoude met die pleegmoeders en pleegkinders te voer. Hierdie pleegmoeders en pleegkinders vorm deel van die kollektiewe gevallestudie wat onderneem gaan word. Vergelyk 1.7.2. Die kwalitatiewe data wat so ingesamel gaan word hou verband met die navorsingsdeelnemers se ervaring van die bindingsprogram asook voorstelle vir die aanpassing van die bindingsprogram.

- **Herhaal intervensie onder natuurlike omstandighede:** Die groepwerkprogram sal in tien sessies by die CMR Daveyton aangebied word. Elk van die sessies sal uit 'n ander *onderwerp* bestaan wat weekliks, binne groepsverband, bespreek gaan word. Die tien sessies sal ook modellering van gewenste gedrag insluit. Indien taalkundige probleme voorkom sal 'n maatskaplike werker wat die respondente se taal magtig is by elke groepwerksessie betrek word om as tolk op te tree. Aanpassings van die bindingsprogram sal gemaak word indien 'n behoefte aan verandering waargeneem word. Indien nodig kan die sessies verleng word ten einde die tien onderwerpe volledig te hanteer.
- **Ontleding van kwantitatiewe data:** Die Universiteit van Pretoria se statistiekdiens is genader en sal help met die verwerking van die kwantitatiewe data. Hulle sal help met die verwerking van nominale data oor aspekte soos ouderdom, geslag, opvoedkundige peil en aantal jare wat die pleegkinders in pleegsorg is. Beskrywende statistiek sal gebruik word om die resultate van die voor- en natoets (resultate van die MIMBRS-skaal) te ontleed. Beskrywende statistiek bestaan uit aspekte soos die berekening van gemiddelde waardes en persentasies wat die groep op die MIMBRS behaal asook die vergelyking van die resultate van die voor- en natoets. (Vergelyk Babbie & Mouton, 1998:462-464; Mouton, 1996:161-166.)
- **Insameling van kwalitatiewe data:** Kwalitatiewe data sal tydens die gevallestudie ingesamel word nadat die kwantitatiewe data tydens die voortoets ingesamel is. Creswell (1998:121) wys daarop dat 'n gevallestudie gekenmerk word deur die gebruik van verskillende kwalitatiewe data-insamelingsmetodes. In hierdie navorsing sal die volgende data-insamelingsmetodes gebruik word:

- (1) **Ongestruktureerde deelnemende waarneming.** Deelnemende waarneming dui daarop dat die navorser tot 'n mate deelneem aan die aktiwiteite wat waargeneem en bestudeer word. (Vergelyk Schwandt, 1997:110-111; Creswell, 1998:121.)
 - (2) **Ongestruktureerde onderhoudvoering.** (Geen riglyn of formaat word gebruik nie.) Die strategie word gevolg tydens die bespreking van die tien groepwerkonderwerpe met die pleegmoeders en pleegkinders gedurende die implementering van die bindingsprogram. (Vergelyk De Vos, 2002c:408; Creswell, 1998:121.)
- **Ontleding van kwalitatiewe data:** Die ontleding van kwalitatiewe data kan 'n oorweldigende taak wees (Creswell, 1998:143). Schwandt (1997:4) meld die volgende in die verband: “It includes the processes of organizing, reducing, and describing the data; drawing conclusions or interpretations from the data, and warranting those interpretations. If data could speak for themselves, analysis would not be necessary.” (Vergelyk Tesch, 1990: 95.) Creswell (2003:191-195) se prosedure vir analise van kwalitatiewe data sal gebruik word om die data te ontleed, te verwerk en te beskryf (Creswell, 2003:191-195). In hierdie prosedure word soos volg te werk gaan:
 - Transkribeer elke onderhoud/sessie;
 - Lees deur al die transkripsies om 'n geheelbeeld en algemene indruk te bekom;
 - Kodeer die materiaal (identifiseer kernwoorde met verskillende kleure);
 - Identifiseer temas tydens die koderingsproses deur byvoorbeeld ooreenstemmende temas met dieselfde kleure te merk;
 - Beskryf die temas woordeliks en visueel met figure en tabelle; en
 - Interpreteer die data deur bestaande literatuur te gebruik.
- Tydens hierdie beskrywing sal die inhoud van gesprekke uiteraard aangehaal word.
- **Verfyn die intervensie:** Leemtes sal gevul en die produk afgerond word. Die uitkomste van die program sal geëvalueer word deur die resultate van die voor- en natoets met mekaar te vergelyk. Daarna sal die program finaal afgerond en in 'n gebruikersvriendelike dokument vir maatskaplike werkers omskep word.

1.8.6 Die sesde fase: Ontbinding en bemarking

Die laaste fase van Rothman en Thomas (in De Vos, 2002c:414) se model hou verband met die bemarking van die program. Omdat hierdie fase nie verband hou met die doel van die navorsing nie, sal dit nie gebruik word nie. CMR Daveyton sal 'n afskrif van die bindingsprogram ontvang sodat die program vir die vergelykendegroep aangebied kan word. Dit navorsers sal in 'n raadgevende hoedanigheid beskikbaar wees.

1.9 VOORONDERSOEK: TOETSING VAN MEETINSTRUMENT

'n Voorondersoek help met voorbereiding vir die hoofondersoek (Bless & Higson-Smith, 1995:43). Daar sal vervolgens na die voorondersoek met verwysing na die uitvoerbaarheid van die studie asook na die betroubaarheid en geldigheid van die meetinstrument wat in die studie gebruik gaan word, verwys word.

1.9.1 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die studie blyk uitvoerbaar te wees. Die navorsers het toestemming van die Theraplay® Instituut in Chicago bekom om die MIM in hierdie studie te gebruik. Kyk Bylaag 2. Sy het ook skriftelike toestemming van Pickens en Steward bekom om die MIMBRS te gebruik. Kyk Bylaag 3. Voorts het sy skriftelike toestemming van die CMR bekom om hul kliënte en fasiliteite vir die doeleindes van hierdie navorsing te gebruik. Kyk Bylaag 4.

1.9.2 Toetsing van meetinstrument

Die MIM is 'n waarnemingstegniek wat gebruik kan word om die binding tussen 'n kind en volwassene (ouer/pleegouer/onderwyser) te assesser. Die MIM word deur maatskaplike werkers in lande soos Korea, Australië, Finland, Duitsland, Israel en Japan gebruik. Die MIM is *nie 'n gestandaardiseerde psigometriese toets nie*. (Vergelyk Marschak, 1980:20-21; Munns, 2000:28; Jernberg & Booth, 1999: xxvii, 306; Lindaman, *et al.*, 2000: 375, 392-395; McKay, *et al.*, 1996:223-234; Booth & Lindaman, 2000:215.) Dit word egter in hierdie navorsing gebruik omdat sy gebruik in multi-kulturele situasies reeds bewys is. (Kyk Bylaag 1 oor kundiges in die VSA wat in die verband geraadpleeg is.)

Die Theraplay® Instituut in Chicago het kopiereg op die MIM en het streng opleidingsvereistes vir die gebruik daarvan (Jernberg & Booth, 1999:385). Die navorser het gedurende Januarie en Junie 2003 opleiding in die gebruik van die MIM by die Instituut ontvang. Kyk Bylaag 2. Dié opleiding is deur twee maatskaplike werkers, naamlik Lindaman en Booth, behartig. Die navorser het skriftelike toestemming van die Instituut om die MIM in hierdie navorsing te gebruik. Kyk Bylaag 2.

Om waarnemings wat tydens die MIM gemaak word meer objektief te kan beoordeel het McKay, *et al.* (1996: 226-227) 'n gedragskaal, die MIMBRS, ontwikkel. Hulle (McKay, *et al.*, 1996: 223-234) het 'n interne betroubaarheid van 0,46 tot 0,89 op die 16 skaalitems van die MIMBRS gevind. Nege van hierdie items het 0,70 of hoër gemeet (Lindaman, *et al.*, 2000: 375). Die interne betroubaarheid en geldigheid van die MIMBRS is dus reeds nagevors en daar is voldoende bewys dat dit toepaslik is om binding in die pleegmoeder-pleegkindverhouding waar te neem. (Vergelyk Lindaman, *et al.*, 2000: 374-375.) Skriftelike toestemming is bekom om die MIMBRS in hierdie studie te gebruik. Kyk Bylaag 3.

1.10 OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Mueller soos aangehaal deur Mouton (1996:134) definieer die konsep “universum” soos volg: “The ‘universe’ is the ‘complete set of elements and their characteristics about which a conclusion is to be drawn on the basis of a sample’.” “Universum” verwys dus na alle potensiële respondente wat die gewenste eienskappe besit en by die navorsing ingesluit kan word. Die universum in hierdie navorsing is alle verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders in die primêre skoolfase.

'n “Populasie” is 'n versameling gebeure of individue wat gemeenskaplike eienskappe besit. 'n Populasie is 'n gedeelte van die universum en verteenwoordig die universum. (Vergelyk Mouton, 1996:134; Babbie & Mouton, 1998:173.) Die populasie in hierdie studie is alle verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders wat in 2004 kliënte van CMR Daveyton is.

“Steekproef” verwys na 'n klein aantal gevalle wat by die navorsing ingesluit word en wat die populasie verteenwoordig. (Vergelyk Mouton, 1996:135; Babbie & Mouton, 1998:174.) In

hierdie studie bestaan die steekproef uit 'n gedeelte (ongeveer 70%) van CMR Daveyton se kliënte (pleegmoeders bo 50 jaar en middelkinderjarige pleegkinders).

'n *Nie-waarskynlike* steekproef sal geneem word. Tydens 'n nie-waarskynlike steekproef word proefpersone doelgerig en doelbewus gekies en het elke eenheid nie 'n gelyke kans op seleksie nie (Babbie, 1998:194). Die *steekproefneming* in hierdie navorsing sal *nie-ewekansig* uitgevoer word. Tydens 'n nie-ewekansige steekproefneming word die proefpersone *doelbewus*, volgens hulle *beskikbaarheid*, genader vir insluiting in die navorsing (Babbie, 1998:194). Hierdie wyse van steekproeftrekking staan as “doelbewuste” steekproeftrekking bekend (Delpont, 2002:207). Verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders met bindingsprobleme sal dus doelbewus uit CMR Benoni se kliënte geselekteer word.

Maatskaplike werkers van CMR Benoni sal eers die pleegmoeders en pleegkinders (sonder die navorser) by hul huise besoek en die doel van die navorsing aan hulle verduidelik. Die navorser sal daarna die respondente wat bereid is om aan die navorsing deel te neem, tydens 'n kantooronderhoud inlig aangaande die doel en prosedure van die navorsing. Indien taalkundige probleme voorkom, sal 'n maatskaplike werker (wat 'n bekende by die kantoor is en die teikengroep ken) as tolk optree.

Die proefpersone sal nie-ewekansig verdeel word in 'n eksperimentele en 'n vergelykendegroep (50% elk) deur 25 pleegouer-pleegkindpare vir die voor- en natoets te identifiseer. 'n Selektieringskriterium sal geld. Die betrokke maatskaplike werkers (drie persone) sal die proefpersone vanuit hul gevallelading identifiseer. Lêers van die proefpersone sal alfabeties gerangskik word en die eerste 25 pare sal die eksperimentele groep vorm en die program deurloop. Die oorblywende 25 pare sal die vergelykendegroep vorm en nie die program deurloop nie. Die *steekproefgrootte* vir hierdie studie sal dus 100 persone wees.

Kriteria vir die seleksie van die steekproef sal die volgende wees:

- Die pleegmoeders moet ouer as 50 jaar wees;
- Die pleegmoeders moet enkelouers wees;
- Die pleegmoeders moet deel van die swart bevolkingsgroep wees;
- Die pleegmoeders moet 'n grootmoeder van die pleegkind wees;
- Die biologiese moeder van die pleegkind moet oorlede wees;

- Die biologiese vader van die pleegkind moet oorlede of onopspoorbaar wees;
- Die pleegkind moet ingevolge Artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) in pleegsorg geplaas wees;
- Die pleegkind moet een jaar of langer in pleegsorg wees;
- Die pleegkind moet in sy/haar middel kinderjare (6-13 jaar) wees; en
- Die proefpersone moet beskikbaar wees om die groepwerk-bindingprogram wat ontwikkel gaan word te deurloop.

1.11 ETIESE ASPEKTE

Volgens Strydom (1998:25-35) het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Diensberoepe 'n kode vir eties korrekte, professionele optrede saamgestel. Dié etiese kode word in hierdie navorsing toegepas en behels die volgende:

1.11.1 Beskerming van proefpersone teen enige emosionele of fisiese skade

Alle proefpersone (pleegmoeders en pleegkinders) het die reg om vrywillig deel te neem aan die navorsing en ook om hul vrywillig daarvan te onttrek. Geen proefpersoon sal gedwing word om aan die navorsing deel te neem nie. Die navorser is opgelei as terapeut en sal bedag wees op enige emosionele of fisiese skade. Indien enige skadelike emosionele tendense tydens die navorsing waargeneem word, sal die proefpersone onttrek word en dadelik individuele intervensie by 'n maatskaplike werker ontvang.

Kultuursensitiewe intervensie is belangrik vir eties korrekte navorsing (Sewpaul, 2001:246). Volgens Webb (2001:3) het die maatskaplikewerk-professie vir baie generasies vanuit die standpunt vertrek dat dit oneties (en 'n vorm van mishandeling) is om die kliënt se kultuur te misken. In hierdie studie sal die kultuur van die proefpersone gerespekteer word.

1.11.2 Bekom ingeligte toestemming

Die proefpersone sal mondeling en skriftelik ingelig word oor die aard en doel van die navorsing. Die proefpersone en navorsers se handtekening sal op 'n kontrak verskyn wat aandui dat die proefpersone 'n vrywillige keuse tot deelname het en mag onttrek wanneer hulle wil.

Die navorsers het skriftelike toestemming van die Nederduits Gereformeerde Barmhartigheidsdiens (Suid-Transvaal) en CMR Daveyton bekom om hulle kliënte in hierdie navorsing te gebruik. Kyk Bylaag 4.

Skriftelike toestemming sal van die proefpersone bekom word om 'n videobandopname van die voor- en natoets en groepwerksessies te maak. Voorts sal prosesnotas gemaak word. Die videobandopnames sal gebruik word om die navorsingsresultate te kontroleer, maar sal aan geen welsynsorganisasie of opleidingsinstansie vertoon word nie.

1.11.3 Voorkom misleiding van proefpersone

Geen feite sal verbloem word nie. Die doel, prosedure en moontlike impak van die navorsing sal op so 'n wyse aan die proefpersone verduidelik word dat hulle dit verstaan en voorbereid is vir die program. Die deelnemers (die eksperimentele en vergelykendegroepe) se reg om vrae te vra oor die navorsing en om 'n kopie van die resultate te bekom sal gerespekteer word. Indien die deelnemers aandui dat hulle nie die inligting verstaan nie, sal dit breedvoeriger met behulp van 'n tolk (swart maatskaplike werker) aan hulle verduidelik word.

1.11.4 Voorkom skending van die privaatheid van die deelnemers

Die privaatheid van die deelnemers sal beskerm word deur skuilname of nommers te gebruik en hulle sal 'n skriftelike onderneming kry dat alle inligting wat hulle verstrek vertroulik hanteer sal word.

1.11.5 Kontrakte met samewerkers

Enige maatskaplike werker wat as tolk tydens die bindingsprogram optree sal 'n skriftelike ooreenkoms aangaan om alle inligting vertroulik te hanteer. Die navorser sal ook skriftelik onderneem om toe te sien dat die bindingsprogram na afloop van die navorsing aan die vergelykendegroep aangebied word.

1.11.6 Die navorser moet bevoeg en bedrewe wees

Die navorser beskik oor tien jaar praktykervaring. Sy het vir sewe jaar by die CMR gewerk. Sy het ook die graad MA (MW) (Speltherapie) in 1998 (met navorsing oor adolessente straatkinders) voltooi en deurlopend kursusse bygewoon, ook in die buiteland. Die volgende kursusse is van toepassing op hierdie navorsing:

- 1-2 Augustus 2002: The Introductory MIM – UNISA, Pretoria
- 8 November 2002: Intermediate MIM – UNISA, Pretoria
- 21-25 Januarie 2003: Introductory Theraplay and Marschak Interaction Method, Theraplay® Instituut, Illinois, Chicago, VSA
- 26 Januarie 2003: Introductory Group Theraplay, Theraplay® Instituut, VSA
- 26-27 Junie 2003: Bywoning van 'n Theraplay-konferensie, “Touching Hearts & Minds: Linking Theraplay Practice & Attachment Research”, Illinois, Chicago
- 28-30 Junie 2003: Advanced Theraplay & MIM, Theraplay® Instituut, VSA

Die Beroepsraad vir Sielkundiges is op 29 Julie 2003 geskakel om vas te stel of die MIM as sielkundige toets geklassifiseer is. Volgens Pieters (2003) is die MIM nie as 'n sielkundige toets geregistreer nie. Op 29 Junie 2003 is die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Maatskaplike Werk Diensberoepes gekontak in verband met toestemming om die MIM in hierdie navorsing te gebruik. Literatuur oor die MIM en MIMBRS is by die Raad ingedien. Pruis (2003) het die navorser verwittig dat die Raad kennis neem van die navorser se voorneme om die MIM in hierdie navorsing te gebruik.

1.11.7 Verantwoordelike hantering van die publikasie van resultate

Geen identifiserende besonderhede van die proefpersone sal bekend gemaak word nie. Die resultate sal beskikbaar gestel word in 'n proefskrif, artikels en vaktydskrifte. Die data sal na voltooiing van die proefskrif vernietig word.

1.11.8 Ontlading en herstel van proefpersone

Die proefpersone sal emosioneel voorberei word op die beëindiging van die program en, indien nodig, sal hul emosies ontlont word. Gratis intervensie sal na afsluiting van die program voorsien word aan daardie proefpersone wat 'n behoefte aan verdere intervensie het, en daar is reeds met CMR Daveyton reëlings in die verband getref. Die navorser sal in 'n raadgewende hoedanigheid beskikbaar wees om CMR Daveyton te help met die implementering van die program by die kontrolegroep.

1.12 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Ten einde verwarring sover moontlik te voorkom, is dit noodsaaklik om die betekenis van sentrale konsepte in die studie te gee. Vervolgens word verskillende begrippe gedefinieer wat verband hou met binding (die verskynsel wat ondersoek word) asook die persone wat by die navorsing betrek word.

1.12.1 Verskynsel-verwante definisies

● Die konsep “binding”

Aangesien “binding” sentraal tot 'n bespreking van die bindingstudieveld staan, word dit vervolgens gedefinieer.

- **Binding**

Levy en Orlans (1998:224) definieer die konsep “binding” soos volg: “Attachment is the enduring emotional connection between caregiver and child, characterized by the development of trust, security, and the desire for closeness, particularly when the

child is under stress.” James (1994:2) meld die volgende in die verband: “The most useful to me as a clinician is that *an attachment is a reciprocal, enduring, emotional, and physical affiliation between a child and caregiver.*” Barker (1991:18) definieer “binding” soos volg: “An emotional bond between individuals, based on attraction and dependence, which develops during critical periods of life ...”. Bowlby (1988: 26-27) omskryf die konsep “binding” as die kind se *emosionele* behoefte aan *kontak en nabyheid* aan ’n duidelik geïdentifiseerde individu wat hom/haar kan beskerm en versorg.

Volgens Cassidy (1999:12) verwys “binding” na ’n *emosionele* band wat een persoon met ’n ander persoon vorm, waar die individue *kontak en nabyheid* aan mekaar wil behou. Die skeiding of verbreking van hierdie emosionele band kan diep gevoelens van hartseer en verlies by die individue wek. Wanneer ’n ouer-kindbinding geborge (“secure”) is, ervaar die kind ’n gevoel van veiligheid, vertrouwe en *sekuriteit* by die ouer. Dit behels dat die kind sy/haar ouer as die enkele persoon beskou op wie hy/sy kan staatmaak om hom/haar te beskerm in tye van gevaar en op wie hy/sy kan reken vir oorlewing. (Vergelyk Holmes, 2000: 33-34; Eagle, 2000:128; Cassidy, 1999:12; Levy & Orlans, 1998:33; Magill, Rodriguez & Turner, 1996:208; Fraley, 2004/01/03; Broberg, 2001:332; Senior, 2002:248.)

Binding is nie gehegtheid nie. Gehegtheid hou verband met ’n proses wat tydens swangerskap en direk na geboorte begin en daarna geleidelik afneem. (Vergelyk Goldberg, 2000:8; Levy & Orlans, 1998:33.) Binding hou verband met ’n proses wat na geboorte begin en in omvang toeneem (Goldberg, 2000:8). (Vergelyk Magill, *et al.*, 1996:208.) In hierdie studie word onder binding dus na daardie *langtermyn* “gehegtheid” verwys wat na geboorte begin en lewenslank duur.

In hierdie studie verwys die konsep “binding” na emosionele nabyheid tussen pleegmoeder en pleegkind. Dit sluit die finansiële en fisiese versorging (aspekte soos voedsel, kleding en behuising) uit, alhoewel hierdie aspekte deel is van ’n gesonde ouer-kindverhouding. Die emosionele band tussen ’n ouer en kind kan waargeneem word met behulp van indikatore soos die ouer-kindpaar se gesigsuitdrukking wanneer hul na mekaar kyk, oogkontak, die kwaliteit van hul stemtoon, die ouer se reaksie op

die kind se behoeftes en die kind se aanvaarding van die ouer se uitreiking, hulpvaardigheid en spelerigheid (McKay, *et al.*, 1996:223-224).

● **Bindingsprobleme en bindingsprobleemtipologieë**

Die konsep “bindingsprobleem” word nie altyd duidelik omskryf nie. James (1994: 6-9) onderskei tussen (1) versteurde bindings, (2) bindingstrauma, en (3) bindingsprobleme. Die eerste probleem hou met *onsensitiwiteit* by die ouer verband, die tweede met die *dood* van ’n ouer en die derde met ’n ander trauma soos ’n ernstige siekte by die kind of ouer wat nabyheid en kontak belemmer. Levy en Orlans (1998:85) verwys na die totale afwesigheid van binding, angstige/ambivalente binding en bindingsversteurings. Main (2000:422-440) verwys na vier bindingspatrone, naamlik geborge bindings, vermydende bindings, weerstandige bindings en gedisorganiseerde/gedisoriënteerde bindings.

Vir die doeleindes van hierdie studie word Levy en Orlans (1998:85) se kategorisering van bindingsprobleme en bindingsprobleemtipologieë aanvaar omdat dit vanuit ’n maatskaplikewerk-perspektief aangebied word en die toepaslikste vir hierdie studie is. Die skrywers verdeel die konsep “bindingsprobleem” in drie onderlinge (hoewel nie-uitsluitende) kategorieë, naamlik:

- **Geen binding nie:** Hierdie kategorie hou verband met multi-gedepriveerde kinders wat in inrigtings grootword, met min geleentheid om met ’n volwassene te bind.
- **Angstige/ambivalente bindings:** Die oorsprong van hierdie bindingspatroon hou verband met kinders wat wel in hulle babajare ’n verhouding met ’n bindingsfiguur gevorm het, maar weens die moeder se ontoepaslike optrede teenoor die kind se behoeftes het die kind nie die vermoë ontwikkel om op ’n toepaslike wyse met die moeder of ander bindingfigure te bind nie.
- **Bindingsversteurings:** Hierdie kategorie hou verband met erge en ontwrigte skeiding en verlies van ’n bindingsfiguur. Dit lei tot intense ang by die kind. Hierdie kategorie stem dus ooreen met die teikengroep in hierdie studie aangesien die studie fokus op kinders wie se primêre bindingsfiguur of biologiese moeder oorlede is.

1.12.2 Definisies wat met die proefpersone verband hou

- **Gesin**

Die konsep “gesin” is ’n wyd variërende konsep (Kruger, 1997:298). In 1917 definieer Richmond (die fundeerder van maatskaplike werk) soos aangehaal deur Kruger (1997:298) die konsep “gesin” as “all who share a common table”. Haapala en Booth soos aangehaal deur Kruger (1997:298) definieer dit as volwassenes wat kontinuïteit, stabiliteit en leiding aan kinders bied. Hierdie skrywers verkies dus ook om vanuit ’n breë perspektief na die konsep “gesin” te kyk.

Goldstein, Solnit, Goldstein en Freud (1996:10) kom ook tot die gevolgtrekking dat “gesin” verwys na ’n funksionele eenheid waarin volwassenes verantwoordelikheid vir kinders se fisiese, psigiese en emosionele behoeftes aanvaar. ’n Interministeriële Komitee (Kruger, 1997:298) wat ondersoek ingestel het na kinders in risiko-omstandighede kompliseer die begrip verder, aangesien hulle verwys na “...persone wat wettig as ’n gesin beskou word en enige persoon of persone wat deur die jeugdige as ’n gesin beskou word”.

Van der Mey (soos aangehaal deur Bidwell, 2003/05/11) beskryf die gesin as ’n kollektiwiteit of kerngroep wat gewoonlik verwant is, ’n ekonomiese eenheid vorm en waarin die volwassenes verantwoordelikheid vir die kinders in hulle sorg aanvaar. Barker (1991:79-80) onderskei tussen ’n gesin en ’n uitgebreide gesin, die gesin synde ’n primêre groep waarin die volwassenes verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar en ’n gemeenskaplike woning deel, en die uitgebreide gesin synde ’n verwante groep persone wat uit familieleden soos grootouers, ooms, tantes, niggies en nefies bestaan. Die familieleden deel nie noodwendig ’n gemeenskaplike woning nie.

Samevattend kan gesê word dat dit moeilik is om die konsep “gesin” te definieer weens die verskeidendheid gesinstipes wat aangetref word. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word Levy en Orlans (1998:230) se definisie van gesin aanvaar omdat dit ruimte laat vir die bestudering van die moeder-kindverhouding as ’n unieke geheel. Levy en Orlans (1998:230) definieer naamlik die konsep as ’n geheel of sisteem wat uit verskillende subsysteme bestaan waarvan die moeder-kindpaar slegs *een aspek* of deel is. (Vergelyk Byngh-Hall, 1999:625; Kozłowska & Hanney,

2004/08/04.) Die woord “gesin” verwys dus in hierdie studie na die breë konteks waarbinne ’n moeder-en-kindpaar kan funksioneer selfs al bestaan die gesin uit meer as twee lede.

- **Diade (paar)**

Die konsep “diade” (paar) verwys na twee persone (soos ’n moeder en kind wat ’n eenheid vorm). Die American Heritage® Dictionary of the English Language (2004/08/26) definieer dit soos volg: “Two individuals or units regarded as a pair: *the mother-daughter dyad.*” Die Merriam-Webster Medical Dictionary (2004/08/26) se definisie lui soos volg: “Two individuals (as husband and wife) maintaining a sociologically significant relationship.” Die Word Net (2004/08/26) elektroniese woordeboek definieer dit as ’n item, soos ’n egpaar, paar, span of duet. Die begrip “diade” verwys dus na twee persone (’n paar) wat vir ontledingsdoeleindes as ’n geheel bestudeer kan word. (Vergelyk Kozłowska & Hanney, 2004/08/04; Byng-Hall, 1999:626.) Vir die doeleindes van hierdie studie word die verwante enkelouerpleegmoeder wat ’n kliënt van CMR Daveyton is en haar middelkinderjarige pleegkind as ’n diade (paar) beskou.

- **Enkelouergesin**

Die konsep “enkelouergesin” verwys na ’n gesin waar net een ouer teenwoordig is. Louw, Van Ede en Ferns (1998:362) definieer die tipe gesin soos volg: “*Enkelouergesinne* verwys na ’n situasie wat ontstaan wanneer die vader of moeder nie teenwoordig is nie weens faktore soos egskedding, verlating of die dood.” Perkins (2003/11/09) definieer dit as ’n gesinstipe waarin ’n volwassene alleen ’n minderjarige kind versorg. Delancy (2003/11/09) definieer ’n enkelouer as ’n persoon wat beide die rolle van vader en moeder in ’n gesin moet vervul. Die Medical Dictionary Search Engine (2003/11/09) definieer ’n enkelouer soos volg: “An unmarried natural, adoptive, or substitute parent of a dependent child, whether living with or visiting the child. The concept includes the never-married, as well as the divorced and widowed.” ’n Enkelouer is dus ’n volwasse persoon (in hierdie studie ’n vrou wat ouer as 50 jaar is) wat getroud of nooit getroud was nie en wat nie in ’n saamwoonverhouding met ’n persoon van die teenoorgestelde geslag betrokke is nie en wat saam met haar pleegkind/ers (wat ’n familielid/lede is) onder een dak woon. Die enkelouers wat aan hierdie studie deelneem is grootmoeder-pleegmoeders.

- **Pleeggesin**

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:49) definieer “pleeggesin” soos volg: “GESIN waarin een of meer PLEEGKINDERS versorg word.” (Beklemtoning soos in bron.) Hughes (1997:86) verwys na dié konsep ook as ’n gesin waarin pleegkinders versorg word. Temple-Poltz, Stricklett, Baker en Sterba (2002:13) verduidelik dat pleeggesinne kinders in substituutsorg geneem het en dat pleegouers al die rolle en funksies van ’n biologiese ouer vervul. In Suid-Afrika word ’n gesin as ’n “pleeggesin” aanvaar wanneer die pleegouer ’n sorgbehoewende kind ingevolge Artikel 15(1)(a) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) in pleegsorg geneem het. (Vergelyk Kleynhans, 2000:21-24; Gillwald, 2003/09/23.) Die pleeggesinne in die studie bestaan uit verwante enkelouerpleegmoeders en hul middelkinderjarige pleegkinders wat in Daveyton woon en kliënte van CMR Daveyton is.

- **Pleegsorg**

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:49) definieer die begrip “pleegsorg” soos volg: “Statutêre SUBSTITUUTSORG binne gesinsverband vir KINDERS wat op kort, medium of langtermyn nie deur hulle OUERS versorg kan word nie, terwyl dienste aan die ouers voortgesit word om die kinders binne ’n bepaalde tydsbestek weer in hulle sorg terug te plaas.” (Beklemtoning soos in bron.) Goldstein, *et al.* (1996: 14) dui aan dat pleegsorg gerig is op die substituuversorging van kinders. Barker (1991:86) definieer pleegsorg as die fisiese versorging van kinders wat nie by hul biologiese ouers kan woon nie.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word pleegsorg beskou as die substituuversorging van sorgbehoewende kinders wat ingevolge Artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) by ’n verwante enkelouerpleegmoeder in pleegsorg geplaas is. Die biologiese moeder van hierdie kinders is oorlede en die biologiese vader is oorlede of onopspoorbaar. Gesinshereniging is dus nie moontlik nie en hierdie pleegkinders is op ’n langtermynpleegplasing aangewese.

- **Pleegouer**

Volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) is 'n pleegouer enige persoon, behalwe 'n ouer of voog, in wie se sorg 'n kind geplaas is in terme van genoemde Wet. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:27) definieer die konsep “pleegouer” as 'n persoon wat nie die natuurlike ouer van die kind is nie en wat die kind ingevolge die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) versorg. Goldstein, *et al.* (1996:14) definieer die konsep as 'n volwasse persoon met wie die staat 'n ooreenkoms aangaan om 'n sorgbehoewende kind te versorg. Hughes (1997:40) meld dat pleegouers hulle daartoe verbind het om 'n pleegkind as deel van hulle gesin groot te maak. Swanepoel en Wessels (1992:7) dui aan dat pleegouers aan dieselfde standaard as aanneemouers moet voldoen. Laasgenoemde skrywers verleen erkenning aan die feit dat sommige pleegkinders nie in hul ouers se sorg teruggeplaas kan word nie.

'n Pleegouer is dus 'n volwasse persoon wat ingevolge Artikel (15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) as “pleegouer” van 'n spesifieke kind aangestel is. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is 'n pleegouer 'n volwasse vroulike persoon en enkelouer wat 'n kind van haar familie in pleegsorg neem. Die pleegouers in hierdie navorsing is ook vir pleegsorgtoesig by CMR Daveyton inskakel.

- **Kind-in-risiko-omstandighede**

Die konsep “kind-in-risiko-omstandighede” (“child at risk”) verskyn dikwels in regsdokumente. Hierdie konsep verwys na kinders wat tuis die gevaar loop om mishandel, verwaarloos of verlaat te word. Levy en Orlans (1998:221) meld die volgende in die verband: “More than half the children in the adoption/foster care system are considered high-risk because of prenatal vulnerabilities, problems resulting from early maltreatment, multiple out-of-home placements, and compromised attachment.” Dit sluit ook kinders in wie se maatskaplike welsyn deur ander ongunstige omstandighede benadeel word. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998: 211; Hughes, 1997:36.)

- **Pleegkind**

Die konsep “pleegkind” verwys na kinders wat in risiko-omstandighede verkeer het en deur ’n Kinderhof in pleegsorg geplaas is. Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) definieer die konsep “pleegkind” as “any child who has been placed in the custody of any foster parent in terms of Chapter 3 or 6 of this Act or section 290 of the Criminal Procedure Act (Act 51 of 1997)”. Goldstein, *et al.* (1996:15) wys daarop dat pleegkinders tydelik in pleegsorg geplaas word. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:26) definieer die konsep “pleegkind” soos volg: “CHILD who, in accordance with legislation, is placed in the CARE of a FOSTER PARENT.” (Beklemtoning soos in bron.)

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die konsep “pleegkind” gedefinieer as ’n kind tussen die ouderdom ses en dertien jaar wat ingevolge Artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) in pleegsorg geplaas is en wie se biologiese moeder oorlede is en wie se biologiese vader oorlede of onopspoorbaar is. Hierdie kind woon by ’n verwante enkelouergrootmoeder-pleegmoeder wat ’n kliënt van CMR Daveyton is.

- **Swart persoon**

Volgens Artikel 47 van die Publikasie Wet, 1974 (Wet No. 42 van 1974) mag geen persoon te na gekom word in die beskrywing van uiterlike eienskappe nie. Definisies van die konsep “swart persoon” is beperk. Volgens Hyperdictionary (2003/09/23) is “swart persoon” ’n mens “with dark skin who comes from Africa (or whose ancestors came from Africa)”.

Vir die doeleindes van die navorsing sal “swart persoon” gebruik word om te verwys na persone wat deel is van die swart bevolking in Suid-Afrika. Daar sal in die navorsing geen onderskeid tussen kulture binne die swart bevolkingsgroep (bv. Xhosa, Sotho) getref word nie.

13. SAMESTELLING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

- Hoofstuk 1: Algemene oriëntering tot die studie
- Hoofstuk 2: 'n Literatuurverkenning van die studiegebied van “binding”
- Hoofstuk 3: Die middelkinderjarige pleegkind met 'n bindingsversteuring
- Hoofstuk 4: Die verwante enkelouerpleegmoeder
- Hoofstuk 5: 'n Bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders
- Hoofstuk 6: Die empiriese navorsingsresultate
- Hoofstuk 7: Samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings

14. SAMEVATTING

Die navorser het vanuit praktykervaring en interaksie met maatskaplike werkers en welsynsorganisasies 'n behoefte aan 'n bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders geïdentifiseer. 'n Meervoudige navorsingsbenadering, naamlik 'n positivisties-humanistiese, kwalitatief-kwantitatiewe benadering, is gebruik om data in te samel vir 'n verkennende, ontwikkelingstudie.

Die doel van die navorsing is om 'n bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders te ontwikkel, te implementeer en empiries te toets. Die kwalitatiewe benadering is gevolg om die subjektiewe ervarings van 'n groep verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders tydens die implementering van die program waar te neem en te beskryf. Die kwantitatiewe benadering is gevolg om die impak van die bindingsprogram empiries te toets. Ten einde dié doel te bereik is die volgende doelwitte gestel: Om 'n kennisraamwerk ten opsigte van die verskynsel “binding” in pleegsorg op te bou; om 'n teoretiese bindingsprogram te ontwikkel, tentatief te toets en aanpassings te maak waar nodig; om die program uiteindelik by 25 pleegmoeders en pleegkinders te implementeer; en om die impak van die program waar te neem deur die resultate van 'n voor- en natoets te vergelyk. Altesaam 25 moeder-kindpare in 'n eksperimentele groep sal die program deurloop, en hulle sal vergelyk word met 25 moeder-kindpare wat nie die program sal deurloop nie. Die respondente (pleegmoeders bo 50 jaar en middelkinderjarige pleegkinders) sal op 'n nie-ewekansige wyse uit CMR Daveyton se gevallelading gewerf word.

Hierdie studie sal deur die volgende navorsingsvraag gerig word: Wat is die ervarings van 'n groep verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders tydens die implementering van die program? Die hipotese lui soos volg: Indien die bindingsprogram toegepas word, sal die binding van 'n groep verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders verbeter.

Rothman en Thomas (in De Vos, 2002c:396-414) se model vir intervensienavorsing sal benut word om die program te ontwikkel. Hierdie model bestaan uit ses fases waarvan die eerste vyf toegepas word. Tydens die eerste fase word die probleem ontleed. Met die tweede fase word inligting versamel en navorsingsdeelnemers by die projek betrek. Gedurende die derde en vierde fases word 'n bindingsprogram tentatief ontwerp en getoets om leemtes te identifiseer. Daarna word die program volledig geïmplementeer en die uitkomstempiries getoets om uiteindelik in 'n gebruikersvriendelike dokument omskep te word.

'n Kwasi-eksperimentele ontwerp, naamlik 'n vergelykendegroep wat aan 'n voor- en natoets onderwerp word, sal gebruik word om die program empiries te toets. Verder sal 'n kollektiewe gevallestudie benut word om die respondente se subjektiewe ervarings van die program waar te neem.

Die kwantitiewe data sal met behulp van 'n bestaande bindingsmetingskaal ingesamel en daarna statisties verwerk word. Die kwalitatiewe data sal met behulp van analitiese induksie verwerk word.

HOOFSTUK TWEE

'N LITERATUURVERKENNING VAN DIE STUDIEGEBIED VAN BINDING

*“There is nothing so practical as a good theory, and,
of course, nothing so handicapping as a poor one.”*

Kurt Lewin (in Bowlby, 1988:37)

2.1 INLEIDING

Met die uitsondering van waarskynlik 'n baie klein groepie sosiaalwetenskaplikes sal kundiges breedweg akkoord gaan dat geen behoorlike navorsing moontlik is as dit nie minstens deels op reeds bestaande literatuur gegrond is nie (Creswell, 2003:30). Veral die kwantitatiewe navorsingsbenadering veronderstel 'n literatuurverkenning om die navorsingsontwerp, die uitvoering van die ondersoek en die interpretasie van die verkreeë data te rig (Creswell, 2003:31-32). Creswell (2003:29-33) onderskei die volgende funksies van 'n literatuurstudie:

- Dit verskaf 'n aanduiding dat die navorser bestaande en relevante literatuur bemeester het.
- Dit help met die bepaling van die ooreenkomste en verskille tussen bestaande navorsing en dié van die nuwe navorsing.
- Dit verskaf 'n basis waarvolgens die bydrae van die nuwe ondersoek tot bestaande kennis bepaal kan word.
- Dit verskaf die grondslag van 'n konseptuele raamwerk vir 'n beplande ondersoek.

Dit is dan ook in die onderhawige studie noodsaaklik dat bestaande sosiaalwetenskaplike werk oor kern abstrakte sosiaalwetenskaplike konsepte en/of empiriese navorsingsbevindings oor

binding nagegaan sal word met die oog op die ontwikkeling van die beoogde program. In hierdie hoofstuk word werke en bydraes oor binding deur plaaslike en buitelandse kundiges bespreek. Die literatuur verwys na vier hoofstroombenaderings, naamlik die psigoanalitiese, behavioristiese en kognitiewe benaderings, en bindingsteorie. Die geskiedenis van die bindingstudieveld word egter eers kortliks uiteengesit.

2.2 HISTORIESE OORSIG

Die bindingsbehoefte van babas en kinders is tot ongeveer die 1950's oor die hoof gesien (Levy & Orlans, 1998:13). Pleegkinders is byvoorbeeld verhoed om met pleegouers te bind deur hulle elke ses maande na nuwe pleegouers te verskuif. Ouers is ook verbied om kinders in hospitale te besoek uit vrees dat kieme versprei sal word. (Vergelyk Kobak, 1999:22; Goldberg, 2000:4.) Voornemende aanneemouers is ontmoedig om kinders te gou aan te neem aangesien dit “beter” was om te wag en kyk of die kind dalk gebreke het. (Vergelyk Grossmann, 2000:9; Karen, 1994:16.)

Loretta Bender (Karen, 1994:16; Levy & Orlans, 1998:14) het waargeneem dat pleegkinders “emosieloos” voorkom en dié verskynsel verder nagevors en bevind dat hierdie kinders “psigopatiese persoonlikhede” ontwikkel as gevolg van emosionele verwaarlosing in hul vormingsjare. David Levy (in Karen, 1994:11) het *moederlik gedepriweerde* kinders bestudeer en bevind dat hulle gedrags- en emosionele probleme ondervind. (Vergelyk Holmes, 2000:29; Levy & Orlans, 1998:14.) Ainsworth (in Karen, 1994:126) definieer die konsep “moederlike deprivasie” soos volg: (1) Die moeder se versorging is afwesig; (2) die moeder se versorging is ontoereikend; en (3) die moeder se versorging is beëindig of die kind is herhaaldelik aan verskillende primêre versorgers blootgestel.

Harold Skeels (in Goldberg, 2000:4) en René Spitz (in Karen, 1994:21-24) het moederlik gedepriweerde kinders in inrigtings (kinderhuise en hospitale) bestudeer en emosionele, kognitiewe en fisiese agteruitgang by hierdie kinders waargeneem. Op grond van sy

waarnemings het Spitz die film “*Grief: A Peril in Infancy*” vervaardig wat deur duisende professionele persone besigtig is (Karen, 1994:22-23).¹

Spitz se film het so ’n groot emosionele impak op professionele persone gehad dat een na afloop van die film met trane in sy oë aan Spitz gevra het: “How could you do this to us?” Sommige professionele persone het egter nie met Spitz se film saamgestem nie. Hulle het vir lank oor Spitz se gevolgtrekkings oor die kind se emosionele response op langdurige skeiding van die moederlike figuur gedebatteer (Karen, 1994:24).

In teenstelling tot Spitz wat op die emosionele agteruitgang van moederlik gedepriveerde kinders gefokus het, het John Watson gefokus op kinders se waarneembare gedrag wanneer hulle met liefde en aandag “bederf” word (Karen, 1994:3). Watson postuleer dat moeders se sensitiewe reaksie op kinders se behoeftes potensieel “gevaarlik” vir die vorming van kinders se karakters is omdat dit afhanklikheid kweek. Hy was dus gekant daarteen dat babas opgetel word wanneer hulle huil, of gevoed word wanneer hulle honger is. Hy het aan ’n streng roetine en gekontroleerde voedingstye met min fisiese kontak geglo. John Watson (in Karen, 1994:3) was die volgende mening toegedaan in die boek *Psychological care of infant and child* (1928):

¹ Dis ’n swart-en-wit film en bestaan uit titelkaarte wat die agteruitgang van ’n gedepriveerde kind reflekteer. Die film begin met ’n klein swart baba genaamd “Jane” wat in ’n ongeïdentifiseerde inrigting gelaat word. Die moeder is weens omstandighede gedwing om haar baba vir drie maande in die inrigting te laat. Jane is aanvanklik ’n gelukkige, glimlaggende baba wat positief reageer wanneer volwassenes met haar speel. Die film fokus dan op Jane een week later. Dit is moeilik om te glo dat dit dieselfde kind is. Sy lyk depressief – haar oë bly soekend, sy reageer nie op enige toenadering nie, behalwe om te frons en te huil. ’n Vriendelike manlike figuur (Spitz self) probeer om haar te troos maar sy reageer nie op sy vertroosting nie. Sy skop en huil bitterlik. ’n Titelkaart verduidelik dat Jane se trane en die hartseer uitdrukking op haar gesig die hele drie maande geduur het terwyl die moeder weg was. Hierna fokus die film op verskeie sorgelyke kinders wat dieselfde kenmerkende emosionele response toon. Karen (1994:22) meld die volgende in die verband: “Looking at this child, we feel we are experiencing sadness at its ultimate depth, the most profound grief imaginable.”

Treat them as though they were young adults. Dress them, bathe them with care and circumspection. Let your behavior always be objective and kindly firm. Never hug and kiss them, never let them sit on your lap. If you must, kiss them once on the forehead when they say goodnight. Shake hands with them in the morning. Give them a pat on the head if they made an extraordinary good job of a difficult task.

Gelukkig het daar 'n nuwe, meer kindvriendelike benadering onder geesteswetenskaplikes in die 1900s posgevat, waarvan John Bowlby die pionier was (Levy & Orlans, 1998:13). Bowlby word beskou as die grondlegger van die bindingsteorie. Hy was die eerste persoon wat die konsep “binding” met betrekking tot die moeder-kindverhouding gebruik het (Ainsworth, 1969:971). As gevolg van Bowlby se belangrike bydrae word sy werk, dié van sy kollega Ainsworth en belangrike kruiskulturele studies waarin laasgenoemde se werk nagevolg is, vervolgens bespreek.

2.2.1 Agtergrond oor John Bowlby

Edward John Mastyn Bowlby (1907-1990) was 'n Britse psigiater en sielkundige. (Vergelyk Peters, 1999:102; Levy & Orlans, 1998:13; Cassidy, 1999:3.) Sy vader was 'n baron en mediese dokter van die koning. Bowlby het opleiding aan die Universiteit van Cambridge ontvang (Cassidy, 1999:3). Hy het terselfdertyd opleiding in psigoanalise ontvang en volgens die gebruik van daardie tyd homself ook aan psigoanalise onderwerp. Sy mentor was Joan Riviere. Bowlby het nie goed met sy mentor oor die weg gekom nie omdat hy nie altyd met die beginsels van psigoanalise saamgestem het nie. (Vergelyk Bretherton, 2000:64; Goldberg, 2000:5; Karen, 1994:32.)

Bowlby se eerste artikel, “Forty-Four Juvenile Thieves: Their Characters and Home-Life”, is in 1944 in die *International Journal of Psycho-Analysis* gepubliseer. Dit was die eerste artikel oor binding wat met statistieke toegelig is. Die artikel was op Bowlby se waarneming van 44

jeugmisdadigers en hul behoefte aan 'n betroubare moederfiguur in hul vroeë kinderjare gebaseer. (Vergelyk Cassidy, 1999:3; Senior, 2002:248; Schuengel & Van Ijzendoorn, 2001:239; Bretherton, 2000:47; Goldberg, 2000:5; Kobak, 1999:23; Karen, 1994:59.)

Bowlby (in Bretherton, 2000:54-56) se eerste formele stellings oor die bindingsteorie is in 1958, 1959 en 1960 aan die British Psychoanalytic Society in Londen voorgelê. Dit titels van dié manuskripte was soos volg:

- “The Nature of the Child’s Tie to His Mother” (1958);
- “Separation Anxiety” (1959); en
- “Grief and Mourning in Infancy and Childhood” (1960).

Die manuskripte is baie gekritiseer en dikwels totaal verwerp. Bowlby het lid van die British Psychoanalytic Society gebly maar hulle nooit weer as forum gebruik om sy teorie te bespreek nie (Bretherton, 2000:56). Vandag word Bowlby se teorie deur meer as 2 000 navorsingstudies gerugsteun (Cassidy & Shaver, 1999:x).

James Robertson was 'n maatskaplike werker wat navorsing vir Bowlby gedoen het. Hy het kinders se reaksies op langdurige skeiding van die moeder verfilm. (Vergelyk Holmes, 2000:25; Bretherton, 2000:50; Kobak, 1999:24; Peters, 1999:102; Senior, 2002:248.) Vanuit hierdie navorsing het Bowlby en Robertson die volgende fases van die rouproses wat volg op langdurige skeiding van die moeder geïdentifiseer:

- Fase een: Protes of vrees, verwardheid, hartseer en 'n angstige soeke na die moeder.
- Fase twee: Wanhoop of depressie en 'n gebrek aan belangstelling in die omgewing en voedsel.
- Fase drie: Losmaking of ongeërgdheid, gebrek aan emosionele kontakmaking as die moeder na 'n lang tydperk gesien word, en “emosieloosheid” as sy vertrek.

Bowlby het gepostuleer dat bogenoemde rouproses by babas, kinders en volwassenes voorkom wanneer binding plaasgevind het en die bindingsfiguur nie voortdurend beskikbaar is nie (Bretherton, 2000:55).

Elizabeth Kübler-Ross het in 1970 vermeld dat Bowlby en Robertson se navorsing haar baie gehelp het om die stadiums van die rouproses by persone wat terminaal siek is te identifiseer,

naamlik ontkenning, woede, onderhandeling (“bargaining”), depressie en aanvaarding (Bretherton, 2000:56-57). Bowlby en Kubler-Ross se waarnemings van die rouproses stem dus in breë trekke ooreen.

In 1950 het Bowlby vir Mary Ainsworth as navorser aangestel – tot groot voordeel van die bindingsteorie.

2.2.2 Die bydrae van Mary Ainsworth

Mary Dinsworth Salter Ainsworth (1913-1999) was ’n Kanadese sielkundige wat haar doktorsale proefskrif op die teorie van William Blatz se sekuriteitsteorie gebaseer het. Volgens die teorie is die kind se gevoel van sekuriteit in die ouer-kindverhouding baie belangrik. (Vergelyk Karen, 1994:131-132; Goldberg, 2000:6; Bretherton, 2000:50; Levy & Orlans, 1998:15.)

Ten einde onakkurate aannames oor die moeder-kindbindingsproses te vermy, het Ainsworth volgens Goldberg (2000:7) kruiskulturele navorsing in Uganda en Baltimore (VSA) gedoen. (Vergelyk Karen, 1994:134; Levy & Orlans, 1998:15-16.) Ainsworth, Blehar, Waters en Wall (1978:36-39) het ’n gestandaardiseerde meetinstrument genaamd die “*Strange Situation*” vir laasgenoemde studie ontwikkel om die moeder en kind onder laboratoriumtoestande aan twee skeidings en twee herenigings bloot te stel. Vanuit hierdie navorsing het Ainsworth, *et al.* (1978:310-320) drie duidelike bindingspatrone by moeders en babas van 12 maande geïdentifiseer, naamlik geborge bindings (hegte, gesonde bindings), vermydende bindings (die kind vermy interaksie met die moeder), en weerstandige bindings (die kind tree ambivalent op en skei moeilik van die moeder). (Vergelyk Goldberg, 2000:7; Bretherton, 2000:64; Cassidy, 1999:4; Vance & Pumariega, 2001:388; Main, 2000:413; Solomon & George, 1999:290-291; Senior, 2002:252-253; Whitten, 1994:30; Karen, 1994:151.)

Die assessering van bindingspatrone volgens die Strange Situation-prosedure is beperk tot kinders van 12 tot 18 maande en is nie geskik vir die assessering van bindingspatrone by ouer kinders nie (Goldberg, 2000:27). Ander sielkundige meetinstrumente genaamd die “*Bindings Q-Sort*” en die “*Pederson-Moran Home Assessment*” (Goldberg, 2000:27-32) is later ontwikkel om bindingsgedrag by ouer kinders waar te neem.

Die Marschak Interaksionele Metode (MIM) is in 1958 deur 'n sielkundige (Marianne Marschak) ontwikkel vir die waarneming van ouers en kinders se verhouding, insluitend hul bindingsgedrag. Die MIM is later deur haar dogter Anne Jernberg aangepas vir gebruik deur maatskaplike werkers en sielkundiges. (Vergelyk Jernberg & Booth, 1999:69; Lindaman, Booth & Chambers, 2000:371; Whitten, 1994:43.) 'n Eensydige benutting van slegs een tegniek (soos die MIM) tydens die assessering van ouers en kinders se bindingsgedrag word egter nie aanbeveel nie (Lindaman, *et al.*, 2000:394). Levy en Orlans (1998:82) maak byvoorbeeld van die volgende databronne gebruik, wat ook deur maatskaplike werkers benut kan word:

- Onderhoudvoering met ouers;
- Onderhoudvoering met kinders;
- Tuisbesoeke; en
- Psigodiagnostiese data soos assesserings deur professionele persone soos sielkundiges, psigiaters, arbeidsterapeute, onderwysers en predikante.

2.2.3 Bevestiging van Ainsworth se navorsing

Ainsworth se navorsing oor binding het verskeie soortgelyke navorsingsondersoeke tot gevolg gehad, naamlik oor die verband tussen binding en objekpermanensie; binding en spel; binding en portuurgroepverhoudings; vader-kindbinding; binding en dagsorg; en binding by dowe kinders. (Vergelyk Bretherton, 2000:64-65.) Die Universiteit van Minnesota het Ainsworth, *et al.* (1978:310-320) se studie in 'n longitudinale studie van 20 jaar met 'n hoërisikopopulasie (gedepriiveerde moeders) opgevolg en die bestaan van bindingspatrone bevestig. (Vergelyk Bretherton, 2000:65; Karen, 1994:166-169; Weinfeld, Sroufe, Egeland & Carlson, 1999:76-77.) Die Amerikaanse National Institute of Child Health and Human Development (NICHD) (2001:847-862) het ook Ainsworth se navorsing in 'n longitudinale studie met 1 367 proefpersone opgevolg en haar belangrike bydrae tot die identifisering van moeders en kinders se bindingsgedrag bevestig. Al die voorafgaande studies het bevestig dat die sensitiewe moeder wat in aanvoeling is met haar kind se behoeftes en op 'n konsekwente wyse daarop reageer beter met haar kind bind as die moeder wat nie met sensitiwiteit en konsekwentheid op haar kind se behoeftes reageer nie (Belsky, 1999:249).

2.2.4 Kruiskulturele studies

Ainsworth se navorsing is verder op internasionale vlak herhaal. Van Ijzendoorn en Kroonenberg (1988:147-156) het in 1988 'n soortgelyke studie gedoen. Data is vanuit agt lande ingesamel, naamlik Duitsland, Brittanje, Nederland, Swede, Israel, Japan, China en die VSA. Altesaam 1 990 navorsingsondersoeke is geïdentifiseer. In al hierdie studies is Ainsworth se navorsing bevestig en kruiskulturele verskille uitgewys.

Samevattend kan daar gekonstateer word dat Bowlby en Ainsworth elke aspek van die moeder-kindbindingsproses probeer evalueer het ten einde te bepaal wanneer binding plaasvind en of dit werklik van belang vir die mens se ontwikkeling is. Daaropvolgende navorsing het bevind dat binding in die eerste jaar plaasvind en dat die aard en kwaliteit van die baba en moeder se binding reeds op 12 maande geïdentifiseer kan word.

Vervolgens word die belangrikste teoretiese benaderings tot binding toegelig.

2.3 TEORETIESE BENADERINGS

Geesteswetenskaplikes maak van verskeie persoonlikheidsontwikkelingsteorieë gebruik om die vele fasette van die fenomeen “binding” te verstaan. 'n Persoonlikheidsontwikkelingsteorie is 'n denkraamwerk wat gebruik word om die invloed van 'n bepaalde fenomeen op persoonlikheidsontwikkeling te verklaar (Meyer & Van Ede, 1998:43-44). Die aandag word eerstens by die psigoanalitiese benadering bepaal.²

2.3.1 Die klassieke psigoanalitiese benadering

Die grondlegger van die psigoanalitiese benadering was Freud (Meyer & Van Ede, 1998:45). Freud is in Oostenryk gebore en het sy teorie in die vroeë 1900's ontwikkel (Hook & Watts, 2002:57-58). Volgens Watts (2002a:50-55) is Freud se teorie op die volgende aannames gebaseer:

- Ervarings in die kinderjare het langtermyngevolge op die persoon se gedrag.

² *Ter wille van eenvoud word daar hierna deurgaans na die maternale ouer en manlike kind verwys. Sluit egter daaronder ook die paternale ouer en vroulike kind in..*

- Psigoseksuele ontwikkelingstake moet in elke fase voltooi word sodat die mens psigies normaal kan ontwikkel. Hierdie take behels die volgende: skeiding van die moeder se bors (orale fase), bemeestering van die uitskeidingsorgane (anale fase), hantering van die bewuswording van geslagsorgane (falliese fase), hantering van onderdrukte emosies (latente fase), en hantering van seksuele drange (genitale fase).
- Die persoon se gedrag word deur interaksie tussen die id (onbewuste), die ego (bewuste) en die superego (samelewingsreëls vir korrekte gedrag) bepaal. Die interaksie hou verband met dit wat die persoon dadelik wil hê (die id), wat die samelewing verbied (die superego) en 'n keuse tussen hierdie twee pole (die ego). (Vergelyk Vance & Pumariega, 2001:384; Eagle, 2000:141; Stern, 2000:238.) Daar is dus voortdurend interaksie (of konflik) tussen die id, ego en superego. (Vergelyk Fonagy, 1999:597; Meyer & Van Ede, 1998:45; Hook & Watts, 2002:60.)

Volgens Fonagy (1999:596) behels Freud se teorie met verwysing na die moeder-kindverhouding die volgende:

Die mens se eerste ontwikkelingsfase hou met orale stimulasie of stimulasie van die mond verband. Bevrediging van die baba se honger is dus baie belangrik. Die baba is “afhanklik” van die moeder om sy libido-energie, wat by sy erogene sone (sy mond) manifesteer, te verlig. Vanuit die bevrediging van dié eerste drang ontstaan 'n emosionele verhouding met die moeder. Die konsep “afhanklikheid” is gebruik om die moeder-kindverhouding te beskryf omdat daar gereken is dat die kind uiteindelik daaraan gewoond raak om op die moeder te steun vir die bevrediging van sy drange. Indien die kind te gou gespeen word of van die moeder se bors ontnem word, kan fiksasie op die orale fase voorkom. Dit behels dat die kind later oraal gebaseerde drange kan openbaar soos duimsuig, naelbyt, vetsug en rook. (Vergelyk Hook & Watts, 2002:62-68; Eagle, 2000:145; Adam, Keller & West, 2000:311; Stern, 2000:235; Fonagy, 1999:596-600.)

2.3.1.1 *Evaluering van die klassieke psigoanalitiese benadering*

- Bowlby se grootste kritiek teen die psigoanalitiese benadering was dat Freud aannames oor kinders se gedrag op grond van volwassenes se herinneringe aan hulle

kinderjare gemaak het. (Vergelyk Meyer & Van Ede, 1998:50; Holmes, 2000:27; Hook & Watts, 2002:86.) Volgens Karen (1994:170) het Freud nooit die moeder-kindinteraksie self empiries waargeneem nie.

- Na deeglike navorsing oor die onderwerp het Bowlby bevind dat voedsel nie van deurslaggewende belang in binding is nie (Bowlby, 1988:25-26; Karen, 1994:93). Bowlby (in Karen, 1994:93) het waargeneem dat sommige moeders wat borsvoed nie met hul kinders bind nie terwyl sommige moeders wat bottelvoed wel 'n goeie binding met hul kinders het. Harlow (in Suomi, 1999:182-183) se navorsing met resusape het hierdie aanname bevestig. Harlow het naamlik bevind dat binding verband hou met die kontak en gemak wat 'n sagte moederfiguur bied en dat voedsel nie van belang is nie (Grossmann, 2000:88).
- Verskeie skrywers (vergelyk Meyer & Van Ede, 1998:50; Hook & Watts, 2002:86) is van mening dat Freud se teorie eensydig op psigoseksuele ontwikkeling fokus en deur die seksuele taboes van sy tydsges ontlok is.

Vanuit Freud se klassieke psigoanalitiese benadering het verskeie ander psigoanalitiese verklarings vir die moeder-kindbindingsproses ontwikkel (Fonagy, 1999:595-620). Die volgende teorieë sal vervolgens bespreek word:

- Erik Erikson se teorie van egosielkunde;
- Anna Freud se ontwikkelingsteorie;
- Margaret Mahler se teorie van simbiose en individualisering;
- Melanie Klein se objekverhoudingsteorie;
- Donald Winnicott se teorie van die vals en ware self; en
- Daniel Stern se teorie oor aanvoelingshandelinge.

2.3.1.2 Die teorie van Erik Erikson

Volgens Bretherton (2000:54) het Erik Erikson Bowlby se lesings vanaf 1953 tot 1956 bygewoon en in breë trekke met hom saamgestem. (Vergelyk Fonagy, 1999:599-600.) Erikson het 'n teorie oor die ontwikkeling van 'n eie identiteit of egodrang (rasionele aspekte) ontwikkel

(Meyer & Van Ede, 1998:51). Met betrekking tot die moeder-kindverhouding het hy op die volgende gefokus:

- Tydens die eerste fase van ontwikkeling (geboorte tot 1 jaar) moet die ego 'n sinergisme tussen twee pole bereik, naamlik basiese vertrouwe teenoor basiese wantroue in die moeder. Hierdie ontwikkelingstaak vorm die basis van die moeder-kindverhouding. (Vergelyk Hook, 2002:267-268; Meyer & Van Ede, 1998:52; Stern, 2000:19-20; Karen, 1994:170.) As die moeder konsekwent op die baba se behoeftes reageer ontwikkel hy 'n *basiese vertrouwe* in haar. Volgens Fonagy (1999:599) definieer Erikson die konsep “basiese vertrouwe” as die vermoë “to receive and accept what is given”. As die moeder nie konsekwent reageer nie ontwikkel die baba *basiese wantroue* in haar. (Vergelyk Fonagy, 1999:600; Hook, 2002:283; Holmes, 2000:52; Karen, 1994:38.)
- In die tweede fase (1 tot 3 jaar) moet die kind 'n sinergisme tussen *twyfel* en *wilskrag* bereik. Kinders moet leer om meer selfstandig te funksioneer soos om self te eet en hulself aan te trek. Wanneer die kind nie selfstandigheid aanleer nie, ontwikkel hy 'n gevoel van skaamte en twyfel in sy eie vermoëns. Ouers is die primêre sosialisering-agente wat die kind hiermee moet help (Hook, 2002:271-273).
- Die derde psigososiale ontwikkelingsfase strek vanaf 3 tot 6 jaar. Tydens hierdie fase moet die kind 'n ontwikkelingstaak voltooi wat verband hou met die bereiking van 'n sinergisme tussen *skuldgevoelens* en *doelgerigte gedrag*. Kinders in hierdie fase wil soms verantwoordelikheid vir aspekte aanvaar wat hulle vermoëns oorskry. Hulle stel ook soms doelstellings wat teenstrydig is met hul ouers se doelstellings. Die primêre sosialiseringstaak van die ouer is dus om die kind te leer om inisiatief te neem terwyl hulle ander se regte, voorregte en behoeftes in ag neem (Hook, 2002:271-277).
- Die vierde psigososiale ontwikkelingstaak moet tussen 6 en 12 jaar bemeester word. Dit behels dat die kind 'n sinergisme tussen *arbeidsaamheid* en *minderwaardigheid* moet bereik ten einde 'n gevoel van bekwaamheid te kan ontwikkel. Kinders in hierdie fase begin gewoonlik met formele skoolopleiding en moet leer om by portuurgroeplede en hul nuwe akademiese rol aan te pas. In die fase moet die

middelkinderjarige kind dus leer om pligsgetrou en met selfvertroue te funksioneer (Hook, 2002:277-279).

- Die vyfde fase strek vanaf ongeveer 12 tot 20 jaar. Tydens hierdie fase moet die persoon 'n sinergisme tussen verwarring en betroubaarheid bereik. Die adolescent moet leer om 'n eie *identiteit* te vestig deur vir homself uit te maak wie hy is (Hook, 2002:279-284).
- Tydens die sesde fase moet die jong volwassene (20-40 jaar) 'n ontwikkelingstaak voltooi wat met *intimiteit* teenoor *isolasie* verband hou (Hook, 2002:284-287). (Hierdie aspek is nie op hierdie navorsing van toepassing nie).
- Die sewende fase (40-65 jaar) hou verband met die oplossing van 'n psigososiale krisis wat met *generatiewiteit* of *stagnasie* verband hou. Volwassenes raak byvoorbeeld produktief betrokke by hulle werk en kinderopvoeding. Persone wat nie hierdie verantwoordelikhede wil aanvaar nie, kan stagneer in hul ontwikkelingsproses of selfgesentreerd raak (Hook, 2002:287-288). Hierdie aspek is op die pleegmoeders in hierdie navorsing van toepassing.
- Tydens die laaste fase dink die bejaarde oor sy lewe na en besin of sy lewe sinvol was en/of daar onvervulde wense en doelstellings is (Hook, 2002:288).

Die bindingsteorie en egosielkunde verskil soos volg: Erikson het op die ontwikkeling van die *ego* gefokus terwyl Bowlby op *binding* gefokus het. Egokwaliteite hou met die mens se besluitnemingsprosesse verband terwyl binding met die kind se gevoel van sekuriteit binne die ouer-kindverhouding verband hou. Egosielkunde verleen verder voorkeur aan *individuele* egokwaliteite wat kontrasterend is met die bindingsteorie se fokus op *interpersoonlike* verhoudings. Bowlby en Erikson het egter saamgestem oor die ontwikkeling van basiese vertroue of wantroue in die babafase (Fonagy, 1999:600). Die teorie van Anna Freud sal vervolgens bespreek word.

2.3.1.3 Die teorie van Anna Freud

Anna Freud was die dogter van Sigmund Freud (Holmes, 2000:23). Sy het hoofsaaklik met kinders gewerk. (Vergelyk Watts, 2002a:47; Karen, 1994:41.) Sy het gepostuleer dat emosionele probleme by die kind veroorsaak word deur emosies (“bagasie”) wat gefikseerd is in ’n vorige ontwikkelingsfase waar die kind sy ontwikkelingstaak (byvoorbeeld skeiding van die moeder se bors) net gedeeltelik afgehandel het. (Vergelyk Stern, 2000:255; Fonagy, 1999:601.)

’n Diskrepanse in die kind se psige ontstaan wanneer die id op emosionele aspekte in ’n vorige ontwikkelingsfase fikseer en die ego terselfdertyd met besluitnemings in die huidige ontwikkelingsfase gekonfronteer word (Goldstein, Solnit, Goldstein & Freud, 1996:255). Die gevolg van dié diskrepanse is regressie, soos wanneer ’n middelkinderjarige kind duimsuig. Die rede waarom regressie voorkom en kinders se ontwikkelingstake nie voltooi word nie hou met ontoereikende omgewingsinvloede verband. ’n Middelkinderjarige kind kan byvoorbeeld duimsuig omdat sy moeder hom te vroeg gespeen het. (Vergelyk Fonagy, Steele, Steele, Leigh, Kennedy, Mattoon & Target, 2000:248; Goldstein, *et al.*, 1996:245, 253.)

Bowlby (1973:411) het met Anna Freud saamgestem dat individuele verskille met onverwerkte emosies verband hou. Hy stel dit soos volg: “A theoretical system more recently outlined by Anna Freud (1965), although more elaborate than Abraham’s, none the less retains the same essential features: individual differences are still measured in terms of the degrees of progression, fixation, and regression that are thought to be shown.”

Anna Freud het egter by haar vader se mening volstaan, naamlik dat ’n baba primêr in die moeder belangstel om die drange van sy erogene-sone (mond) te bevredig en dat verhoudingsaspekte van sekondêre belang vir die baba is (Eagle, 2000:141; Karen, 1994:106). Dus het sy bly glo dat aspekte soos borsvoeding en voedsel van primêre belang in die vestiging van ’n moeder-kindverhouding is.

Bowlby het nie met Anna Freud se standpunte oor voedsel saamgestem nie (Holmes, 2000:56). Hy het gepostuleer dat die baba ’n sosiale wese is wat ’n verhouding met die moeder verlang en dat voedsel van sekondêre belang in die vorming van ’n binding is. Bowlby het derhalwe aanbeveel dat daar tydens intervensie op die interaksie tussen eksterne invloede (soos die moeder se versorging) asook interne invloede (soos die baba se behoefte aan nabyheid) gefokus moet word (Fonagy, *et al.*, 2000:233). Anna Freud (in Eagle, 2000:132) het nie hiermee saamgestem nie en gepostuleer dat daar net op interne faktore gefokus moet word. Volgens Eagle (2000:132)

het sy dit soos volg gestel: “We do not deal with the happenings in the external world as such but with their repercussions in the mind, i.e., with the form in which they are registered by the child.” Dus wou sy nie die rol van eksterne invloede in ag neem nie.

2.3.1.4 Die teorie van Margaret Mahler

Volgens Hughes (1997:15) het Mahler ’n teorie van simbiose (eenheid) en differensiasie ontwikkel. Levy en Orlans (1998:23) definieer die konsep “differensiasie” soos volg: “... to develop emotional separateness and to think, feel, and behave as an individual”. Die doel van Mahler se teorie was om te verduidelik watter faktore binne die moeder-kindbinding bydra tot die ontwikkeling van ’n eie identiteit. Mahler vertrek vanuit die standpunt dat die moeder en baba aanvanklik in ’n natuurlike simbiotiese of interafhanklike verhouding is wat binding bevorder. Met die ontwikkeling van differensiasie vind onderskeiding van die moeder plaas. Hoe laer die vlak van differensiasie hoe minder ontwikkel die kind ’n eie identiteit. ’n Swak gedifferensieerde persoon het feitlik geen vermoë om outonoom te funksioneer nie. ’n Emosioneel volwasse persoon kan homself onderskei van sy bindingsfiguur terwyl hy emosioneel in kontak met die bindingsfiguur bly. (Vergelyk Fonagy, 1999:603-604; Levy & Orlans, 1998:23-24.)

Mahler meen die moeder en pasgebore baba is in ’n staat van “eenheid” of simbiose (Schorre, 1994:23). Hulle is dus binne dieselfde grens of “ineengesmelt”. Die baba is aanvanklik narsisties en kan nie onderskei tussen “ek” en “nie-ek” nie (Wallant, 1995:44-45). Vanuit hierdie simbiotiese staat ontwikkel die baba na ’n staat van individualisering waar hy bewus word van sy unieke eienskappe en onafhanklik wil funksioneer (Stern, 2000:19.)

Die simbiotiese individualiseringsproses bestaan uit vier fases, naamlik:

- “Hatching” (4–5 maande oud): Die baba begin homself onderskei van sy moeder. Hy is soms bewus van haar afwesigheid (Wallant, 1995:45).
- “Practising” (begin op 9-17 maande): Mahler beskou hierdie fase as die belangrikste in persoonlikheidsontwikkeling. Hierdie fase word gekenmerk deur die baba se vermoë om te loop en na die moeder te gaan vir emosionele ondersteuning. (Vergelyk Greenspan, 1999:134; Stern, 2000:21; Wallant, 1995:46; Hughes, 1997:19.)

- “Rapprochement” (15–18 tot 24 maande): Die baba het ’n beter besef dat die moeder ’n aparte individu met haar eie behoeftes en wense is (Karen, 1994:185). Hy besef dat hy nie sonder die moeder kan oorleef nie en skeidingsangs kom voor. As die moeder te veel outonomieit aanmoedig kan die baba verwerping beleef en as sy te min outonomieit aanmoedig kan die baba afhanklikeidsgedrag ontwikkel (Wallant, 1995:47).

- “Consolidation of individuality and the beginning of emotional object constancy” (begin ongeveer op 3 jaar): Die kind onderskei homself toenemend van sy moeder as sy onafhanklikeid binne ’n emosioneel ondersteunende verhouding aanmoedig. Die kind ontwikkel in so ’n geval ’n positiewe interne verwysingsraamwerk van homself en sy moeder (Wallant, 1995:47).

Volgens Fonagy (1999:603) het Bowlby nie met Mahler se konsep van narsisme saamgestem nie. Navorsing deur MacFarlane (Levy & Orlans, 1998:33) verduidelik die voorafgaande. Genoemde navorser het bevind dat pasgebore babas hulle moeder se reuk en bors bo die van ’n ander persoon uitken en verkies. DeCasper en Fifer (Levy & Orlans, 1998:33) het verder bevind dat pasgebore babas hulle moeder se stem herken en reeds in die uterus daaraan gewoon raak. Babas soek dus aktief na ’n verhouding met die moeder en is nie narsisties nie.

2.3.1.5 Die teorie van Melanie Klein

Volgens Bretherton (2000:23) het Bowlby onder supervisie by Melanie Klein gewerk. Klein se “objekverhoudingsteorie” het vanuit haar werk met kinders en veral spelteapie ontwikkel. (Vergelyk Karen, 1994:38; Stern, 2000:26; Watts, 2002b:92.) Klein het aanvaar dat ’n persoon se psige uit drie basiese aangebore drange (id, ego en superego) bestaan. In die eerste drie maande is die ego nog nie ontwikkel nie en die baba beoordeel elke liggaamsensasie in terme van “aangenaam” of “onaangenaam”. (Vergelyk Stern, 2000:254; Fonagy, *et al.*, 2000:259; Fonagy, 1999:605.) Die moeder se bors word met ’n aangename sensasie geassosieer as dit voedsel voorsien en onaangenaam as dit nie voedsel voorsien nie. (Vergelyk Stern, 2002:245; Karen, 1994:41.)

Volgens Klein belê die libido aanvanklik in “objekte” (soos die moeder se bors) wat buite die self geleë is (Watts, 2002b:93). Die moeder se bors is dus belangrik en instrumenteel in binding omdat dit die eerste “objek” is wat met ’n aangename ervaring (voedsel) geassosieer word.

Klein (Bretherton, 2000:47) het verder gepostuleer dat kinders se emosionele probleme deur fantasering veroorsaak word. (Vergelyk Stern, 2002:8; Karen, 1994:293.) Deur fantasering maak die kind sin van sy innerlike konflikte (Karen, 1994:105). Na Klein se mening veroorsaak hierdie fantasieë (en nie werklike gebeure nie) emosionele probleme wat die kind tydens speltherapie uitleef en in sy psige integreer. (Vergelyk Jernberg & Booth, 1999:35.)

Bowlby het gekonstateer dat kinders se emosionele probleme deur werklike ervarings bepaal word (Bretherton, 2000:47). Hy het saam met twee maatskaplike werkers tuisbesoeke gedoen en waargeneem dat talle kinders met emosionele probleme in problematiese gesinsomstandighede grootword. Bowlby het derhalwe gepostuleer dat die kind se bindingsprobleme in terme van sy verhouding met sy primêre versorger/s hanteer moet word. Klein het nie hiermee saamgestem nie en Bowlby by een geleentheid verbied om met die moeder van ’n driejarige seun oor die seun se probleme te kommunikeer (Bretherton, 2000:47). Bretherton (2000:47) meld die volgende in die verband: “These ... reveal Bowlby’s early theoretical and clinical interest in the intergenerational transmission of attachment relations and in the possibility of helping children by helping parents.”

2.3.1.6 Die teorie van Donald Winnicott

Donald Winnicott se “selfobjekteorie” het die fokus van die intrapsigiese na die interpsigiese dimensie verskuif (Watts, 2002c:108). Volgens Winnicott (Jernberg & Booth, 1999:42) begin die baba sy lewe as ’n ongeïntegreerde ontvanger van ervarings. Hy leer homself deur die kwaliteit van die moeder se versorging ken. Deur haar integreer hy positiewe of negatiewe persepsies van homself. As die moeder met sensitiwiteit op die baba (of kind) se behoeftes reageer, ontwikkel sy “ware self” op ’n geïntegreerde wyse. (Vergelyk Fosha, 2000:60; Goldberg, 2000:89; Watts, 2002:117.) Gebrek aan sensitiwiteit lei tot die ontwikkeling van ’n “vals self”. In so ’n geval leef die kind volgens die ouers se verwagtings en persepsies en ontwikkel hy nie ’n eie identiteit nie. Die kind ontken dus sy eie behoeftes en funksioneer volgens ’n “vals self”. (Vergelyk Fonagy, 1999:609; Wallant, 1995:65; Stern, 2000:210.)

Volgens Winnicott moet die “good-enough” moeder (die term “good-enough” is belangrik) soms “misluk” – sy moet volgens die kind se gereedheidsvlak geleenthede vir selfhelp en bemeestering skep deur nie alles vir die kind te doen nie (Adam, *et al.*, 2000:312).

Bowlby (1988:52) het met Winnicott saamgestem dat die eerste moeder-kindverhouding die basis van die kind se persoonlikheidsontwikkeling vorm. Hy het ook saamgestem dat die fokus meer op die kwaliteit van die moeder se versorging geplaas moet word (Fonagy, *et al.*, 2000:249). Bowlby het egter minder klem geplaas op intrapsigiese prosesse as Winnicott. Fonagy (1999:610) stel dit soos volg: “Such extravagant speculations about the internal state of the infant are not consistent with attachment theory.”

2.3.1.7 Die teorie van Daniel Stern

Verskeie universiteite (Karen, 1994:352) het in die 1970's navorsing oor die moeder-kindverhouding gedoen en bevind dat die baba 'n aktiewe deelnemer aan die bindingsproses is. Die resultate van hierdie navorsing het dus Bowlby en Ainsworth se teorie bevestig. Daniel Stern was een van die belangrikste navorsers in die verband. (Vergelyk Fonagy, 1999:614; Hughes, 1997:13-14.)

Stern het die konsep “affektiewe aanvoeling” (“affect attunement”) ontwikkel wat sterk ondersteun word deur Bowlby (1988:7) en ander skrywers. (Vergelyk Jernberg & Booth, 1999:42; Fonagy, 1999:614; Hughes, 1997:14; Schore, 1994:97; James, 1994:4; Karen, 1994:348.) Stern (2000:142) definieer die konsep “affektiewe aanvoeling” soos volg: “Affect attunement, then, is the performance of behaviors that express the quality of feeling of a shared affect state without imitating the exact behavioural expression of the inner state.” Affektiewe aanvoeling is dus 'n staat van “een wees” tussen moeder en kind waar die moeder en kind tot so 'n mate op dieselfde emosionele golflengte is dat die moeder die kind se emosies op 'n verbale en nie-verbale wyse aan hom kan terugkaats. (Vergelyk Stern, 2000:142; Hughes, 1997:12.) Stern (2000:140) beskryf affektiewe aanvoeling met die volgende voorbeelde:

- 'n Agt maande oue seun reik na 'n speelding buite sy bereik. Hy strek met sy vingers wat skaars aan die speelding kan raak. Op daardie oomblik sê die moeder “uuuuuh ... uuuuuuh!” met 'n crescendo in haar stemtoon wat met sy fisiese poging ooreenstem.

- 'n Tien maande oue dogter voer 'n merkwaardige roetine uit en kyk grootoog na haar moeder. Die moeder reageer met 'n “Yeah ... yeah!”

- 'n Tien maande oue dogter slaag uiteindelik daarin om 'n stukkie van 'n legkaart in te pas. Sy kyk na haar moeder en gooi haar arms in die lug. Die moeder sê “Yes, thatta girl.”

Affektiewe aanvoeling hou dus verband met die moeder se “inskakeling” by die kind se verbale en nie-verbale emosies. Deur die kind se emosies aan hom terug te spieël word die kind bewus van sy eie emosies en help dit hom om insig in sy emosies te ontwikkel. Die moeder se aanvoeling en inskakeling by die kind se emosies help dus die kind om emosioneel te groei (Schore, 1994:76). Hughes (1997:12) meld dat affektiewe aanvoeling die boustene/basis van die moeder-kindverhouding is.

2.3.1.8 *Evaluering van psigoanalitiese teorieë*

Die voorafgaande bydraes het die volgende positiewe bydrae tot die bindingsteorie gelewer:

- Al die analiste het die fokus op die vroeë kinderjare geplaas en gepostuleer dat dit 'n effek op die latere lewensjare het. Die eerste jare word dus as vormingsjare met langtermyngevolge vir die ander fases beskou.
- Al die analiste kon verskillende fases in die ontogenie van binding onderskei. Hulle het ook op verskillende aspekte gefokus, wat tot 'n meer holistiese beeld van die moeder-kindverhouding bygedra het.
- Die vroeë ontwikkelingsprosesse word gekenmerk deur 'n oorgangstydperk en verskuiwing van fokus na die aard en kwaliteit van die moeder se versorging in plaas van onbewuste psigiese prosesse.
- Winnicott en Stern het getoon dat daar bemoedering én bemoedering is en dat 'n moeder kan dink dat sy reg reageer op die baba se seine sonder om in aanvoeling met die baba se emosies te wees.
- Na die eerste teoretiese formulering het navorsing en teorieë oor die moeder-kindverhouding vinnig toegeneem. Vanaf die eerste teoretiese formulering deur Sigmund Freud, wat baie abstrak was en op die onbewuste gefokus het, tot Stern se navorsing oor affektiewe aanvoeling is gegewens oor 'n breë spektrum ingesamel en het meer data oor suksesvolle en onsuksesvolle verhoudings na vore gekom.

Samevattend kan gesê word dat daar tans groter versoening tussen die teorieë is en dat daar nader beweeg word aan een hoofstroombenadering. Daar is egter nog twee teoretiese benaderings wat vir die konsep “binding” van belang is, naamlik die kognitiewe en behavioristiese benadering. Vervolgens val die soeklig op hierdie twee konstrukte.

2.3.2 Die kognitiewe benadering

Volgens Schore (1994:22) is die integrasie van sosio-emosionele en kognitiewe aspekte lank oor die hoof gesien en het Bowlby hierdie leemte aangevul. Bowlby het van Piaget, Vygotsky en Tulin se teorieë gebruik gemaak. (Vergelyk Karen, 1994:208-209; Cassidy, 1999:5.) Daar sal verder ook na die interpersoonlike neurobiologiese benadering verwys word, omdat dit verband hou met meer onlangse navorsing oor sosiokognitiewe funksionering. (Vergelyk Bretherton, 2000:54; Bretherton & Munholland, 1999:92; Crittenden, 2000:372.)

2.3.2.1 Die kognitief-strukturele teorie

Jean Piaget was 'n Franssprekende Switserse bioloog en sielkundige wat op grond van noukeurige waarnemings sekere aannames oor kognitiewe funksionering geformuleer het. (Vergelyk Stern, 2000:29, 64, 52, 91, 163-164; Stern, 2002:72; Cole & Cole, 2001:478; Cockcroft, 2002:178-180; Meyer & Van Ede, 1998:73-82; Bretherton, 2000:54; Crittenden, 2000:369-372; Karen, 1994:208-209.)

Die kognitief-strukturele teorie is op die volgende aannames gebaseer:

- Die mens het aangebore verstandelike vermoëns en gedragsprogramme (skemata) wat hom motiveer om sy omgewing te verken, te bemeester en daarby aan te pas. Die baba kan byvoorbeeld aan voorwerpe suig, ruik, vat, dit gooi, slaan, manipuleer. Hy leer dus om sy omgewing met behulp van sintuiglike kontakmaking te verken en bemeester. (Vergelyk 2.3.2.2 met betrekking tot die moeder se rol in die sintuiglike stimulasie van die baba.)
- Die konsep “kognisie” beteken denke. Die mens pas deur middel van sy denkprosesse (assimilasie en akkommodasie van nuwe inligting) by sy omgewing aan.

Piaget (vergeelyk Meyer & Van Ede, 1998:77-82; Cockcroft, 2002:180-188; Cole & Cole, 2001:478) onderskei die volgende fases van kognitiewe ontwikkeling:

- *Die sensories-motoriese fase (0-2 jaar).* Babas leer deur “per ongeluk” sekere handeling uit te voer en die gewenste reaksie te verkry. 'n Belangrike mylpaal in

hierdie fase is die ontwikkeling van 'n vermoë om sensories-motoriese vaardighede te koördineer en om tussen die eie liggaam en die omgewing te onderskei. Die sensitiewe moeder help die baba hiermee deur hom bewus te maak van sy liggaam en omgewing. Sy herhaal byvoorbeeld sy geluide en bewegings en die baba word sodoende bewus van sy/haar liggaam. Sy moedig hom aan wanneer hy wil kruip of sy omgewing wil verken en sodoende word hy/sy bewus van sy/haar omgewing.

- *Die pre-konseptuele fase (2-7 jaar).* Die kind leer heelwat meer simbole aan maar sy denkproses is nog steeds baie egosentriek en konkreet. Hy vind abstrakte konsepte soos eerlikheid baie moeilik.
- *Die konkrete operasionele fase (7-11 jaar).* Die kind kan probleemoplossend dink wanneer hy werklike voorwerpe manipuleer, maar hy is nog nie in staat tot abstrakte denke en hipoteseformulerings nie. (Hierdie fase word in Hoofstuk 3 bespreek aangesien dit met die teikengroep van hierdie navorsing verband hou.)
- *Die formele operasionele fase (12 jaar en ouer).* In hierdie fase is die persoon in staat tot komplekse abstrakte denke en hipoteseformulerings.

Bowlby (Bretherton & Munholland, 1999:92) het die verband tussen binding en kognitiewe ontwikkeling deur middel van 'n literatuurstudie oor Piaget se navorsing ondersoek. Hy het 'n ooreenkoms tussen kognitiewe ontwikkeling en binding gevind (Karen, 1994:209). Piaget het bevind dat babas leer deur gedrag te herhaal (Greenspan, 1999:92). Bowlby het gepostuleer dat babas en moeders bind weens die herhaling van dieselfde interaksiepatrone (Bretherton & Munholland, 1999:92). Volgens die bindingsteorie vind binding plaas in die sensories-motoriese fase van kognitiewe ontwikkeling en in Erikson se eerste fase (vertroue teenoor wantroue) van psigososiale ontwikkeling. (Vergelyk Ainsworth in Bretherton, 2000:61; Marvin & Britner, 1999:44; Stern, 2000:163; Stern, 2002:72; Schore, 1994:23.)

'n Belangrike aspek van die bindingsteorie is die aanname dat die mens 'n *interne werksmodel* of kognitiewe refleksie van homself en sy ouers (en ander mense) ontwikkel (Bretherton & Munholland, 1999:92). Hierdie model word veral tydens vroeë interaksie met die ouers gevorm en dit bepaal hoe die kind homself sien en by sy ouers aanpas (Levy & Orlans, 1998:17). Hierdie aspek sal by die bespreking van Bowlby se teorie verder nagegaan word. (Vergelyk 2.3.4.)

2.3.2.2 *Die sosiokulturele kognitiewe teorie*

Die Russiese sielkundige, Lev Vygotski, het op die sosiokulturele konteks van kognitiewe ontwikkeling gefokus. (Vergelyk Cockcroft, 2002:191-195; Meyer & Van Ede, 1998:90-91.) Sy basiese aanname was dat kinders se kognitiewe vermoëns as gevolg van aangebore eienskappe (soos waarneming, aandag en geheue) sowel as sosiale interaksie met ouer persone ontwikkel. Die begrip “sosiokulturele konteks” dui op die individu en samelewing se geskiedenis en sosiale geleenthede wat vir die kind geskep word.

In Vygotski se terme is die sensitiewe moeder tot so 'n mate in kontak met haar kind se vermoëns en behoeftes dat sy hom uitdaag om vertrouwe in homself te ontwikkel (Cockcroft, 2002:192). Sy kommunikeer byvoorbeeld met hom op 'n vlak wat effe (maar nie te veel nie) bokant sy huidige vlak is, sy reik uit na hom op sy vlak terwyl sy terselfdertyd aan hom geleenthede bied om te groei, sy reageer op sy geluide asof dit betekenis het en sy moedig hom aan om 'n paar tree te gee sonder om aan iets vas te hou. (Vergelyk Karen, 1994: 348;Cockcroft, 2002:192-193; Crittenden, 2000:368.)

2.3.2.3 *Kognitiewe neurosielkundige teorieë*

Kognitiewe neurosielkundige teorieë is gemoeid met die verduideliking van breinstrukture en hoe dit bydra tot die mens se funksionering. Die brein word beskou as 'n sisteem wat uit verskillende subsysteme bestaan. Die subsysteme verrig verskillende funksies terwyl dit op 'n geïntegreerde wyse saamwerk (Meyer & Van Ede, 1998:72).

Bowlby in Bretherton (2000:68-69) het Freud se verklaring van die onbewuste en bewuste met behulp van 'n literatuurstudie vanuit die kognitiewe neurosielkunde ondersoek. Hy het Freud se konsepte “onbewuste”, “voorbewuste” en “bewuste” met die konsepte “langtermyngeheue”, “korttermyngeheue” en “bewuste” vervang. Volgens Bowlby in Bretherton (2000:69) is die sentrale sensuweestelsel hiërargies gerangskik. Die boonste vlak bestaan uit subsysteme wat met die langtermyngeheue verband hou. Inkomende inligting word met inhoude in die langtermyngeheue vergelyk en selektief deurgelaat na die korttermyngeheue waar inligting verder selektief na die bewuste deurgelaat word. (Vergelyk Crittenden, 2000:369.)

Bowlby (Bretherton & Munholland, 1999:93) het verder die verband tussen kognitiewe funksionering en Freud se verdedigingsmeganismes nagevors. Hy was oortuig dat Freud se aannames met betrekking tot die gebruik van verdedigingsmeganismes waardevol was, maar dat dit heroorweeg moes word om dit meer empiries waarneembaar te maak. (Die bindingsteorie gebruik die woord “verdedigingsprosesse” in plaas van “verdedigingsmeganisme”.)

Volgens Bowlby (Bretherton & Munholland, 1999:93) funksioneer verdedigingsprosesse nie noodwendig op ’n onbewuste vlak nie. Bretherton en Munholland (1999:93) meen dat “defensive processes as understood by Bowlby are not necessarily unconscious, but run the gamut from involuntary repression to deliberate suppression or avoidance of perceptions, behaviors and thoughts”. Verdedigingsprosesse kan dus varieer in terme van vlakke van bewustheid.

Bowlby (Bretherton, 2000:68-69) het op twee verdedigingsprosesse wat met binding verband hou gefokus, naamlik defensiewe (algehele) en selektiewe (gedeeltelike) uitsluiting van inligting. Bowlby het gepostuleer dat laasgenoemde voorkom weens dissosiasie – ’n toestand waar sekere geheueinhoud van die res van die persoonlikheid geskei word deur dit in verskillende geheuesisteme te berg (Bretherton & Munholland, 1999:93). Byvoorbeeld, kinderhuiskinders beskryf dikwels net prysenswaardige eienskappe van hulle ouers en weerspreek so hul bindingsgeskiedenis. Dit gebeur omdat hierdie kinders op inligting in die semantiese geheue fokus en geheueinhoud van die episodiese geheue nie na hul bewuste deurlaat nie.


Volgens Tulving (in Meyer & Van Ede, 1998:95) hou die *semantiese* geheue met taal en die verbale inhoud van gesprekke verband. (Vergelyk Crittenden, 2000:383; Schore, 1994:29, Siegel & Hartzell, 2003:23; Siegel, 1999:34.) Die semantiese geheue ontwikkel voor die ouderdom van twee jaar (Goldberg, 2000:151). Die *episodiese* geheue verwys na die outobiografiese geheue of vermoë om persoonlike gebeurtenisse te onthou en terug te dink oor die verlede. (Vergelyk Siegel & Hartzell, 2003:23; Schore, 1994:194; Meyer & Van Ede, 1998:96; Siegel, 1999:45.) Die outobiografiese geheue ontwikkel gewoonlik vanaf die ouderdom van twee jaar en dit stel die kind in staat om ’n “storie” van sy lewe en homself te vorm (Siegel & Hartzell, 2003:35). Die verband tussen kognitiewe neurosielkunde en die bindingsteorie hou dus met die differensiële deurlating van geheueinhoud verband. In “ongedifferensieerde” (of heel) persoonlikhede word alle geheueinhoud vrylik na die bewuste deurgelaat. Daarteenoor word sekere geheueinhoud by die seergemaakte of gedifferensieerde persoonlikheid geblokkeer. (Vergelyk Bretherton & Munholland, 1999:93; Bretherton, 2000:69.)

2.3.2.4 *Die interpersoonlike neurobiologiese benadering*

Onlangse neurobiologiese navorsing (vergelyk Siegel & Hartzell, 2003:31) oor binding bied nuwe insigte ten opsigte van die ouer-kindbinding. Daar is bevind dat hierdie verhouding 'n direkte invloed op die kind se sosio-emosionele en kognitiewe ontwikkeling het. (Vergelyk Siegel & Hartzell, 2003:31; Schore, 1994:97; Greenspan, 1999:54; Stern, 2002:122-123; Siegel, 1999:33-34; Levy & Orlans, 1998:26.) Die studie van die invloed van interpersoonlike verhoudings op neurologiese ontwikkeling word “interpersoonlike neurobiologie” genoem. (Vergelyk Siegel & Hartzell, 2003:31; Siegel, 2001:67; Schore, 2000:29.)

Die konsep “brein” verwys na 'n sisteem van neurone en subsysteme wat verantwoordelik is vir die skepping van energie en verwerking van inligting (Siegel, 1999:3). Neurone is die basiese selle van die brein (Siegel, 2001:69). Die “verstand” is die energie- en inligtingspatrone wat vanuit die brein ontwikkel. (Vergelyk Siegel, 1999:2; Siegel, 2001:69.)

Daar sal vervolgens verwys word na breinstruktuuraspekte wat by binding betrokke is. Figuur 2.1 bied 'n skematiese voorstelling van die brein (Siegel & Hartzell, 2003:24).

FIGUUR 2.1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE BREIN

MacLean (in Levy & Orlans, 1998:24-25) het die konsep “driedigige brein” (“triune brain”) ontwikkel om die breinprosesse wat betrokke is by sinuiglike waarneming te beskryf. Volgens MacLean bestaan die brein uit drie interafhanklike gedeeltes, naamlik die breinstam (onderste gedeelte), limbiese sisteem (middelste gedeelte) en neokorteks (boonste gedeelte).

Die *breinstam* beheer primitiewe instinkte soos voortplanting, sirkulasie, vertering, spierbewegings en reaksie op eksterne stimuli. Dit reguleer ook outomatiese gedrag soos slaap, asemhaling, bloeddruk, hartklop en sluk. Voorts beheer dit nabootsing van gedrag, die navolg van roetines en rituele, stresresponse en die vermoë om aan te pas by omgewingsveranderinge. (Vergelyk Siegel & Hartzell, 2003:74; Levy & Orlans, 1998:24; Siegel, 1999:10; Hughes, 1997:28; Schore, 1994:45.)

Die tweede of middelste gedeelte van die brein bevat die *limbiese sisteem* (Schore, 2000:28). Die limbiese sisteem bevat strukture wat met emosionele funksionering verband hou, naamlik:

- Die amigdala. Dit stimuleer sensoriese indrukke en ontlok aanvalsgedrag en vreesreaksies, en wek aandag op en versterk dit, afhangende van die gebied wat gestimuleer word.
- Die hippokampus. Dit is betrokke by die geheueproses en vervul 'n rol in die omskepping van korttermyngeheue in langtermyngeheue.
- Die hipotalamus. Dit is betrokke by neuro-endokriene prosessering deur die vrystelling van hormone.
- Die prefrontale korteks. Dit integreer verskillende emosionele prosesse en dra by tot emosionele selfregulering.

Die *limbiese sisteem* beïnvloed emosionele funksies. Dit is die sentrum van die veg-, vlug- en vriesresponse wat noodsaaklik is vir selfonderhouding/oorlewing. Dit kan impulse afkomstig van die neokorteks inhibeer. (Vergelyk Siegel & Hartzell, 2003:74; Schore, 1994:29, 402; Levy & Orlans, 1998:25; Siegel, 1999:11, 48, 122.)

Die *neokorteks* is hoogs ontwikkel en vyf keer groter as die breinstam en limbiese sisteem saam (Levy & Orlans, 1998:25). Dit bevat ongeveer een honderd biljoen neurone wat gesamentlik meer as 3,2 miljoen kilometer lank is (Siegel, 1999:29). Die neokorteks stel die mens in staat om abstrak en kreatief te dink en te redeneer, keuses uit te oefen en hoër emosies soos empatie, simpatie en liefde te reguleer (Siegel & Hartzell, 2003:74-75).

Die *retikulêreformasie-sisteem* (RAS) dien as skakel tussen die drie breindele. Dit stel die limbiese sisteem in staat om oor te neem wanneer die individu angs of vrees ervaar. Dit stel ook die neokorteks in staat om oor te neem wanneer daar geen angsreaksie is nie en rasonale denke vereis word (Schore, 1994:328).

Die primêre aspek wat die verskillende breinstrukture as 'n geheel laat saamwerk is *emosies*. Siegel en Hartzell (2003:59) stel dit soos volg: “Emotion can be thought of as a process that integrates distinct entities into a fundamental whole.” Dit hou verband met die feit dat die limbiese sisteem in die middel geleë is en kontak met aanverwante breinstrukture het. (Vergelyk Siegel, 1999:11; Crittenden, 2000:369.) Emosies is dus baie belangrik aangesien dit verband hou

met somatiese of liggaamsprosesse (gesetel in die breinstam) en rasionele denke (gesetel in die neokorteks). (Vergelyk Siegel & Hartzell, 2003:78.) Die voorafgaande hou soos volg met die ongeborge kind se emosionele funksionering verband:

Ongeborge kinders, wat gedurig aan vrees, bedreiging, onvoorspelbaarheid, frustrasie, chaos, honger en pyn blootgestel word se outomatiese oorlewingsrespons is om hulself te beskerm (James, 1994:12). Dit gebeur soos volg: Inligting word deur die sensoriese modaliteite opgeneem en na die amigdala gestuur, wat weer 'n teken na die limbiese sisteem stuur dat daar gevaar is. Die amigdala het drie opsies, naamlik veg, vlug of vries. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:25-26; Hughes, 1997:17; Perry in James, 1994:12.) Perry (in James, 1994:12) sit die veg-, vlug- en vriesresponse soos volg uiteen:

- *Die vegrespons:* Die baba huil om die moeder bewus te maak van sy behoefte aan beskerming. Die ouer kind kan woedeuitbarstings en aggressiewe response as 'n simptoom van die vegrespons openbaar.
- *Die vlugrespons:* Vlug is nie altyd vir kinders fisies moontlik nie en die algemeenste uitweg in hierdie geval is dissosiasie soos reeds bespreek. (Vergelyk Bretherton & Munholland, 1999:93.)
- *Die vriesrespons* kom voor wanneer gevaar voorsien word en onvermydelik is. Die vriesrespons bied gewoonlik tyd om die situasie te evalueer. Volwassenes reageer gewoonlik op kinders se vriesrespons met dreigemente en eise wat tot gevolg het dat die kind meer vrees ervaar. Die kind se vriesrespons word dikwels as opposisioneringsgedrag getipeer.

Die ongeborge kind beleef voortdurend veg-, vlug- en vriesresponse weens die spanning in sy omgewing. Hierdie response kan breinskade tot gevolg hê. Munns (2000:12) meen “where there is poor attachment or trauma, resulting in the child being left in a chronically high arousal state over time, the neurotransmitters, such as norepinephrine or the stress hormone cortisol, are produced in such strength that they become toxic to the brain. This may result in cell death and/or inhibition of the growth of the dendritic fields in the brain.”

Die mens se liggaam is eerstens ingestel op oorlewing. Die gevolg van chroniese ontwrigting, verwaarlosing en angs is egter dat die mens se liggaam gereeld “vals alarms” van angs ervaar

wat streshormone aktiveer. Die uiteindelijke gevolg is dat hierdie kinders gedurig in angs verkeer en nie tussen gevaarlike en veilige situasies of goeie en slegte aspekte van 'n verhouding kan onderskei nie (Hughes, 1997:25-31).

Wat sodanige kinders benodig is 'n bindingsfiguur wat 'n kalmerende uitwerking op hulle het en hulle kan help met emosionele regulering, veral kalmering (deur die limbiese sisteem te stimuleer) sodat daar nie te veel streshormone in die brein vrygestel word nie. Die alternatief is simptome soos hiperaktiwiteit, verhoogde geïrriteerdheid en ekstreme regressiewe gedrag. (Vergelyk James, 1994:12; Jernberg & Booth, 1999:184; Schore, 1994:29; Hughes, 1997:16.)

2.3.2.5 *Evaluering van die kognitiewe benadering*

Die kognitiewe benadering het die volgende bydrae gelewer:

- Dit het kennis oor die rol van emosies en vroeë ervarings verdiep.
- Dit berus op empiries bewysbare inligting – en dit is die doel waarna Bowlby gestrewe het.
- Die kognitiewe teorieë weerspreek aannames dat emosionele funksionering nie met neurobiologiese en kognitiewe prosesse verband hou nie (Greenspan, 1999:9).

2.3.3 Die behavioristiese benadering

Behaviorisme is op die aannames van Thorndike, Pavlov, Watson en Skinner se werk gebaseer. (Vergelyk Kasese-Hara, 2002:370; MacLeod, 2002:382; Karen, 1994:170-171.) Dit behels die volgende:

- Die mens word deur sy omgewing gevorm. Gedrag word dus aangeleer en oorerwing vervul nie 'n rol nie.
- Die bestudering van konsepte soos “onbewuste”, “emosies”, “introspeksie” en “gedagtes” word verwerp omdat die konsepte nie direk waarneembaar is nie.

Die behavioristiese benadering beskou binding as “afhanklikheid”. Die kind assosieer die moeder aanvanklik met versorging en hy beleef vanuit die verhouding dat hy haar benodig soos wat hy voedsel en water benodig. Kinders se aandagsoekende gedrag word as die resultaat van

positiewe versterking beskou (Karen, 1994:170-171; Crittenden, 2000:369). Die fokus is dus op omgewingsinvloede en die rol van sosiale leer en hoe dit die ouer en kind se response beïnvloed.

Brazelton (1998:139) het met behulp van behavioristiese tegnieke sekere bindingsaspekte soos die voorkoms van huil by koliekbabas nagevors. Die resultate het getoon dat “hipersensitiwiteit” by koliekbabas voorkom. Hierdie babas neig byvoorbeeld om op ’n sekere tyd meer as op ander tye te huil. Tydens intervensie word moeders geleer om te onderskei tussen die babas se verskillende tipes huilgedrag (Brazelton, 1998:245) en om die patroon daarvan te bepaal. As die baba dan byvoorbeeld die meeste om 15:00 huil, word stimuli wat met dié tyd verband hou verminder of uitgeskakel en kalmeringstegnieke soos musiek en suigaksies (soos duimsuig) aan die baba geleer (Brazelton, 1998:245-246). Dit wil egter voorkom asof die baba op homself aangewese is wanneer hy selfkalmering moet leer bemeester.

Bowlby het soos volg op die behavioristiese benadering gereageer:

- Bowlby (Karen, 1994:172) het nie die rol van sosiale leer ontken nie, maar dit net as een faset van die ouer-kindverhouding beskou, en daarop aangedring dat daar op ’n balans tussen interne en eksterne faktore gefokus word.
- Bowlby (Karen, 1994:170-171) het gepostuleer dat die kind met sy moeder bind weens ’n instinktiewe behoefte en dat die bindingsproses nie met straf, beloning of positiewe versterking van gedrag verband hou nie. Hy het verder gepostuleer dat binding selfs in omstandighede van baie straf en min beloning sal ontwikkel. Bowlby (in Cassidy, 1999:5) het in die verband bevind dat kinders selfs bind met moeders wat hulle mishandel, en dat binding nie noodwendig met aangename assosiasies gepaard gaan nie.

2.3.4 Die bindingsteorie van Bowlby

Die voorafgaande dui daarop dat die bindingsteorie van Bowlby vanuit ’n soeke na antwoorde oor sekere gedragspatrone by babas, kinders, adolessente en volwassenes ontstaan het (Bowlby, 1988:119). Bowlby (1988:119) het veral nie saamgestem met die aanname dat kinders

“afhanklik” is en “oorreageer” wanneer hulle van ’n bindingsfiguur geskei word nie. Hy het bevind dat die verbreking van ’n binding ’n negatiewe effek op die persoon se verhoudingsgeskiedenis en persoonlikheidsontwikkeling het.

Bowlby (1988:120) se navorsingsprosedure was eklekties. Hy het konsepte vanuit die evolusieteorie, etnologie, kontrolesisteamteorie, kognitiewe sielkunde en natuurwetenskappe gebruik om die fenomeen “binding” te ondersoek. (Vergelyk Cassidy, 1999:4-7.) Bowlby (1988:120) het bevind dat die psigoanalitiese metasielkunde vanuit die moderne biologie, sielkunde en natuurwetenskappe herformuleer kan word. Bowlby (1988:120) het die volgende aannames oor persoonlikheidsfunksionering en binding geformuleer:

- Intieme emosionele bande tussen individue word deur ’n kibernetiese sisteem (of inligtingverwerkingsisteam) in die sentrale senuweestelsel beheer;
- Die manier waarop ouers (veral die moederfiguur) hulle kinders hanteer het ’n kragtige invloed op die kind se ontwikkeling; en
- Huidige kennis vereis dat ’n teorie van ontwikkelingspaaie vorige teorieë vervang wat op spesifieke fases van ontwikkeling fokus (waarvolgens gepostuleer word dat ’n persoon kan fikseer en/of regresseer).

Bogenoemde aannames word vervolgens bespreek.

2.3.4.1 *Die biologiese basis van binding*

Volgens Bowlby (in Cassidy, 1988:5) het elke mens die vermoë om intieme emosionele bindings te vorm. Hierdie vermoë is deel van die aangebore menslike natuur. Die behoefte aan ’n bindingsfiguur kom vanaf die babafase tot in bejaardheid voor. (Vergelyk Marvin & Britner, 1999:50, 63; Levy & Orlans, 1998:21; Senior, 2002:248.) In die babafase bind die individu met sy primêre beskermer. Die primêre funksie van binding is dus om beskerming te bied. (Vergelyk Senior, 2002:248; Bretherton, 2000:63; Cassidy, 1999:4; Solomon & George, 1999:654.) Binding hou derhalwe nie met voedsel of seksuele drange verband nie. Bowlby (1988:121) meen dat dit ook nie ’n teken van afhanklikheid of onvolwassenheid is nie, maar eerder ’n basiese eienskap van gesonde persoonlikheidsfunksionering is. (Vergelyk Cassidy, 1999:5.)

2.3.4.2 *Die bindingsfiguur as sekuriteitsbasis van die kind*

Bowlby en Ainsworth (in Bowlby, 1988:122) het bevind dat gedrag wat met afstand van die moeder verband hou (soos die kind se verkenning van die omgewing, spel en behoefte aan kontak met maats) teenoor bindingsgedrag staan aangesien laasgenoemde behels dat die kind fokus op fisiese en psigiese nabyheid aan die moeder. (Vergelyk Cassidy, 1999:8; Grossmann, Grossmann & Zimmerman, 1999:771; Ainsworth in Levy & Orlans, 1998:15-16.) Bowlby is van mening dat die baba/kind 'n gevoel van sekuriteit beleef wanneer hy naby die moeder is. Wanneer 'n baba/kind byvoorbeeld onrustig, gespanne, angstig, honger en moeg is, wil hy graag naby sy bindingsfiguur wees. Wanneer die baba/kind ontspanne, rustig en veilig voel, beweeg hy fisies weg van die bindingsfiguur om sy omgewing te verken (sy behoefte aan sosiokognitiewe stimulasie), wetende dat hy na die bindingsfiguur kan terugkeer of dat sy sal reageer as hy/sy haar nodig het. Die bindingsfiguur vorm dus 'n *sekuriteitsbasis* vir die baba/kind; hy kan op hierdie figuur staatmaak vir ondersteuning en behoeftebevrediging. (Vergelyk Bretherton, 2000:45; Hook, 2002:269; Ammen, 2000:348; Fraley, 2004/01/13.) Die bindingsfiguur is dus toeganklik, beskikbaar en reageer altyd op die kind se behoeftes (Kobak, 1999:29).

Op ongeveer driejarige ouderdom is die kleuter gewoonlik emosioneel gereed om vir 'n halwe weekdag van die moeder te skei. Die kind hou dan die bindingsfiguur as sekuriteitsbasis in sy gedagtes wanneer sy nie fisies naby is nie (Bowlby, 1988:122). Hy weet dat sy na hom sal kom as hy haar nodig het. Vanaf die primêre skooljare en adolessensie skei die moeder en kind toenemend langer van mekaar, maar die kind weet dat hy altyd na die ouer kan gaan vir ondersteuning en beskerming.

In elke ontwikkelingsfase van die kind word daar met die bindingsfiguur onderhandel oor die fisiese en psigiese behoefte aan nabyheid en afstand tussen die twee mense. In die bindingsteorie staan dit as die “doelwitherstellingsgedrag” bekend (Cassidy, 1999:5-6). Daar word byvoorbeeld onderhandel oor hoeveel vryheid die ouer die kind wil toelaat en hoeveel vryheid die kind kan hanteer. 'n Adolessent sal byvoorbeeld meer outonomieit as 'n primêre skoolkind verlang. Die ouer en kind pas dus gedurig hulle behoefte aan nabyheid aan, sonder om hulle behoefte aan outonomieit prys te gee.

2.3.4.3 *Die bindingsbeheer sisteem*

Bowlby en Ainsworth het in natuurlike en gekontroleerde situasies waargeneem dat bindingsgedrag nie toevallig plaasvind nie maar deur doelgerigte gedrag gereguleer word (Bowlby, 1988:122-123), wat deel is van die “bindingsbeheersisteem”. Die sisteem behels dat die kind ’n kognitiewe en emosionele model (verwysingsraamwerk) of interne werksmodel van die moeder ontwikkel sodra sy geheuesisteem die nodige vlak van volwassenheid bereik. Sy persepsies hou verband met sy verwagtings van die moeder se optrede en die verwagtings bepaal hoe hy teenoor haar gaan optree. Dit behels ook dat die moeder vanuit ’n bepaalde verwysingsraamwerk optree en sekere response van die kind verwag of antisipeer. (Vergelyk Senior, 2002:251; Kobak, 1999:28.) Die kind en ouer leer dus om mekaar se gedrag te antisipeer en daarby aan te pas (Levy & Orlans, 1998:57-58).

Die mens begin om op ongeveer die ouderdom van nege maande ’n kognitiewe en emosionele beeld van himself, sy ouers, broers en susters op te bou. (Vergelyk Goldberg, 2000:150; Bowlby, 1988:122; Bretherton, 2000:63.) Die eerste tekens van die ontwikkeling van ’n interne werksmodel van die moeder en die self word waargeneem sodra skeidingsangs (weerstand teen skeiding) en vreemdelingsangs (verwerping van vreemdelinge) by babas waargeneem kan word (Bowlby, 1988:122). Ainsworth, *et al.* (1978:36-39) het bepaal dat hierdie gedrag baie effektief op 12 maande waargeneem kan word – vandaar die ontwikkeling van die “*Strange Situation*”-prosedure om babas se verskillende skeidingsresponse waar te neem. Babas wat byvoorbeeld geleer het om die moeder nie te vertrou nie, het moeiliker op die moeder se vertroosting tydens skeidingsepisodes gereageer as babas wat geleer het om die moeder te vertrou. Op soortgelyke wyse leer kinders wat gekritiseer word om interaksie met die moeder te vermy of om weerstand te bied (Siegel, 1999:74). Die voorafgaande aspek (antisipering van die moeder se gedrag) verwys na die “beheersisteem” van bindingsgedrag wat in die brein (sentrale sensuweestelsel) geleë is (Bowlby, 1988:123).

2.3.4.4 **Bindingspatrone**

Ainsworth, *et al.* (1978:310-320) en Main (2000:421-428) het moeder-kindinteraksiepatrone ondersoek om te bepaal of sekere bindingspatrone waargeneem kan word. Hulle het vier bindingspatrone geïdentifiseer, naamlik:

- *Geborge bindings.* Die geborge kind openbaar volle vertroue dat die ouer beskikbaar en hulpvaardig sal wees en sal reageer wanneer nodig. Die baba openbaar verder selfvertroue om sy omgewing te verken en hy bied goeie samewerking, veerkragtigheid en hulpvaardigheid. Die ouer wat hierdie bindingspatroon in stand hou is beskikbaar, liefderyk, hulpvaardig, sensitief, beskermend, gemaklik en stel realistiese verwagtings aan die kind. Die kommunikasiepatroon is dus ontspanne en gemaklik. (Vergelyk Senior, 2002:252; Main, 2000:416; Kobak, 1999:29; Solomon & George, 1999:661; Belsky, 1999:254; Siegel, 1999:88.)

- *Angstig-weerstandige bindings.* Die kind is onseker oor die ouer se beskikbaarheid en hulpvaardigheid. As gevolg hiervan neig hy tot skeidingsangs en klouerigheid in die babajare en kom hy angstig voor wanneer hy sy omgewing wil verken. Hy kom verder onseker, hartseer, vreesagtig, selfbewus, kunsmatig en vyandig voor terwyl hy soms onvanpaste aandagsoekende gedrag openbaar. Hierdie babas het geleer om verwerping te antisipeer. In hierdie bindingspatroon (waar konflik voorkom) is die ouer op 'n onvoorspelbare, inkonsekwente wyse betrokke en word die baba soms met dreigemente van verlating gemanipuleer. (Vergelyk Senior, 2002:253; Main, 2000:419; Levy & Orlans, 1998:17; Siegel, 1999:101.)

- *Angstig-vermydende binding.* Die baba ervaar geen vertroue in die ouer se beskikbaarheid nie en verwag om gekritiseer te word as hy hulp sou soek. Die baba ontwikkel in 'n kind wat poog om selfstandig te funksioneer en word soms as narsisties, vyandig, beledigend, impulsief en antisosiaal getipeer. Die ouer wat hierdie bindingspatroon in stand hou benader die kind met kritiek en verwerping wanneer die kind vertroeteling en beskerming soek. (Vergelyk Senior, 2002:252; Main, 2000:417; Solomon & George, 1999:661; Siegel, 1999:93.)

- *Gedisoriënteerde/gedisorganiseerde binding.* Die kinders wat hierdie bindingspatroon het, toon kenmerke van die voorafgaande twee bindingspatrone. Hulle poog soms om hul ouers of omgewing te beheer, domineer, verwerp en/of verneder. Die ouers van sodanige kinders verwaarloos en mishandel die kinders. Sommige van die ouers is self slagoffers van mishandeling en verwaarloosing, en depressie en preokkupasie met die verlede word by sommiges waargeneem. (Vergelyk Senior, 2002:253; Main, 2000:423; Siegel, 1999:107; Levy & Orlans,

1998:17; Goldberg, 2000:25-26; Lyons-Ruth & Jacobvitz, 1999:520-550; Hughes, 1997:22; Solomon & George, 1999:662.)

Die voorafgaande uiteensetting toon dat kinders se gedrag of bindingspatrone verband hou met hul ouers se optrede en dat die ouers se optrede soms verband hou met onverwerkte emosies vanuit hulle kinderjare (Feeney, 1999:361). Main (2000:440-443) het ouers se bindingsnarratiewe van hul kinderjare nagevors en die volgende soort volwassenes geïdentifiseer:

- *Ontwykende* ouers. Hulle vermy die bespreking van pynlike emosies wat met bindingservarings verband hou. Hulle *ontken* die ware feite van hul ouers se gedrag en identifiseer met die negatiewe gedragpatrone van hul ouers. Hulle het gewoonlik vermydende bindingsverhoudings met hul kinders.
- *Gepreokkupeerde* ouers. Hulle ervaring van hul kinderjare is verward en teenstrydig. Hulle het onverwerkte emosies oor hul kinderjare. Hulle is soms *gepreokkupeerd* met die verlede. Hulle het gewoonlik weerstandig-geborge kinders.
- *Onopgeloste/gedisorganiseerde* ouers. Hulle toon soms irrasionele denke tydens die bespreking van pynlike bindingservarings, soos onversoerbare idees dat 'n bindingsfiguur dood en lewendig is, verwarde onvoltooide sinne, onvanpaste bespreking van traumatiese ervarings en gedisorganiseerde gedrag soos selfmoordpogings. Hulle het gewoonlik gedisoriënteerde kinders.
- *Geborge* ouers. Hulle het hul kinderjare verwerk en kan gemaklik oor positiewe en negatiewe bindingservarings kommunikeer. Hulle vorm 'n sekuriteitsbasis vir die kinders en handhaaf 'n geborge bindingsverhouding met hul kinders. (Vergelyk Senior, 2002:254; Crowell, Fraley & Shaver, 1999:442; Siegel, 1999:89-107; Levy & Orlans, 1998:261-262.)

Bowlby (1988:126-127) het gepostuleer dat bindingspatrone voortbestaan omdat dit selfonderhoudend is. Wanneer 'n moeder nie gereeld op die kind se behoefte aan aandag reageer nie, kan die kind byvoorbeeld weerstandige gedrag openbaar om aandag te bekom. 'n Bose kringloop van verwerping ontstaan waar die kind uitreagerende gedrag toon om aandag te bekom

en die moeder die uitreagerende gedrag verwerp. Bindingspatrone kan egter verander. Sroufe (Senior, 2002:255) het bevind dat intervensie suksesvol kan wees en dat gunstige omgewingsinvloede selfs die baba se aangebore temperament kan beïnvloed. (Vergelyk Vaughn & Bost, 1999:202; Levy & Orlans, 1998:16.) Dit verg egter doelgerigte intervensie om gevestigde bindingspatrone by ouer kinders te verander (Hughes, 1997:33).

Verskeie skrywers (vergelyk Goldberg, 2000:97; Ammen, 2000:353-354; Van Ijzendoorn & Sagi, 1999:713-730) moedig 'n kultuursensitiewe benadering na die identifisering van bogenoemde bindingspatrone aan. Volgens Harwood, Miller & Irizarry (1995:13) kan daar aangeneem word “that attachment theory is useful in the broader sense but always must be applied within the context of cultural idiosyncrasies. Or, to state the case from a universalistic point of view, the repertoire of attachment behaviors is similar across countries, but the selection of these behaviors is cultural specific.”

Kruiskulturele navorsing deur Harwood, *et al.* (1995:x-xi) het bevind dat bindingspatrone van kultuur tot kultuur kan verskil. Duitse ouers moedig byvoorbeeld meer outonomieit as Amerikaanse ouers aan terwyl Japanese moeders meer afhanklikheid by hulle babas aanmoedig. (Vergelyk Senior, 2002:259; Wallant, 1995:xiv; Goldberg, 2000:112.) Talle Suid-Afrikaanse moeders dra hulle kind vir lank op die rug en dit kan 'n positiewe effek op bindingspatrone in Suid-Afrika hê omdat dit fisiese nabyheid tussen moeder en kind bevorder (Louw & Van Ede, 1998:218).

2.3.4.5 *Die interne werksmodel*

Volgens Bowlby (1988:129) raak bindingspatrone gevestig omdat die kind en ouer 'n interne werksmodel opbou wat hul gedrag reguleer. Bowlby het die konsep “interne werksmodel” oorgeneem van Criag (in Bretherton & Munholland, 1999:90) wat dit soos volg definieer: “... the organism carries a ‘small-scale model’ of external reality and of its own possible actions within its head ...”

Volgens Levy en Orlans (1998:127) bevat die interne werksmodel persepsies van die self (soos “ek is goed, bevoeg en werd om liefde te ontvang”), die ouers (soos “my ouers is betroubaar,

liefdevol en gee vir my om”) en die mensdom (soos “die mensdom is basies goed en die lewe is die moeite werd”). Eagle (2000:127) wys daarop dat die kind se interne werksmodel ook wensdenkery en ’n geïdealiseerde beeld van die ouer kan bevat. Die interne werksmodel bestaan dus uit geheueinhoude (outobiografiese en semantiese geheue) en ervarings van daaglikse interaksiepatrone (Suomi, 1999:198; Goldberg, 2000:150.)

Die individu se interne werksmodel kan van tyd tot tyd hersien word (Goldberg, 2000:9). As ’n ouer byvoorbeeld met ’n nuwe manier van optrede volhou, kan die kind se persepsie van die ouer verander. Volgens Levy en Orlans (1998:57) hou die individu se interne werksmodel verband met sy vermoë om sy eie emosies, impulse en response te reguleer. Die interne werksmodel van kinders met ’n bindingsversteuring word in Hoofstuk 3 onder 3.5.3.2 bespreek.

2.3.4.6 *Paaie van persoonlikheidsontwikkeling*

Die derde aanname van Bowlby se teorie oor persoonlikheidsontwikkeling hou met die proses van hierdie ontwikkeling verband. Bowlby (in Dozier, Stovall & Albus, 1999:515) het gepostuleer dat persoonlikheidsontwikkeling nie verband hou met ’n reeks fases waarin regressie en fiksasie voorkom nie. Bowlby (1988:135) stel dit soos volg: “There is one further way in which attachment theory differs from traditional types of psychoanalytic theory, namely its rejection of the model of development in which an individual is held to pass through a series of stages in any one of which he may become fixated or to which he may regress, and its replacement by a model in which an individual is seen as progressing along one or another of an array of potential developmental pathways.”

Erickson (Louw, Van Ede & Ferns, 1998:326) postuleer byvoorbeeld dat die middelkinderjarige kind reeds deur verskillende lewensfases beweeg het en verskillende psigososiale krisisse hanteer het. Indien dit gerem word, word die kind se ontwikkeling ingeperk, of vind onderontwikkeling plaas. Erikson het beweer dat ontwikkelingstake wat nie binne ’n bepaalde lewensfase bemeester word nie, baie moeilik later in die lewe voltooi word. Met ander woorde herstel is baie moeilik.

Bowlby (1988:136) vervang die voorafgaande met ’n model wat konstateer dat die baba by geboorte met verskillende geleenthede vir binding gebore word. Sy ontwikkelingspad word bepaal deur sy omgewing en hoe dit op sy behoeftes reageer. Kinders wat verwaarloos en mishandel is se ontwikkeling is op ’n ongesonde wyse beïnvloed. Bowlby (1988:136) meen dat

skade wat in die babafase aangerig is nie onherstelbaar is nie; dit kan reggestel word met die korrekte ervarings in latere ontwikkelingsfases. Bowlby (1988:136) stel dit soos volg: “[S]ince the course of subsequent development is not fixed, changes in the way a child is treated can shift his pathway in either a more favourable direction or less favourable one. Although the capacity for developmental change diminishes with age, change continues throughout the life cycle so that changes for better or for worse are always possible.” Bowlby (1988:136) sluit sy betoog soos volg af: “It is this persisting potential for change that gives opportunity for effective therapy.”

Die voorafgaande impliseer nie dat Bowlby en Ainsworth nie bepaalde fases in die bindingsproses waargeneem het nie. Inteendeel, hulle (in Marvin & Britner, 1999:50-56) het die volgende fases geïdentifiseer:

- Pre-bindingfase (0–8/12 weke): Die baba onderskei nie ’n bindsfiguur nie.
- Binding-in-wording (duur tot 6 maande): ’n Binding begin ontstaan.
- Duidelike bindingsgedrag (begin op 6/7 maande): Skeidingsangs kom voor.
- Doelwitverbeteringsgedrag (0–3 jaar): Die kind se repertoire van bindingsgedrag brei uit en die moeder word as sekuriteitsbasis gebruik om die omgewing te verken.

Die eerste drie jaar word dus as die sensitiewe fase (of vensterperiode) vir die ontwikkeling van ’n binding met die primêre bindingsfiguur beskou.

2.3.4.7 *Bindingsteorie en intervensie*

Bowlby (1988:155) het die rol van emosionele ondersteuning, fasilitering van gesinsterapie en empatie tydens intervensie beklemtoon. Hughes (1997:81) verwys na die terapeutiese fasilitering van wedersydse emosionele aanvoeling tussen ouer en kind. Jernberg en Booth (1999:36) verwys na “theraplay” of gestruktureerde spel terwyl Levy en Orlans (1998:177-198) van ’n gestruktureerde intervensieprogram gebruik maak. Lieberman en Zeanah (1999:572) wys daarop dat alle programme volgens die kind se ontwikkelingsvlak geïmplementeer moet word. Met verwysing na die seminare wat Bowlby aangebied het beklemtoon Byng-Hall (1999:625) die rol van gesinsterapie. Nie een van die skrywers verwys egter na ’n groepwerkprogram nie.

2.3.4.8 *Evaluering van die bindingsteorie*

Bowlby het die “logiese” konsep dat die kind ’n liefdevolle bindingsfiguur nodig om “normaal” te kan ontwikkel tot ’n insiggewende teorie uitgebrei wat vandag deur meer as 2 000 navorsingstudies gerugsteun word. (Vergelyk Karen, 1994:440; Cassidy & Shaver, 1999:x). Die bindingsteorie het egter aanvanklik op die vroeë kinderjare gefokus omdat bindingservarings in die vroeë kinderjare die basis van die individu se persoonlikheidsontwikkeling vorm.

Bowlby (1988:12) het nooit gepostuleer dat die emosionele binding tussen ’n ouer en kind die enigste komponent van die ouer-kindverhouding is nie. Hy het beklemtoon dat ’n gebalanseerde ouer ook ander rolle soos dié van dissiplineerder, maat en onderwyser moet vervul, wat nie met binding per se verband hou nie. Al hierdie aspekte is egter gegrondves in die basiese beginsel van die bindingsteorie, naamlik dat die ouer-kindverhouding ’n sekuriteitsbasis vir die kind moet vorm waarna die kind altyd kan terugkeer in tye van nood en ang en wanneer hy ondersteuning nodig het.

Die bindingsteorie word soms gekritiseer omdat dit baie op die ouer/s se gedrag fokus (Senior, 2002:263). Chess (Karen, 1994:304) is van mening dat Bowlby eensydig op die rol van die ouer fokus en die invloed van die kind se aangebore temperament onderskat. Bowlby het hiervan kennis geneem en gepostuleer dat interne sowel as eksterne faktore in ag geneem moet word wanneer die ouer-kindverhouding geassesseer word (Karen, 1994:304).

2.4 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was om vas te stel wat ander navorsers gedoen het om die konsep “binding” in die moeder-kindverhouding te verstaan, om uiteindelik die funksionele elemente wat in die beoogde program geïnkorporeer kan word, te identifiseer.

Die bespreking in hierdie hoofstuk het getoon dat kinders se behoefte aan ’n primêre bindingsfiguur (hoofsaaklik die moeder) oor die algemeen geïgnoreer is voordat John Bowlby en Mary Ainsworth op die toneel verskyn het (Karen, 1994:131-132). Maatskaplike werkers het sorgbehoewende kinders tussen versorgers rondgeskuif om te verhoed dat hulle met ’n primêre bindingsfiguur bind. Bowlby en Robertson (Levy & Orlans, 1998:15) het veral aandag gegee aan die rouproses waardeur kinders gaan wanneer hulle van hul primêre bindingsfiguur geskei word. Ainsworth (Levy & Orlans, 1998:16) se navorsing het gehelp om te bepaal dat die eerste drie jaar en veral die eerste lewensjaar die sensitiewe periode is waartydens ’n primêre binding

gevorm word. Ainsworth (Goldberg, 2000:27) het ook vasgestel dat die aard en kwaliteit van 'n moeder-kindbinding kan verskil en dat hierdie verskille hoofsaaklik die gevolg van die moeder se optrede teenoor die baba is. Dus word aanvaar dat die pleegkinders in hierdie navorsing reeds in hul eerste lewensjaar 'n binding met hul biologiese moeder gevorm het, en hierdie binding sal in ag geneem word in die ontwerp van die program vir verwante enkelouerpleegmoeders en hul pleegkinders.

Die wêreldwye toepassing van Ainsworth (Levy & Orlans, 1998:16) se navorsing het gelei tot die bevinding dat die konsep “binding” universeel voorkom maar kultuurspesifiek is. Voorts het Bowlby se ontleding van Freud se teorieë gelei tot die bevinding dat die primêre “binding” nie met voedsel verband hou nie (Meyer & Van Ede, 1998:50). Bowlby het bewyse gevind dat 'n moeder-kindbinding veral nie met borsvoeding verband hou nie, maar met die sagtheid en warmte wat 'n moederfiguur kan bied. Die bewyse het berus op etnologiese navorsing oor die bindingsgedrag by veral resusape, wat daarop gedui het dat resusape na 'n “sagte” moederfiguur gaan in angsvolle situasies en nie na 'n harde draadmoeder nie, ongeag die feit dat die draadmoeder voedsel aan hulle voorsien het.

Op grond van Erik Erikson (Hook, 2002:271) se teorie is bepaal dat vertroue die basis van 'n bindingsverhouding vorm. Die kind internaliseer vertroue in die moeder se beskikbaarheid indien die moeder konsekwent op sy behoeftes reageer. Dit impliseer dat die ontwikkeling van 'n bindingsprogram vir pleegmoeders en hul pleegkinders met die ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding rekening moet hou.

Deur Magaret Mahler (Fonagy, 1999:603-604) se navorsing oor binding te ondersoek het Bowlby vasgestel dat die baba en kind nie 'n passiewe, narsistiese wese is wat hoofsaaklik op sy eie behoeftes ingestel is nie, maar 'n sosiale wese wat aktief soek na 'n verhouding met sy bindingsfiguur. In ooreenstemming met Ainsworth (Fonagy, 1999:603-604) se navorsing is daar verder bepaal dat kinders hul gedrag “vorm”, “verander” en “skik” om by die moeder se gedrag en behoeftes aan te pas. Dus moet die pleegmoeders wat aan die beoogde program gaan deelneem bewus gemaak word van die effek van hul gedrag.

Melanie Klein (Watts, 2002b:92) se navorsing oor binding het Bowlby tot die slotsom gelei dat kinders se emosionele probleme dikwels met die moeder-kindverhouding verband hou en dat

intervensie altyd hierdie verhouding in ag moet neem. Dus moet die ontwerp van die beoogde bindingsprogram vir pleegmoeders en hul pleegkinders dit in berekening bring.

Donald Winnicott (Watts, 2002c:108) het meer lig gewerp op die rol van die moeder se sensitiwiteit en onvoorwaardelike aanvaarding van die kind, waarmee Bowlby saamgestem het. Daniel Stern het getoon dat 'n sensitiewe moeder tot so 'n mate in aanvoeling met haar kind se behoeftes is dat sy op 'n empatiese wyse die kind se emosies na hom terugkaats. Die kognitiewe sielkunde (neurobiologiese benadering) ondersteun hierdie mening en wys daarop dat die hantering van emosies in die moeder-kindverhouding 'n sentrale rol in binding vervul. Die kognitiewe sielkunde wys verder daarop dat die kind 'n interne werksmodel (kognitiewe verwysingsraamwerk) van die moeder se optrede opbou. Dit hou verband met die inkorporering van die moeder se gedrag en optrede in sy geheuesisteem. As gevolg van hierdie inkorporering van inligting antisipeer die kind hoe die moeder gaan optree en leer hy om sy gedrag daarvolgens aan te pas. Verder behels dit dat die kind homself evalueer na aanleiding van die moeder en ander betekenisvolle persone se optrede teenoor hom. Dit impliseer dat 'n negatiewe selfpersepsie (wat tot 'n groot mate die kind se gedrag reguleer) met die moeder-kindverhouding verband hou. Die implikasies hiervan vir hierdie studie is dat daar na moeder-kindinteraksiepatrone en hoe dit bydra tot die kind se selfpersepsie gekyk moet word.

Met verwysing na die behavioristiese benadering, wat die rol van eksterne invloede beklemtoon, het Bowlby (Karen, 1994:170-171) gepostuleer dat beide eksterne en interne (omgewings-, kognitiewe en emosionele) prosesse in ag geneem moet word wanneer die moeder-kindbinding bestudeer word.

Die kern van Bowlby (1988:120) se teorie wat met hierdie navorsing verband hou is sy waarneming dat kinders 'n behoefte aan fisiese en emosionele nabyheid aan hul primêre bindingsfiguur het. Die band tussen 'n bindingsfiguur en kind moet vir die kind 'n sekuriteitsbasis wees waarheen hy in tye van nood en angs kan gaan. Hierdie aspek is dus vir die implementering van die beoogde bindingsprogram belangrik – die pleegkinders moet 'n sekuriteitsbasis kry om hul emosies te kan opdiep en ondersoek.

Hoofstuk 3 bespreek die middelkinderjarige pleegkind met 'n bindingsversteuring. Die uiteensetting van die literatuur in Hoofstuk 2 sal as grondslag vir Hoofstuk 3 dien omdat dit die

behoefte van dié kinders rondom die konsep “binding” verduidelik asook hoe pleegkinders met ’n bindingsversteuring dink en redeneer en watter kenmerkende emosies hulle ervaar.

HOOFSTUK DRIE

DIE MIDDELKINDERJARIGE PLEEGKIND MET 'N BINDINGSVERSTEURING

“... when a child is abandoned by a parent through death, the dialogue continues within the child. The child remains attached to the dead parent in profound ways and this attachment has a great deal of influence on the child's thoughts, feelings, plans, and behaviors throughout his life. ... This continuing dialogue cannot be ignored; it must be integrated into all efforts to help the child to form a dialogue with his new parent or caregiver.”

(Kaplan in Hughes, 1997:15)

3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om vanuit die literatuur die behoeftes van middelkinderjarige pleegkinders vanuit die bindingsteorie te verken. Wanneer 'n pleegkind se eerste primêre bindingsverhouding versteur word, byvoorbeeld deur die dood van die biologiese moeder, word daar verwys na “bindingsversteuring”. (Vergelyk 1.12.) In hierdie hoofstuk word op pleegkinders met 'n bindingsversteuring gefokus.

Dis belangrik om kennis te neem van pleegkinders se bindingsbehoefte en ontwikkelingsfasies, aangesien die bindingsprogram wat in hierdie studie ontwikkel word, op hul ontwikkelingsvlak aangebied moet word en nie hul emosionele en/of kognitiewe vermoëns moet oorskry of onderskat nie. In hierdie hoofstuk word dus op die funksionering van middelkinderjarige kinders met verwysing na die volgende dimensies van funksionering gefokus: emosionele, kognitiewe,

sosiale en fisiese funksionering. Ter oriëntering word die begrippe “substituutsorg” en “pleegsorg” egter eers omskryf en ’n kort oorsig van die geskiedenis van pleegsorg gegee.

3.2 SUBSTITUUTSORG

Die Kinderhof kan ingevolge Artikel 15(1)(b), (c) en (d) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983), soos gewysig in die Wysigingswet op Kindersorg, 1991 (Wet No. 86 van 1991), beveel dat ’n sorgbehoewende kind in substituutsorg geplaas word. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:60) definieer “sorgbehoewende kind” soos volg: “KIND wie se MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING asook fisiese, psigiese en emosionele ontwikkeling belemmer is deur verwaarlosing of mishandeling, of gebrek aan uitoefening van beheer deur die OUIERS of VOOG”. Volgens die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:62) dui die konsep “substituutsorg” op die volgende: “VERSORGING van kinders weg van hulle OUIERS”. Substituutsorg beteken dus dat kinders in alternatiewe sorg, wat nie hulle biologiese ouers is nie, geplaas word. (Beklemtoneering soos in die bron.)

Aangesien die natuurlike moeder of beide ouers van die kinders in hierdie studie oorlede is, is versorging deur dié primêre versorgers nie moontlik nie en is die kinders in hierdie studie dus op substituutsorg aangewese.

3.2.1 Pleegsorg

Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983), maak in Artikel 15(1)(b) daarvoor voorsiening dat ’n sorgbehoewende kind “onder toesig van ’n maatskaplike werker in die bewaring van ’n geskikte pleegouer deur die hof aangewys” geplaas kan word. Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) maak verder in Artikel 16(1) daarvoor voorsiening dat ’n bevel wat ingevolge Artikel 15(1)(b) uitgereik word na ’n tydperk van twee jaar verval. Hierdie bevel kan egter ingevolge Artikel 16(2) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 No. van 1983), vir ’n verdere tydperk van twee jaar verleng word tot ’n datum waarop die kind 18 jaar oud word.

Die tipe pleegsorgplasing wat in hierdie studie ter sprake is, is ’n langtermynplasing, omdat herstel in die biologiese ouers se sorg nie moontlik is nie en die kind waarskynlik by die pleegouer sal bly totdat hy of sy 18 jaar oud is. (Vergelyk Kleynhans, 2000:24.) Daar is oor die

algemeen twee redes vir hierdie tipe plasings: die dood of onbevoegdheid van die ouers (alhoewel ouers nie meer “onbevoeg” bevind word nie, maar die kind eerder “sorgbehoewend” bevind word). Die kinders in hierdie studie is dus op ’n langtermynbasis by hul grootmoeders in pleegsorg geplaas omdat hul biologiese moeders oorlede is en hul biologiese vaders onopspoorbaar of oorlede is (Myburgh, 2003).

Die grootmoeders van die kinders in hierdie studie is na sorgvuldige oorweging deur die Kinderhof as wettige pleegouers vir die kinders aangewys. Omdat hierdie grootmoeders baie arm is, is pleegsorg die enigste vorm van substituutsorg wat hulle kan oorweeg, omdat hulle sodoende vir ’n pleegkindtoelae vir die kinders kwalifiseer. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:49) definieer “pleegkindtoelae” soos volg: “MAATSKAPLIKE TOELAE betaalbaar aan ’n PLEEGOUER vir die VERSORGING van ’n PLEEGKIND”. (Beklemtoning soos in bron.) Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:49) definieer “pleegkind” soos volg: “KIND wat volgens wetgewing in die sorg van ’n PLEEGOUER geplaas is”. (Beklemtoning soos in bron.)

Aanneming gaan nie met ’n staatstoelae gepaard nie en word daarom nie deur die grootmoeders oorweeg nie. “Aanneming” word soos volg deur die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:1) gedefinieer: “Geregtelike reëling waarvolgens die permanente bevoegdheid en verantwoordelikheid van ouerskap ten opsigte van ’n minderjarige aan ’n meerderjarige toegeken word”. Beleidsbepalers is egter tans besig om die instelling van ’n aannemingsbevel mét ’n toelae te ondersoek (Myburgh, 2003). Omdat nuwe wetgewing in hierdie verband nog nie in plek is nie, word die term “permanente pleegsorgplasing” nog steeds deur die Kinderhof gebruik.

3.2.2 Redes vir sorgbehoewendheid en pleegsorg

Kinders word weens verskeie redes sorgbehoewend bevind en in pleegsorg geplaas. In Artikel 14(4) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983), soos gewysig in die Wysigingswet op Kindersorg, 1998 (Wet No. 86 van 1991), word die volgende redes vir sorgbehoewendheid gegee:

- (a) die kind geen ouer of voog het nie;
- (Aa) die kind ’n ouer of voog het wat nie opgespoor kan word nie;

[Par. (Aa) ingevoeg deur a.5 van Wet No. 86 van 1991]

- (Ab) die kind –
- (i) verlaat is of geen sigbare bestaansmiddele het nie;
 - (ii) gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouers of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie;
 - (iii) in omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder;
 - (iv) woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad;
 - (v) in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing is;
 - (vi) fisies, emosioneel of seksueel deur sy of haar ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy of sy is, misbruik of mishandel is; of
 - (vii) in stryd met artikel 10 onderhou word.

Die kinders in hierdie studie is dus ingevolge Artikel 14(4)(a) van die Wet op Kindersorg , 1983 (Wet No. 74 van 1983) in pleegsorg geplaas omdat hulle geen ouer of voog het nie. Hulle is dus uitsluitlik kinders van wie die biologiese moeder oorlede is en die vader onbekend, onopspoorbaar of oorlede is.

Die geskiedenis van pleegsorg word vervolgens bespreek.

3.3 GESKIEDENIS VAN PLEEGSORG

Voor die 1800's is kinders selde in publieke sorg geplaas (Levy & Orlans, 1998:212). Die eerste Kinderwet is in 1802 in Engeland uitgevaardig om kinders teen kinderarbeid te beskerm (Cuffe & Shugart, 2001:330). Publieke besorgdheid oor die versorging van kinders het in 1817 in New York na vore getree toe 'n groep persone in diens van 'n kerk protes aangeteken het oor die wyse waarop 'n aangenome dogter, Mary Ellen, behandel is. Mary Ellen is fisies mishandel en soms aan 'n bed vasgemaak. Haar ouers is voor die hof gedaag maar die hof kon geen uitspraak lewer nie omdat daar geen wetgewing was wat ouers tegnies verbied het om hul kinders te mishandel nie.

Aangesien diere in die 1800's meer beskerming geniet het as kinders, het die genoemde groep persone hulle op die Vereniging vir die Voorkoming van Wreedheid teenoor Diere beroep

(omdat Mary Ellen 'n lid van die “diereryk” was). Die hof het daarna beslis dat Mary Ellen uit die sorg van haar ouers verwyder moet word. Die Nasionale Vereniging vir die Voorkoming van Wreedheid teenoor Kinders is daarna in die VSA en ander lande in die lewe geroep (Cuffe & Shugart, 2001:330).

In Suid-Afrika is die behoeftes van sommige sorgbehoewende kinders vir lank oor die hoof gesien weens die beleid van arbeidsmigrasie. (Vergelyk Eidelberg, 2004; Viljoen, 1998:15.) Allsopp en Thumbadoo (2004/08/04) stel dit soos volg: “Many years of political violence, migratory labour, forced removals as well as rapid urbanisation resulting from the abolition of influx control have severely impacted on the lives of children.”

In Junie 1976 het swart kinders vir die eerste keer in opstand gekom teen regeringsbeleid. Onluste en geweld het in swart woonbuurte uitgebreek weens verset teen die beleid dat Afrikaans as onderrigmedium in swart skole gebruik moes word. Talle kinders het na die stede gevlug en op straat gaan woon om intimidasie te vermy. Hierdie tendens het tot 'n toename in straatkinders en sorgbehoewende kinders in stedelike gebiede gelei, wat die regering voor 'n knellende maatskaplike probleem te staan gebring het, naamlik om geskikte versorging vir die groeiende aantal sorgbehoewende kinders te vind (Viljoen, 1998:16).

Nadat die African National Congress (ANC) in 1994 aan bewind gekom het, is 'n program van heropbou en ontwikkeling van agtergestelde gemeenskappe geïmplementeer. (Vergelyk Witskrif vir Welsyn, 1997.) In 1995 is die Verenigde Nasies se Konvensie vir die Regte van Kinders aanvaar en in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996) bekragtig (Allsopp & Thumbadoo, 2004/08/04; De Vos, 1995:233). Artikel 28 van die Grondwet, 1996 (Wet No. 108 van 1996) stipuleer dat elke kind die volgende regte wat op hierdie studie van toepassing is, het:

- Die reg op familie- of ouerlike sorg, of geskikte alternatiewe sorg wanneer hy/sy vanuit die familie-omgewing verwyder word.
- Die reg op basiese voeding en basiese gesondheids- en maatskaplike dienste. Dit behels dat die Staat 'n verantwoordelikheid het om die kind se basiese reg op voeding en maatskaplike hulpbronne te beskerm.

- Die reg op sekuriteit. Dit sluit in die reg op “geborgtheid” en “om goed voorsien voor te word”, aldus De Vos (1995:257).

Ten einde die voorafgaande in werking te stel, het die regering gelas dat arm grootmoeders wat na hul kleinkinders omsien, finansiële bystand van die Staat moet ontvang (Gillwald, 2003/09/23). Hierdie stap maak dus voorsiening vir die fisiese behoeftes van sorgbehoewende kinders, maar weens ’n gebrek aan navorsing oor binding in pleeggesinne is daar tot dusver relatief min aandag aan die ander behoeftes van pleegkinders met ’n bindingsversteuring bestee.

’n Groot aantal kinders (insluitend pleegkinders) in Suid-Afrika ervaar komplekse probleme wat druk op die enkelouer-kindverhouding plaas. In ’n artikel deur die South African Association of Child Care Workers (Allsopp & Thumbadoo, 2004/08/04) word die belangrikste probleme soos volg uitgewys:

- Ongeveer 6 uit elke 10 kinders leef in armoede.
- Ongeveer 5% van alle kinders tussen 10 en 16 jaar woon nie skool by nie.
- In 1998 het die Kinderbeskermingseenheid 37 352 misdade teen kinders ondersoek, waarvan 57% seksuele misdade was. Daar kan aanvaar word dat die syfer tans heelwat hoër is.
- In April 2002 was 2 334 kinders in die gevangenis en verhoorafwagend.
- Teen 2005 sal daar ongeveer een miljoen weeskinders onder die ouderdom van 15 jaar wees.
- Ongeveer 45% van die Suid-Afrikaanse bevolking (16 miljoen) is onder die ouderdom van 20 jaar en 60% van alle nuwe MIV/vigs-infeksies vind by jong persone tussen die ouderdomme van 15 en 25 jaar plaas. Die aantal jong ouers wat sterf is dus groot en so ook die aantal kinders wat in hul vroeë kinderjare hul ouers verloor.

Allsopp en Thumbadoo (2004/08/04) beskryf die haglike lewensomstandighede van ’n groot aantal kinders in Suid-Afrika: “Child care workers are expected to provide these services in communities where there is no food – and children go to school hungry; where children face the burial places of their parents in their back yards daily; where the family is raised on an aged grand mother’s pension; where the local clinic is too far to walk and there is no money for taxi fares; where the clinics run out of medication; where children stay out of school to care for their

dying parents; where children are at risk of abuse or rape; where legally their homes do not even belong to them. Taking child care services to our children in these contexts is a huge responsibility and a staggering challenge.”

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat talle pleegkinders in multi-gedepriveerde omstandighede grootword. Die meerderheid is arm, het hul moeder aan die dood afgestaan en word deur 'n enkelouerpleegmoeder versorg. Weens 'n toename in sterftes van moeders word al hoe meer jong pleegkinders in die pleegsorgstelsel opgeneem, wat veroorsaak dat hul spesiale behoeftes al hoe meer onder die aandag van maatskaplike werkers kom.

3.4 DIE PLEEGKIND IN SUID-AFRIKA: 'N KIND IN ONTSTELLENDIGE OMSTANDIGHEDE

Die pleegsorgbevolking in Suid-Afrika het sedert 1998 meer as verdubbel (Myburgh, 2003; Du Toit, 2003). Die pleegkinders word meestal deur familie, veral die maternale grootmoeder, versorg (Myburgh, 2003). Die meerderheid kinders het hul moeder weens natuurlike oorsake soos MIV/vigs en aanverwante siektes verloor. Gordon en Klaud (Kleynhans, 2000:13) definieer vigs soos volg: “AIDS is a medical diagnosis for a combination of illnesses which results from a specific weakness of the immune system. This immune deficiency is caused by the HIV. Therefore AIDS can be defined as follows, Acquired Immune Deficiency Syndrome and HIV as Human Immune Deficiency Virus.” Vigs hou dus met die aftakeling van die immunitestelsel verband, wat tot gevolg het dat die persoon verskeie aanverwante siektes opdoen.

In 2002 (Bass, 2004/08/08) is daar bereken dat ongeveer 4 miljoen Suid-Afrikaners met die MI virus (menslike immunitetsgebrekvirus) besmet is en dat ongeveer 1 700 nuwe infeksies elke dag plaasvind. In sommige gebiede is een derde van alle swanger vroue MIV positief (Bass, 2004/08/08). Zuma (in Schönsteich, 2003/09/23) het bereken dat 6,1 miljoen Suid-Afrikaners teen 2010 met die MI virus geïnfekteer sal wees. Du Toit (2003) het bevind dat langtermynplasinge van pleegkinders by verwante pleegmoeders by die Christelik Maatskaplike Raad van Mpumalanga sedert 1998 met 644,49% toegeneem het. Allsopp en Thumbadoo (2004/08/04) het bevind dat ongeveer 20% van alle kinders in Suid-Afrika onder die ouderdom van sewe jaar nie meer by een van hul biologiese ouers woon nie. Verskeie skrywers (vergelyk Bass, 2004/08/08; Allsopp & Thumbadoo, 2004/08/04; Levy & Orlans, 1998:211) is dus van mening dat die

pleegsorgbevolking in Suid-Afrika en die buiteland met die volgende stresverwante faktore saamleef:

- Ontoereikende fondse en beperkte hulpbronne om in pleegkinders en pleegouers se behoeftes te voorsien.
- 'n Toename in die emosionele en mediese behoeftes van pleegkinders en pleegouers.
- 'n Toename in gevalleladings, uitbranding, en ontoereikende fondse en salarisse by welsynsorganisasies.
- Gebrek aan ondersteuning van en opleiding aan pleegouers.
- Lang afstande na hulpbronne.

Kinders wat in die pleegsorgstelsel opgeneem word, is gewoonlik aan baie risiko's blootgestel. (Vergelyk Robertson & Donaldson, 2003/09/23; Gillwald, 2003/09/23; Schönteich, 2003/09/23; Goldberg, 2000:127; Jernberg & Booth, 1999:292; Levy & Orlans, 1998:211; Hughes, 1997:9-19; James, 1994:32-33.) Hierdie risiko's sluit die volgende in: armoede, hongersnood, gebrek aan pre-natale versorging, pre-natale alkohol- en dwelminname, tienerswangerskappe, 'n gesinsgeskiedenis van geestesongesteldheid, misdaad, gesinsgeweld, angs, mishandeling, seksuele misbruik, verwaarlosing, verlating, verwerping en die dood van 'n ouer/s of versorger/s.

Weens maatskaplike werkers se hoë gevallelading en die komplekse psigososiale probleme van pleegkinders en pleegmoeders word individuele terapie net in uitsonderlike gevalle aangebied (Myburgh, 2003). 'n Groepwerk-bindingsprogram vir enkelouerpleegmoeders en middelkinderjarige pleegkinders met 'n bindingsversteuring word derhalwe dringend benodig.

3.5 DIE MIDDELKINDERJARIGE PLEEGKIND

Swanepoel en Wessels (1992:12) definieer "kind" as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar. (Vergelyk die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:32.) Alvorens die funksionering van middelkinderjarige kinders bespreek word, is dit nodig om te let op algemene kenmerke wat kinders van volwassenes onderskei. Goldstein, Solnit, Goldstein en Freud (1996:9) meen dat die volgende vyf verskille tussen volwassenes en kinders altyd in gedagte gehou moet word wanneer daar met sorgbehoewende kinders gewerk word:

- Die kind se ontwikkelingsfase. In teenstelling met volwassenes verander kinders baie van die een ontwikkelingsfase na die volgende. Hulle verander met betrekking tot hul afhanklikheid van ouers, begrip van gebeure, frustrasietoleransie en behoeftes. Besluite oor kinders se toekoms moet dus altyd hul ontwikkelingsfase in ag neem.
- Die kind se konsep van tyd. In teenstelling met volwassenes, wat die verloop van tyd volgens 'n horlosie of kalender meet, het kinders 'n sin vir tyd wat met hul behoeftes en kognitiewe beperkings ooreenstem. Vir kinders in die middelkinderjare is 'n skeiding van ongeveer ses maande onverstaanbaar. Dit het tot gevolg dat hulle baie kwesbaar is gedurende skeiding van 'n bindingsfiguur. Hoe jonger die kind, hoe gouer vergeet hy egter sy ouers as hy weg van hulle woon.
- Die kind se interpretasie van gebeure. In teenstelling met volwassenes ervaar kinders alle gebeure op 'n baie persoonlike vlak. Die dood van 'n ouer kan dus as doelbewuste verwerping en verlating beskou word.
- Die interaksie tussen genetiese en omgewingsfaktore. Genetiese en omgewingsfaktore beïnvloed mekaar wedersyds, en dit moet altyd in ag geneem word.
- Die kind se begrip van familiebande. In teenstelling met volwassenes het kinders in die voorskoolse ontwikkelingsfase 'n beperkte begrip van familiebande of "bloedbande". Hulle reageer op grond van die primêre versorger se optrede teenoor hulle. Die baba of kleuter se genetiese bindingspotensiaal word dus *geaktiveer* deur die wyse waarop die primêre versorger teenoor hom optree. 'n Moeder wat byvoorbeeld nie konsekwent op die baba se behoeftes reageer nie kan nie verwag dat die baba gevoelens van veiligheid, vertrouwe en geborgenheid gaan internaliseer nie. (Vergelyk Jernberg & Booth, 1999:22-25; Vasta, Haith & Miller, 1999:20-23; Bowlby, 1969:220.)

3.5.1 Algemene bindingsaspekte wat met kinderontwikkeling verband hou

Die middelkinderjare, ook bekend as die primêre skooljare, is 'n ontwikkelingsfase tussen die ouderdomme van 6 en 13 jaar. (Vergelyk Louw, Van Ede & Ferns, 1998:326; Gormly, 1997:256; Turner & Helms, 1995:300; Rice, 1995:7.) Freud (in Louw, *et al.*, 1998:326) noem die middelkinderjare die fase van psigoseksuele latentheid omdat geen nuwe bron van seksuele drangenergie in hierdie fase na vore tree nie. Erikson (in Louw, *et al.*, 1998:326) noem hierdie fase die periode van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid omdat die kind 'n sinergisme tussen genoemde egokwaliteite moet bereik. (Vergelyk 2.3.1.2.)

Bowlby is van mening dat 'n moeder-kindbinding in die middelkinderjare reeds gevestig is en dat daar geen verdere gedragsveranderinge met betrekking tot binding na die ouerdom van drie jaar in die moeder-kindverhouding voorkom nie (Marvin & Britner, 1999:62). Dit impliseer dat pleegkinderen wat reeds vanaf hul babajare by hul pleegmoeders woon reeds teen die middelkinderjare 'n binding met die pleegmoeder gevestig het.

Bowlby (in Marvin & Britner, 1999:62) is van mening dat die doelwitverstellingsfase (“goal corrected partnership”) wat op die ouderdom van drie jaar in werking tree die laaste fase in die ontwikkeling van binding is. 'n Binding duur egter lewenslank. Bowlby (in Bretherton & Munholland, 1999:89) is bekend daarvoor dat hy gepostuleer het dat 'n binding van die “wieg tot die graf” duur. Dit impliseer dat die kind se “sekuriteitsbasis” in die voorskoolse jare gevestig word en dat die primêre skoolkind nou met 'n vooropgestelde persepsie van die ouer se beskikbaarheid lewe. Middelkinderjarige kinders met 'n geborge binding beleef dat hulle hul bindingsfiguur kan vertrou en dat die bindingsfiguur by magte is om hulle te beskerm en in hul behoeftes te voorsien. Kinders met 'n ongeborge binding ervaar nie hierdie vorm van emosionele sekuriteit nie (Marvin & Britner, 1999:62-63).

Die voorafgaande impliseer dat as 'n kind se *behoefes* teen drie jaar bevredig is, hy ook geleer het om ander te vertrou en om sekuriteit binne 'n stabiele, vertroetelende binding te beleef. Verskeie skrywers (vergelyk Lindaman, Booth & Chambers, 2000:374, Munns, 2000:31; Jernberg & Booth, 1999:xxi-xxiv) stem saam dat alle kinders die volgende emosionele behoeftes het, hoewel dit nie in 'n ongeborge ouer-kindbinding bevredig word nie:

- *Struktuur*, insluitend 'n geordende omgewing met duidelike grense.
- *Vertroeteling*, of om die kind se behoefte aan liefde, koestering en versorging te bevredig.

- *Inskakeling*, of bewusmaking van die kind van sy omgewing. Hierdie aspek sluit spel en kommunikasie in.
- *Uitdagings* wat binne die kind se ontwikkelingsvlak en vermoëns gestel word, soos om hom aan te moedig om sy eerste tree te gee.

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat waar die ouers struktuur, liefde, vertroeteling en uitdagings aan die kind bied, 'n geborge binding tot stand kom. Die vervulling van die behoeftes bied die kind 'n gevoel van sekuriteit. (Vergelyk Cassidy, 1999:12.) Versuim om aan hierdie behoeftes te voorsien dui op 'n gebrek aan sensitiwiteit en aanvoeling vir die kind se menswees.

Aangesien 'n binding in die eerste drie jaar, maar veral in die eerste jaar van die kind se lewe gevorm word, en dit 'n invloed op sy verdere ontwikkeling het, sal daar vervolgens na enkele faktore in die eerste primêre moeder-kindverhouding gekyk word (Marvin & Britner, 1999:50). Greenspan (in Hughes, 1997:25) het in die verband veral twee interaksiepatrone by moeders en babas geïdentifiseer:

- In die een patroon voel die baba gou ontmoedig omdat sy moeder nie in voeling met sy behoeftes en emosies is nie. Sy motoriese bewegings na buite bly bloot herhalend. As gevolg van 'n gebrek aan interaksie met die omgewing ontwikkel sy taalvaardighede nie optimaal nie en weens 'n gebrek aan emosionele stimulasie ontwikkel veral sy emosionele woordeskat nie optimaal nie. (Vergelyk Hughes, 1997:25.)
- In die ander patroon inkorporeer die baba konsepte wat met ambivalensie en wantroue verband hou (soos impulsiwiteit) in sy interne werksmodel omdat die moeder nie konsekwent op sy behoeftes reageer nie. Dit veroorsaak dat hy leer om volwassenes te wantrou en lei uiteindelik dikwels tot sosiale probleme soos erge aggressie, opposisioneringsgedrag, aandagafleibaarheid, hiperaktiwiteit, bipolêre versteurings en antisosiale gedrag. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:62.)

Die voorafgaande impliseer nie dat die invloed van ander interne en eksterne faktore geïgnoreer moet word nie. Senior (2002:263) meld dat daar verskeie waninterpretasies van Bowlby se teorie bestaan en dat die persepsie dikwels geskep word dat Bowlby net op die rol van die moeder

gefokus het. Senior (2002:263) stel dit soos volg: “Bowlby has, however, been criticised for placing undue emphasis upon the role of the mother, and the concept of maternal deprivation has led mothers to feel anxious about the potentially damaging effects of even brief separations from their children.” Senior (2002:263) wys daarop dat Bowlby ook ander omgewingsinvloede wat die moeder-kindverhouding kan beïnvloed in ag geneem het. Senior (2002:263) stel dit soos volg: “Bowlby chose to emphasise external reality and the importance of environmental influences in psychological development.”

Die middelkinderjarige pleegkind se emosionele behoeftes en funksionering word vervolgens bespreek.

3.5.2 Emosionele funksionering van die middelkinderjarige kind

Die feit dat die middelkinderjarige kind of primêre skoolkind begin skoolgaan, het 'n merkwaardige impak op sy emosionele ontwikkeling. Die aanvang van 'n skoolloopbaan vereis dat hierdie kinders selfstandig moet kan begin funksioneer, die gesag en outoriteit van die onderwyser moet kan aanvaar en by portuurgroeplede moet kan aanpas. Emosioneel-kognitiewe probleme soos konsentrasiefluktuering is gou duidelik, terwyl die kind met selfstandigheidsprobleme gou begin uitsak op akademiese gebied. (Vergelyk Moss & St-Laurent, 2001:863; Levy & Orlans, 1998:98.)

Volgens Turner en Helms (1995:329) moet die middelkinderjarige kind met groter emosionele volwassenheid of buigbaarheid begin funksioneer. In teenstelling met die voorskoolse kind druk die middelkinderjarige kind sy emosies op 'n meer diverse manier uit. Geslagsrolstereotipering kan egter verhoed dat hierdie kinders leer om oor hul emosies te kommunikeer. Seuns word dikwels geleer om nie te huil nie en meisies om nie aggressie te toon nie. (Vergelyk Louw, *et al.*, 1998:349; Turner & Helms, 1995:329.) Daarbenewens moet sommige pleegkinders ook leer aanpas by die onherroeplike verlies van hul moeder. Hierdie aspek sal vervolgens bespreek word.

3.5.2.1 Emosionele dinamika van die ontwrigting van 'n binding

Bowlby (in Kobak, 1999:24) meen dat die ouer-kindverhouding 'n onvervangbare konteks vir die emosionele ontwikkeling van die kind vorm. Bowlby (in Kobak, 1999:24) het in die 1940's begin om navorsing te doen oor kinders se emosionele response na skeiding van hul

moederfiguur. Bowlby en Robertson (in Kobak, 1999:24) het hierdie kinders vier jaar lank verfilm. (Vergelyk Karen, 1994:104; James, 1994:7.) Hulle het drie emosionele fases in die rouproses geïdentifiseer, naamlik opstand, wanhoop en losmaking. (Vergelyk Renn, 2002:295; Bretherton, 2000:56; Fraley & Shaver, 1999:736; Bowlby, 1988:32; Bowlby, 1980:85; Bowlby, 1979:49.)

Volgens Bowlby (1988:31) is rou “the usual response to a loss after it has occurred”. Levy en Orlans (1998:223) stel dit soos volg: “The grieving process as a reaction to separation and loss has been described as a series of stages culminating in resolution.” (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:223; Gormly, 1997:675.)

Volgens Bowlby (1979:49) verloop die rouproses na skeiding van ’n primêre bindingsfiguur soos volg:

Die eerste fase (*opstand*) duur ’n paar uur tot een of meer weke. Die kind huil aanvanklik en toon skeidingsangs op verskeie maniere, soos om baie hard te huil en om woede te toon. Die dominante houding in die fase is hoop dat die moeder sal terugkeer. Pogings deur ander versorgers om die kind te troos is gewoonlik onsuksesvol en sommige kinders verwerp die versorgers openlik. Die aande is die moeilikste tyd. Die dominante emosies tydens die fase is gewoonlik vrees, woede en hartseer. (Vergelyk Kobak, 1999:24; Fraley & Shaver, 1999:736; Bowlby, 1979:49.)

Die tweede fase (*wanhoop*) word gekenmerk deur moedeloosheid of magteloosheid omdat die moeder nie terugkeer nie. Aktiewe fisiese bewegings verminder en die kind neig om hom te onttrek van ander (Kobak, 1999:24). Bowlby (in Fraley & Shaver, 1999:737; Kobak, 1999:24) postuleer dat die kind ’n diep rouproses oor die verlies van die moederfiguur ingaan. Hy meen dat volwassenes hierdie gedrag dikwels verkeerdelik interpreteer as ’n herstelfase. Die kind tree ook soms vyandig teenoor ander op (Kobak, 1999:24).

In die derde fase (*losmaking*) begin die kind om weer in ander en sy omgewing belang te stel. (Vergelyk Kobak, 1999:24; Fraley & Shaver, 1999:737; Bowlby, 1979:49.)

Die voorafgaande response verskil van die rouproses wat op die *permanente* verlies van 'n bindingsfiguur volg (McNeil, 1995:286). Ten einde Bowlby se navorsing oor die rouproses beter te begryp is dit nodig om dit vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief te benader.

- *Sigmund Freud* het in 1917 die teoretiese grondslag vir beskrywing van die emosionele response na die verlies van 'n bindingsfiguur gelê (McNeil, 1995:285). Hy het gepostuleer dat die agtergeblewene swaarmoedigheid ervaar, wat hy as “melankolia” beskryf het. Hy het verder gepostuleer dat die individu moét treur ten einde te kan herstel van die emosionele pyn wat met 'n verlies gepaardgaan. Hy het die noodsaaklikheid van emosionele katarsis (dit is, onttrekking van psigiese energie) as deel van die herstelproses beklemtoon. Freud was verder van mening dat die agtergeblewene nooit totaal die verlore persoon prysgee nie, maar kan aanpas by 'n nuwe bindingsfiguur nadat die verlies van die eerste binding verwerk is (McNeil, 1995:285).
- *Erich Lindemann* het in 1944 belangrike bydraes tot Freud se teorie gelewer (McNeil, 1995:285). Hy het veral op die fisiese of somatiese aspekte van morbiede rou gefokus. Hy het die volgende fisiologiese reaksies by die individu wat baie hartseer is geïdentifiseer: spanning in die keel, kortasem, 'n leë gevoel op die maag en 'n lam gevoel in die spiere, fisiese opwekking van energie sonder 'n emosionele gevoel van verlies, soms simptome van histerie, en psigosomatiese toestande soos asma. Hy het ook sekere interpersoonlike gedragsvorme geïdentifiseer, naamlik veranderinge in interpersoonlike verhoudings met familieleden en vriende, vyandigheid teenoor spesifieke persone wat met die verlies geassosieer word (insluitend die oorledene), weerstand teen sosiale interaksie, verandering van patrone van sosiale interaksie, selfvernietigende aktiwiteite en depressie (McNeil, 1995:285).
- *Elizabeth Kübler-Ross* het in 1969 navorsing gedoen oor die rouproses waardeur terminaal siek persone gaan (McNeil, 1995:286). Volgens Kübler-Ross (1969:10-99) verloop die rouproses, wat in aanpassing kulmineer, in vyf fases, naamlik (1) skok en isolasie – hierdie fase hou verband met ontkenning van die realiteit, emosionele doodsheid en verwarring; (2) woede – die kind is gewoonlik aggressief en rig soms sy woede op homself; (3) onderhandeling om die dood te vermy; (4) depressie – gevoelens van magteloosheid kom voor; en (5) aanvaarding. Hierdie model kan ook

toegepas word op persone wat 'n betekenisvolle verhouding verloor het. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:223; McNeil, 1995:286.)

- *John Bowlby* het in 1980 'n waardevolle bydrae tot normale gedrag wat met die rouproses verband hou, gelewer (McNeil, 1995:286). Hy het beweer dat die mens se gedrag na die verlies van 'n bindingsfiguur beïnvloed en gemotiveer word deur 'n behoefte om nabyheid met die bindingsfiguur te probeer behou. Hy noem verder dat woede en die intense behoefte om die verlore figuur te soek en terug te vind deel van normale rou is. Bowlby (1980:85) verduidelik dat die rouproses uit vier fases bestaan, naamlik (1) 'n gevoel van verdoving (“numbing”), wat 'n paar uur tot 'n week kan duur; (2) verlange en soeke na die bindingsfiguur, wat 'n paar maande of selfs jare kan duur; (3) disorganisering en wanhoop; en (4) herorganisering en aanvaarding van die verlies. Bowlby het waargeneem dat babas, kinders en volwassenes op dieselfde wyse treur (McNeil, 1995:286).
- *Stroebe en Stroebe* het in 1987 navorsing oor die kulturele invloede van die rouproses gedoen, omdat emosionele reaksies op die verlies van 'n bindingsfiguur bepaal word deur die betekenis wat die verlies vir die persoon inhou asook deur sy persepsie van die gebeure (McNeil, 1995:286-287). Hulle het bevind dat vroue in westerse kulture toegelaat word om meer emosie te toon as mans en dat die dood van 'n kind met meer emosionele response gepaardgaan as die dood van 'n bejaarde. Daar is verder bevind dat persone in westerse kulture 'n beperkte rou tydperk vergun word, waarna die persoon sy dagtake normaal moet hervat. Nie-westerse kulture rou weer deur simboliese betekenis te aktiveer, soos hulself te beseer en vrees uit te druk wanneer hulle na 'n lyk kyk. Nie-westerse kulture toon ook 'n groter mate van bewustheid van die bo-natuurlike, soos 'n vrees vir “spoke” of voorvadergeeste. Verskillende godsdienstige denominasies rou ook op verskillende wyses en heg verskillende simboliese betekenis aan die verlies van die bindingsfiguur (McNeil, 1995:286).

In die lig van die voorafgaande wys Kissane en Bloch (2002:28) daarop dat die emosionele verwerking van die verlies van 'n bindingsfiguur 'n geïndividualiseerde ervaring is, wat verband hou met die aard en kwaliteit van die binding met die verlore bindingsfiguur. Kissane en Bloch (2002:44) wys verder daarop dat konvensionele rouberaad wat op Bowlby se bindingsteorie gebaseer is behels dat die binding met die gestorwe bindingsfiguur eers verwerk moet word

voordat daar op die vorming van 'n nuwe binding gefokus kan word. Kissane en Bloch (2002:44) stel dit soos volg: “Conventional grief counseling, so well described by Worden (1991), tends to be based on John Bowlby’s attachment theory and involves ‘undoing the bonds’ to the deceased. Recovery is achieved with the formation of new bonds and re-engagement in life.”

Kissane en Bloch (2002:44) wys verder daarop dat die rouproses behels dat herinnerings en verbandhoudende emosies opgehaal en deurgewerk moet word totdat die agtergeblewene die realiteit van die verlies aanvaar en tot die besef kom dat hy sonder die bindingsfiguur sy lewe moet hervat. Die pleegkinders in hierdie studie moet dus eers deur die verlies van hul eerste bindingsfiguur (biologiese moeder) werk voordat hulle emosioneel gereed is om met 'n tweede bindingsfiguur (grootmoeder) te bind.

3.5.2.2 Teoretiese verduideliking vir skeidingsresponse

Bowlby (in Kobak, 1999:24) postuleer dat die konsep “binding” met 'n behoefte aan nabyheid, beskerming en oorlewing verband hou. (Vergelyk Rice, 1995:232-241.) Kinders wat 'n moeder verloor het ervaar eerstens vrees – veral vrees dat hulle nie sonder hul primêre bindingsfiguur sal kan oorleef nie. As gevolg van hierdie vrees toon genoemde kinders een van drie oorlewingsresponse, naamlik veg, vlug of vries. Volwassenes neem byvoorbeeld waar dat die kind hom van normale interaksies onttrek, of kommunikasie oor sy emosies vermy of vyandigheid en aggressie toon om afstand te skep. Wanneer 'n kind vrees of angs ervaar wil hy juis naby sy bindingsfiguur wees sodat hy kan beleef dat hy veilig en geborge is. As die bindingsfiguur nie beskikbaar is nie beleef die kind 'n dubbele vrees – naamlik 'n gevoel van onveiligheid en alleenheid omdat die bindingsfiguur hom nie kan beskerm nie. (Vergelyk Kobak, 1999:25-26.)

Die ontwikkelingsfase van die kind tydens die verlies van 'n bindingsfiguur is baie belangrik. (Vergelyk Bowlby, 1979:47; Levy & Orlans, 1998:223.) Die voorskoolse kind verkeer in die mees kritieke fase met betrekking tot die verlies van 'n bindingsfiguur, aangesien kinders in hierdie fase leer om met een primêre bindingsfiguur (wat op 'n deurlopende wyse op hulle behoeftes reageer) te bind. Bowlby (1979:46) stel dit soos volg: “The pathogenic agent with which we are concerned is loss of mother-figure during the period between about six months and six years of age.” Aangesien die respondente in hierdie studie in die middelkinderjare is, is die

waarskynlikheid groot dat hulle hul moeder in hul voorskoolse jare verloor het. (Vergelyk Leibowitz, Ramos-Marcuse & Arsenio, 2002:55.)

Kinders wat 'n bindingsfiguur in die voorskoolse en middelkinderjare verloor het, beskik nie oor die kognitiewe vaardighede om die verlies van 'n bindingsfiguur sinvol te verwerk nie. Tydens die middelkinderjare dink kinders nog baie konkreet oor die dood. Hulle stel byvoorbeeld belang in die fisiese kwaliteite van die dood, soos wat met die liggaam van die oorledene gebeur en wat die oorsake of aard van die oorledene se dood is. (Vergelyk Turner & Helms, 1995:315; Fraley & Shaver, 1999:736.)

Faktore wat met die kind se verwerking van 'n verlies verband hou, en wat altyd in ag geneem moet word, is die volgende: die aard van die kind se binding met die ouer, vorige skeidingservarings, die kind se persepsie en interpretasie van die verlies, voorbereiding op die verlies en die konteks van die gebeurtenis (byvoorbeeld 'n traumatiese lyding), afskeidsboodskappe, die kind se temperament en die beskikbaarheid en ondersteuning van ander bindingsfigure. (Vergelyk Renn, 2002:295; Levy & Orlans, 1998:222; James, 1994:10-11; Bowlby, 1997:47.)

Vanweë die ernstighedsgraad van die verlies in die voorskoolse jare kan die middelkinderjarige pleegkind ernstige emosionele skade opdoen wat uiting vind in regressie, wantroue in bindingsfigure, afhanklikheid, 'n identiteitskrisis, dissosiasie en sosiale aanpassingsprobleme. Hierdie kinders ervaar dus 'n bindingsversteuring wat verband hou met die inhibering van emosies of nie-diskrete bindingsgedrag. (Vergelyk Kobak, Little, Race & Acosta, 2001:243-258; Bowlby, 1979:46, 49; Levy & Orlans, 1998:223; James, 1994:11.)

3.5.2.3 *Emosionele reaksies op 'n onverwerkte verlies*

Wanneer 'n kind erge bindingsprobleme ervaar weens die onverwerkte verlies van 'n primêre bindingsfiguur word daar na “bindingsversteuring” verwys. (Vergelyk 1.12.) Lieberman en Pawl (in Levy & Orlans, 1998:85) definieer die konsep “bindingsversteuring” soos volg: “Disrupted attachment. Considerable and damaging separation and loss with attachment figure(s), which provokes intense anxiety and long-term negative consequences for development and trust.”

Levy en Orlans (1998:99) en Kobak (1999:35-36) is van mening dat kinders met 'n bindingsversteuring veral emosies van vrees, woede, hartseer, pyn en skaamte ervaar na die verlies van 'n bindingsfiguur. Vrees hou verband met die kind se magteloosheid omdat hy nie op sy bindingsfiguur kan staatmaak vir beskerming nie. Woede hou verband met weerstand teen die verlies en 'n gebrek aan aanvaarding dat die bindingsfiguur nie te voorskyn sal tree nie. Hartseer volg na woede en dit hou verband met die aanvaarding van die verlies (Kobak, 1999:35-36).

Bowlby in Renn (2002:295) meen dat 'n ondersteunende en simpatieke omgewing belangrik is vir die kind se verwerking van die verlies. Kinders wat deur familie of hul omgewing verhoed word om te treur, kan ernstige sosio-emosionele probleme ontwikkel. Renn (2002:295) verwys in die verband na kwalitatiewe navorsing wat toon dat hierdie kinders op 'n langtermynbasis by misdaad (veral jeugmisdaad, diefstal en alkoholverwante geweld) betrokke kan raak.

'n Onsimpatieke omgewing lei dikwels tot patologiese rou of die gebruik van verdedigingsprosesse (Bretherton & Munholland, 1999:93). In so 'n geval neig die kind om angswekkende emosies en gedagtes te vermy. (Vergelyk Renn, 2002:295; Hughes, 1997:71.) Die vermyding van emosies geskied nie noodwendig op 'n onbewuste vlak nie. Volgens Bowlby kan dit vrywillige of nie-vrywillige onderdrukking of vermyding van emosies, denke en gedrag behels (Bretherton & Munholland, 1999:93). Verdedigende weglating of vermyding van inligting kan met behulp van verskillende geheuesisteme bewerkstellig word. Die kind kan byvoorbeeld ooreenkomstig sy semantiese geheue (dit wat familie vir hom vertel het) of ooreenkomstig sy episodiese geheue (eie gedetailleerde herinnerings aan die ouer) funksioneer. Volgens Bowlby neig kinders om angswekkende geheue-inhoude van die bewuste af weg te hou en maak hulle eerder staat op dit wat ander vir hulle vertel het. (Vergelyk Renn, 2002:295; Bretherton & Munholland, 1999:93-94; Levy & Orlans, 1998:223; James, 1994:88-89; Karen, 1994:23; Bowlby, 1980:32-33; Hughes, 1997:71; Bowlby, 1979:50.)

Bowlby, postuleer verder dat die kind in bogenoemde geval – as gevolg van defensiewe weglating van eie ervarings – vanuit twee onversoenbare werksmodelle of weergawes van gebeure funksioneer. Die een werksmodel bestaan uit bewustelik toeganklike inligting wat gebaseer is op ander se persepsies en verklarings van gebeure. Die ander model bestaan uit bewustelik maar ontoeganklike of selektief toeganklike inligting wat verband hou met die kind se werklike ervarings en eie interpretasies. (Vergelyk Bretherton & Munholland, 1999:93-94.)

Tydens patologiese rou neig kinders om vanuit eersgenoemde model te funksioneer en om eerder ander se verklarings te aanvaar – dit hou ook verband met hul beperkte kognitiewe vermoëns en kennis oor die dood. Hierdie verklarings is egter teenstrydig met hul eie innerlike ervarings van hartseer, rou en verlies. 'n Verdere eienskap van patologiese rou hou verband met woede. Sommige kinders keer die woede teenoor die bindingsfiguur na hulself en dra 'n groot skuldias. Ander disfunksionele gedrag hou verband met kompulsiewe gedrag soos om ander individue (byvoorbeeld 'n grootmoeder) te wil versorg. Deur middel van hierdie kompulsiewe gedrag lei die kind die aandag van sy eie bindingsbehoefte af weg. (Vergelyk Bretherton & Munholland, 1999:93-94; Levy & Orlans, 1998:223; Hughes, 1997:71; Bowlby, 1979:50.)

3.5.2.4 *Emosionele regulering*

Binding hou met die ouer se regulering (beheer en hantering) van die kind se emosies verband (Hughes, 1997:17). Dit behels dat die kind deur middel van die ouer se reaksie leer hoe om sy emosies te hanteer. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:57; Hughes, 1997:17; James, 1994:4.) As 'n ouer byvoorbeeld 'n kind se emosies ignoreer, internaliseer die kind 'n boodskap dat sy emosies nie belangrik is nie.

Schore (in Siegel, 1999:278; Hughes, 1997:17) het bekendheid vir sy navorsing oor die neurobiologiese aard van binding verwerf. Schore (1994:33) het bevind dat kritieke breinstrukture wat met binding verband hou in die limbiese strukture van die regter breinhemisfeer geleë is. (Vergelyk Schore, 2000:23-47; Siegel, 2001:67-94; Hughes, 1994:17.) Die regter hemisfeer hou met 'n geheelbeeld (onmiddellike herkenning van gesigte), intuïtiewe denke en nie-verbale gedrag verband (Schore, 1994:33). Hantering van die kind se emosies hou dus baie met die ouer se nie-verbale reaksie op die kind se emosies verband.

Die navorser is van mening dat Schore 'n groot bydrae tot kennis oor die ontstaan van binding gelewer het. Die navorser aanvaar dat die nie-verbale komponent van binding baie belangrik is, aangesien kinders geneig is om ouers se nie-verbale gedrag eerste waar te neem, voordat hulle ag slaan op verbale aspekte. Siegel (1999:121) stel dit soos volg: “The study of emotion suggests that nonverbal behavior is a primary mode in which emotion is communicated. Facial expression, eye gaze, tone of voice, bodily motion, and the timing of response are each fundamental to emotional messages.”

Die navorser is verder van mening dat die verbale komponent van binding (geleë in die linker breinhemisfeer), naamlik kommunikasie oor emosies, ook 'n belangrike bydrae tot geborgenheid lewer. (Vergelyk Kobak, *et al.*, 2001:243-258; Hughes, 1997:25-26; Jernberg & Booth, 1999:292; Levy & Orlans, 1998:62; James, 1994:34.)

Verskeie navorsers (vergelyk Belsky & Fearson, 2002:362; Meins, Fernyhough, Fradley & Tuckey, 2001:637-648; Leibowitz, *et al.*, 2002:55-67; Bretherton, 2000:233; Wendland-Carro, Piccinini & Millar, 1999:713-721) het bevind dat ouers wat op 'n sensitiewe en empatiese wyse op hul kinders se emosies reageer 'n beter binding met die kind het as ouers wat die kind se emosies ignoreer of kritiseer. Openhartige kommunikasie oor emosies en binding gaan dus hand aan hand. (Vergelyk Emde, 2000:242; Etzion-Carasso & Oppenheim, 2000:347; Kobak, 1999:37.)

Kobak (1999:37) is van mening dat disfunksionele kommunikasiepatrone selfonderhoudend kan raak. Wanneer negatiewe emosies verhoed dat 'n kind met vrymoedigheid na 'n bindingsfiguur gaan, raak die verhouding disfunksioneel. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:99.) Kobak (1999:38) stel dit soos volg: "Emotions no longer serve as signals that facilitate understanding and communication, and instead become symptoms that appear puzzling and problematic."

3.5.2.5 Die ouer se primêre rol in die emosionele ontwikkeling van die kind

Volgens Bowlby (1988:11) spandeer die primêre skoolkind al hoe meer tyd weg van die ouerhuis af. Gesonde emansipering vind plaas as die ouers beskikbaar is en 'n fisiese en emosionele sekuriteitsbasis vir die kind verskaf. Met ander woorde, die ouer bly emosioneel beskikbaar vir die kind. Bogenoemde aanname vorm die *basis* van Bowlby se teorie. Bowlby (1988:11) stel dit soos volg: "This brings me to a central feature of my concept of parenting – the provision by both parents of a secure base from which a child or an adolescent can make sorties into the outside world and to which he can return knowing for sure that he will be welcomed when he gets there, nourished physically and emotionally, comforted if distressed, reassured if frightened. In essence this role is one of being available, ready to respond when called upon to encourage and perhaps assist, but to intervene actively only when clearly necessary."

Volgens Kracke (1999:103) kan heelwat navorsing oor die sielkunde van godsdiens in terme van die bindingsteorie geïnterpreteer word. Kirkpatrick (in Kracke, 1999:103) meen dat die

beskikbaarheid en responsiwiteit van God as “bindingsfiguur”, “plek van veiligheid” en “sekuriteitsbasis” die fondament van die Christelike geloof is. In terme van die bindingsteorie ervaar die mens wat sy rug op God keer (’n ongeborge binding) ook ’n fase van opstand en wanhoop.

Samevattend kan dit gestel word dat die verlange na stabiliteit en ’n sekuriteitsbasis wat die kind met ’n bindingsversteuring ervaar, nooit uit die oog verloor moet word nie. Kinders met ’n bindingsversteuring word dikwels verkeerd verstaan en verwerp, wat tot talle onverwerkte emosies bydra. Dit verklaar waarom talle kinders wat in inrigtings versorg word hulle dikwels tot God as sekuriteitsbasis wend.

Vervolgens word die kognitiewe funksionering van middelkinderjarige kinders bespreek.

3.5.3 Kognitiewe funksionering van die middelkinderjarige kind

Bowlby (1980:426) definieer die konsep “kognitiewe ontwikkeling” as die ontwikkeling van innerlike denke en reëls. Innerlike denke en reëls stel die kind in staat om te voorspel wat in sy wêreld gaan gebeur en hoe om dienooreenkomstig te beplan.

Die begin van die middelkinderjare gaan gepaard met skoolgereedheid en die begin van ’n skoolloopbaan (Rice, 1995:7). As gevolg van die maturasie van die meeste breinstrukture toon die middelkinderjarige kind merkwaardige kognitiewe en sosio-emosionele ontwikkeling en vooruitgang. Hy ontwikkel die vermoë om aan te pas by portuurgroeplede, om te leer lees, skryf en teken, om wiskundige berekenings te doen, logies te dink en te redeneer, en om verskeie aspekte van die wêreld te verken en te ondersoek (Louw, *et al.*, 1998:330; Rice, 1995:7). Veral vanaf die ouderdom van ses of sewe jaar toon kinders ’n merkwaardige vooruitgang ten opsigte van hul vermoë om logies en rasioneel te begin dink en redeneer (Gormly, 1997:260). Ouers en onderwysers herken dikwels dié verandering wanneer hierdie kinders ’n logiese rede vir hul gedrag verskaf (Gormly, 1997:260). Vasta, *et al.* (1999:266-267) stel dit soos volg: “The older child is just more *logical*.” Waar die vyfjarige Lisa byvoorbeeld na die sonsondergang sal verwys as “towerkuns” en sal fantaseer dat die son snags gaan slaap, sal die sewejarige Ian dink en redeneer dat die son leweloos is en sal selfs kan verduidelik waarom hy nie snags die son kan sien nie (Gormly, 1997:260).

Volgens Cole en Cole (2001:476) begin kinders in die middelkinderjare om “tweeledig” te dink. Dit behels dat hierdie kinders een situasie in gedagte kan hou terwyl hulle dit met ’n ander situasie vergelyk (Cole & Cole, 2001:476). Dus kan middelkinderjarige kinders begin om oorsaak-gevolgkorrelasies te tref en om verantwoordelikheid vir hul gedrag te aanvaar.

Die middelkinderjarige ontwikkelingsfase stem ooreen met Piaget se derde stadium van kognitiewe ontwikkeling (vergelyk Louw, *et al.*, 1998:330; Vasta, *et al.*, 1999:267; Shaffer, 1996:263; Rice, 1995:201; Turner & Helms, 1995:307), wat hy die “konkreet-operasionele” stadium noem. Piaget (in Shaffer, 1996:263) meen dat middelkinderjarige kinders se manier van dink beperk is tot wat hulle konkreet kan sien (Gormly, 1997:260). Met ander woorde, dié kinders kan net ingewikkelde kognitiewe probleme oplos as hulle werklike voorwerpe kan manipuleer. Hulle is dus nog nie tot abstrakte denke (ingewikkelde hipoteses) in staat nie. Shaffer (1996:263) definieer die konsep “kognitiewe operasie” as ’n denkhandeling wat die kind in staat stel om sy denke te verander en te herorganiseer om logiese gevolgtrekkings te maak. Middelkinderjarige kinders se denkprosesse is dus meer in kontak met die realiteit en hulle dink en redeneer minder in terme van fantasieë.

3.5.3.1 *Piaget se teorie*

Volgens Piaget ontwikkel die konkreet-operasionele kind die volgende denkvaardighede:

- **Konservasie:** Die kind begryp dat vaste- en vloeistowwe dieselfde bly ten spyte van transformasies, met ander woorde dat vloeistowwe dieselfde bly al verander die houer van vorm. (Vergelyk Louw, *et al.*, 1998:332; Gormly, 1997:261; Shaffer, 1996:267; Rice, 1995:201; Turner & Helms, 1995:31.)
- **Desentrering:** Verskeie aspekte van ’n saak kan gelyktydig in aanmerking geneem word (Louw, *et al.*, 1998:332; Gormly, 1997:261).
- **Omkeerbaarheid:** Die kind begryp dat elke operasie ’n teenoorgestelde operasie het en teruggevoer kan word na die oorspronklike situasie. (Vergelyk Gormly, 1997:261; Rice, 1995:201; Turner & Helms, 1995:307.)

- **Reeksvorming:** Voorwerpe kan van groot na klein of van klein na groot gerangskik word. (Vergelyk Louw, *et al.*, 1998:333; Shaffer, 1996:267; Rice, 1995:201.)
- **Klassifikasie:** Voorwerpe kan gelyktydig op grond van meer as een vorm, kleur en grootte geklassifiseer word, en die kind verstaan klasinsluiting. (Vergelyk Louw, *et al.*, 1998:331; Rice, 1995:201; Shaffer, 1996:267.)
- **Getallebegrip:** Die kind begryp die ordinale waarde ($2 < 3 < 4$) en die kardinale waarde (absolute numeriese grootte) van getalle (Louw, *et al.*, 1998:334).
- **Egosentrisme:** Tydens die middelkinderjare is daar 'n afname in egosentrisme en kan die kind aanpassings maak om met ander saam te werk (Shaffer, 1996:264). Met ander woorde, kinders begin aanvaar dat almal nie noodwendig hul standpunte deel nie.

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat die middelkinderjarige kind gereed is om gelyktydig oor twee goed te dink en redeneer: hul eie gedrag en die ouer se gedrag, hul eie behoeftes en die moeder se behoeftes, en hul eie denke en die moeder se denke. Dit stel ouer en kind in staat om hul bindingsverhouding te herdefinieer in die lig van die feit dat die kind moet begin skool gaan. Bowlby (1969:251) noem dit “doelwitverstellingsgedrag”.

Bowlby is van mening dat die ouer en kind toenemend oor hul behoefte aan nabyheid én afstand moet onderhandel wanneer die kind 'n nuwe ontwikkelingsfase betree. Hierdie tipe onderhandeling of herorganisering van die verhouding verg van die ouer om nie die kind te veel of te min te beskerm nie. Met ander woorde, die verhouding gaan nie verlore as die kind ouer word nie; die ouer en kind leer toenemend om by mekaar se behoeftes aan te pas. (Vergelyk Bretherton, 2000:64; Waters, Crowell, Elliott, Corcoran & Treboux, 2002:230-235; Bowlby, 1969:251.)

3.5.3.2 *Die konsep “interne werksmodel”*

Die bestudering van die kind se “interne werksmodel” is van sentrale belang in die ontwikkeling van 'n bindingsintervensieprogram. Bretherton (2000:69) meld die volgende in die verband: “The joint task of the therapist and client is to understand the origins of the client’s dysfunctional

internal working models of self and attachment figures.” Die navorser moet dus in hierdie navorsing op die middelkinderjarige pleegkind met ’n bindingsversteuring se interne werksmodel van die self en sy pleegmoeder fokus.

Na die babafase word die moeder en kind se bindingsverhouding deur hul “interne werksmodel” gereguleer (Bretherton & Munholland, 1999:89). Laasgenoemde konsep hou verband met die kognitiewe sielkunde, veral die teorie van Piaget, omdat hierdie teorie daarop dui dat die kind bepaalde skemata of denke van homself en sy bindingsfiguur in sy kognitiewe verwysingsraamwerk inkorporeer en daarvolgens optree.

Bowlby het die konsep “interne werksmodel” by Criag oorgeneem. (Vergelyk 2.3.4.5.) Volgens Criag (in Bretherton & Munholland, 1999:90-91) is ’n interne werksmodel ’n “small-scale model of external reality and of its own possible actions within its head”. Sroufe (in Easterbrooks & Abeles, 2000:85) sluit aan by hierdie definisie deur te postuleer dat die konsep “interne werksmodel” met die konsep “self” verband hou. Hy definieer die konsep “self” soos volg: “By self, we are referring to the ‘inner organization of attitudes, expectations, and feelings’, a system that develops throughout infancy and childhood” (Sroufe in Easterbrooks & Abeles, 2000:85).

Volgens Main (in De Rosnay & Harris, 2002:40) verwys die konsep “interne werksmodel” na ’n gestruktureerde proses om inligting te verkry of te beperk. Levy en Orlans (1998:46) konstateer dat die interne werksmodel uit voorstellings van vroeë bindingservarings bestaan. Bretherton en Munholland (1999:40) beklemtoon dat inligting in die interne werksmodel nie beperk is tot voorstellings van die self en die bindingsfiguur nie. Dit hou met *alle* interaksies verband. Die konsep “interne werksmodel” verwys dus na ’n denkraamwerk van die self en die bindingsfiguur wat op grond van ervarings in die verlede en kennis in die hede bepaal hoe die individu ’n spesifieke persoon in die hier-en-nou beleef en hoe hy teenoor daardie persoon gaan optree. (Vergelyk Fonagy, Steele, Steele, Leigh, Kennedy, Mattoon & Target, 2000:235.)

Die interne werksmodel van die kind kan uit “vals” inligting, soos ’n geïdealiseerde beeld van ’n bindingsfiguur, bestaan. Hierdie geïdealiseerde beeld hou dikwels met ontkenning van die realiteit verband. ’n Kind wat byvoorbeeld deur ’n ouer verwerp word wil dit nie weet nie en maak homself wys dat sy ouer goed is en dat hy (die kind) sleg is. Die interne werksmodelle van kinders kan ook uit ontkende aspekte van die self bestaan, soos wanneer die kind ’n persepsie soos “ek is goed” nie aan homself wil erken nie. Terapie sal in so ’n geval verband hou met die

integrasie van die ontkende dele en herformulering van die kind se realiteit. (Vergelyk Moss & St-Laurent, 2001:863; De Rosnay & Harris, 2002:40; Waters, *et al.*, 2002:202; Cassidy, 1999:123; Ammaniti, Van Ijzendoorn, Speranza, & Tambelli, 2000:329; Bretherton, 2000:63-69; Eagle, 2000:127; Suomi, 1999:198; Thompson, 1999:267; Levy & Orlans, 1998:46; Hughes, 1997:3-4.)

3.5.3.3 *Veranderings in die kwaliteit van interne werksmodelle*

Bretherton en Munholland (1999:93) noem dat die interne werksmodel van die mens relatief stabiel kan bly. Met ander woorde, dit dra geborge en ongeborge bindingsverhoudings van die een fase tot die volgende of van die een generasie tot die volgende oor (Levy & Orlans, 1998:62).

Ammaniti, *et al.* (2000:328-346) het die invloed van ontwikkelingsveranderings ten opsigte van die inhoud van middelkinderjarige kinders (10 tot 14 jaar) se interne werksmodelle in 'n longitudinale studie nagevors. Hierdie kinders was nie pleegkinders nie. Die proefpersone is vier jaar lank met behulp van gestandaardiseerde meetinstrumente (vraelyste) waargeneem. Die resultate het getoon dat die inhoud van die proefpersone se interne werksmodelle dieselfde gebly het. Dus het hierdie kinders se persepsies van hul ouers onveranderd gebly.

Bretherton en Munholland (1999:93) noem dat 'n baba met 'n geborge bindingspatroon nie noodwendig 'n geborge kind word nie. Affektiewe veranderings in die diadeverhouding kán bydra tot veranderings in stabiele bindingspatrone. As 'n empatiese moeder byvoorbeeld skielik aan baie stres blootgestel word en depressief raak, haar werk verloor, baie siek raak, of 'n steunstelsel verloor, kan sy negatiewe boodskappe na die kind stuur wat hy in sy interne werksmodel van haar inkorporeer (Levy & Orlans, 1998:62). Die kind se persepsie van die moeder kan gevolglik verander, wat weer sy gedrag kan verander. As so 'n ouer byvoorbeeld begin om 'n kind te dreig met verlatting of selfmoord (wat sy gevoel van vertroue en sekuriteit bedreig), sal die kind vertroue in die moeder se beskikbaarheid verloor (Kobak, 1999:31). 'n Eens geborge kind se persepsies van die moeder kan dus op 'n ongunstige wyse beïnvloed word.

Bretherton en Munholland (1999:93) dui aan dat die interne werksmodelle van ouers en kinders van positief na negatief en van negatief na positief kan verander. Die grootste obstruksie in die verandering van *ongeborgenheid na geborgenheid* is verdedigingsprosesse, aangesien die diade

gewoonlik nie bewus is van positiewe bindingservarings nie. Gevestigde negatiewe bindingspatrone is dus moeilik om te breek, veral as dit van een generasie na die volgende oorgedra word (Levy & Orlans, 1998:62).

Die sterk aanduidings dat die interne werksmodelle van bindingsfigure positief kán verander (weens nuwe bindingservarings) bied nuwe hoop aan kinders en maatskaplike werkers, veral omdat daar 'n persepsie heers dat sommige kinders nooit sal kan leer bind nie.

3.5.3.4 Die interne werksmodel van pleegkinders

Vervolgens word die interne werksmodel van die middelkinderjarige pleegkind met 'n bindingsversteuring bespreek. Navorsing hieroor in die lig van Bowlby se teorie is beperk. Kobak, *et al.* (2001:244) stel dit soos volg: “Thus, most attachment research excludes children who have experienced major discontinuities in their relationship and researchers are only beginning to explore how disruptions in primary attachment relationships influence attachment with alternative caregivers ...” Hughes (1997:2-40) bied egter 'n insiggewende bespreking in die verband, wat gebruik kan word om die proefpersone in hierdie studie beter te verstaan. Die hiërargie van interne werksmodelle van 'n kind met meer as een moederfiguur word nietemin eers bespreek.

3.5.3.5 Hiërargie van interne werksmodelle by pleegkinders

Bretherton (in Howes, 1999:681) postuleer dat die kind 'n interne werksmodel van elke primêre versorger in sy lewe opbou. Hierdie modelle is hiërargies georganiseer. Die opvallendste model, of die een wat die meeste in die kind se bewussyn is, is gewoonlik die een wat die grootste invloed op die kind se gedrag het.

Bretherton (in Howes, 1999:581) noem dat die kind se verhouding met sy biologiese moeder of eerste primêre versorger die basis van sy verhoudingsgeskiedenis vorm en dat dít bepaal hoe die kind teenoor ander versorgers gaan optree. Howes (1999:681) stel dit soos volg: “The hierarchical organization also suggests that maternal attachment security influences the security of all subsequent attachment relationships.” Eerste ervarings het dus die grootste invloed op die kind se gedrag, omdat sekere eienskappe van die moeder se gedrag gou na geboorte in die brein van die kind “ingeprent” word (Thompson, 1999:267-268). Die konsep “inprenting” verwys na

blywende indrukke wat gou na geboorte geïnternaliseer word. Etnoloë het bevind dat hierdie indrukke nie uitgewis word nie. (Vergelyk Suomi, 1999:181; Schore, 1994:93; Cowe, 1995:6.)

Die konsep “monotropisme” hou verband met die kind se ontwikkeling van ’n primêre bindingsfiguur te midde van sy/haar verhouding met ander sekondêre bindingsfigure. Monotropisme impliseer dat die baba ’n primêre bindingsfiguur kies. Die bindingsfiguur is nie noodwendig die biologiese moeder nie. Babas “kies” op grond van die versorger/s se sensitiewe hantering van hul behoeftes ’n primêre bindingsfiguur. (Vergelyk Cassidy, 1999:14; Bowlby, 1969:315.) ’n Bindingsfiguur kan dus ook ’n grootmoeder wees indien die grootmoeder na die geboorte van die baba as primêre versorger opgetree het.

Die voorafgaande impliseer dus dat die eerste ouer-kindverhouding nie noodwendig ’n “bloudruk” vir die kind se optrede vorm nie (Weinfield, Sroufe, Egeland & Carlson, 1999:75). Weinfield, *et al.* (1999:75) meld dat die bindingsteorie vanuit die aanname vertrek dat ’n verandering ten opsigte bindingsgedrag en -voorkeure altyd moontlik is.

Vervolgens word gelet op die kind met ’n bindingsversteuring se interne werksmodel van die self.

3.5.3.6 *Interne werksmodel van die self*

Levy en Orlans (1998:97-98) beskryf die interne werksmodel van pleegkinders met ’n bindingsversteuring soos volg: “Regarding cognitive style (i.e., internal working models), they perceive themselves as unwanted, worthless, impotent and “bad,” perceive caretakers as unavailable, untrustworthy and threatening, and perceive the world as unsafe and hostile.”

Hughes (1997:1) konstateer dat hierdie pleegkinders hulself beskou as sleg, onvolledig, lui, selfsugtig, gemeen, dom, slagoffers, onbevoeg en onwaardig om enige aangename ervarings binne ’n liefdevolle verhouding te beleef (Hughes, 1997:4). As hierdie negatiewe assosiasies by wyse van kritiek deur primêre versorgers bevestig word, kan verdere negatiewe konsepte in dié interne werksmodelle geïnkorporeer word, soos “ek is boos” of “ek is ’n kind van die duiwel” (Liotti, 2000:348).

Levy en Orlans (1998:98) noem dat die betrokke kinders se interne werksmodelle verband hou met persepsies dat hulle altyd die minste moet wees en hulself moet opoffer vir ander. 'n Grootheidswaan om die self te verdedig teen gevoelens van magteloosheid kan egter ook manifesteer (Levy & Orlans, 1998:98). Omdat hierdie kinders soms voel dat die lewe ondraaglik is, neig hulle om op verskeie maniere selfvernietigend op te tree (Hughes, 1997:1). Hulle vermy lofprysing en erkenning dat hulle waardevol is. Hulle vermy liefde, plesier en 'n gevoel dat hulle vir iemand spesiaal is (Hughes, 1997:3).

Die kern van hierdie kinders se interne werksmodelle bestaan uit 'n diep gevoel van skaamte, angs, verwarring, waaksaamheid, wantroue, vernedering, vrees en verwerping (Hughes, 1997:3; James, 1994:35). Hul gevoel van veiligheid word verhoog deur vermyding, stilte en ontkenning van eie gevoelens en gedagtes of 'n oordrewe emosionele reaksie. Konstante waaksaamheid en pogings om hul omgewing te manipuleer of te beheer kom ook voor (Hughes, 1997:4).

Om saam te vat: Dit is duidelik dat die genoemde interne werksmodelle van die betrokke kinders verband hou met 'n negatiewe persepsie van die self omdat hulle grootword met die gedragte dat hul emosies en denke nie belangrik is nie en dat kommunikasie daarvoor vermy moet word.

3.5.3.7 Interne werksmodel van pleegouers

Pleegkinders met 'n bindingsversteuring ervaar hul primêre versorgers as gewelddadig, wreed, verwerpend en onvoorspelbaar (Hughes, 1997:4). Hul werksmodelle bevat geen beeld van die genieting of aanvaarding van die versorger se sosialiseringverwagtings nie (Hughes, 1997:4). Omdat bindingservarings vir hulle vreemd is, weerstaan hulle nuwe sosialiseringervarings intens (Hughes, 1997:3).

Hierdie pleegkinders is ongemaklik met nabyheid, liefde, ondersteuning en grense. Hulle skep afstand tussen hulself en hul pleegouers deur die pleegouers se liefde en versorging te verwerp (Hughes, 1997:2). Hughes (1997:2) meen dat hierdie pleegkinders gemakliker voel in die negatiewe omstandighede waaraan hulle gewoond was. Dit hou verband met die feit dat hulle nog nie genees het nie (Hughes, 1997:2).

Hughes (1997:2) noem verder dat hierdie kinders graag in beheer van hul omgewing wil wees, veral die emosies en gedrag van hul pleegouers. Hulle raak gewoonlik in 'n magstryd betrokke

en het 'n sterk drang om te wen. Hulle voel “bemagtig” deur die woord “nee” te gebruik (Hughes, 1997:20).

Vertroeteling deur pleegouers word dikwels beskou as geleentheid om die pleegouer te beheer, eerder as geleentheid om met die pleegouer te bind (Hughes, 1997:4). Hulle voel dikwels meer aangetrokke tot vreemdelinge (wat makliker om die bos gelei en gemanipuleer kan word) as hul pleegouers wat realistiese eise en verwagtings stel (Hughes, 1997:4).

Om op te som: Dit blyk dat pleegkinders met 'n bindingsversteuring 'n negatiewe persepsie van pleegouers kan hê omdat hulle geleer het om volwassenes nie te vertrou nie.

3.5.3.8 *Manipulering van pleegouers*

Wanneer pleegkinders met 'n bindingsversteuring in interaksie met 'n liefdevolle pleegouer tree, aanvaar hulle dat hul manipulasie suksesvol was. Hierdie gedrag hou verband met negatiewe ervarings in die verlede, soos dat hy sy primêre versorger nie kan vertrou nie omdat die primêre versorger nie sensitief teenoor sy behoeftes opgetree het nie. Hierdie kinders aanvaar dus nie dat die pleegouer in hulle en hul goeie kwaliteite belangstel nie (Hughes, 1997:4).

Wanneer die betrokke kinders gedissiplineer word, interpreteer hulle dit as mishandeling, verwerping, vernedering en bewyse dat volwassenes nie vertrou kan word nie en dat manipulasie van ander die aangewese uitweg is. Volwassenes wat die meeste gee word beskou as diegene wat die maklikste gemanipuleer kan word, eerder as mense wat vertrou kan word (Hughes, 1997:4).

3.5.3.9 *Dissiplinerings en grense*

In 'n gesonde bindingsverhouding is dissipline 'n feit van die lewe. Die kind mag dalk nie daarvan hou nie, maar hy aanvaar dit (Hughes, 1997:4-5). Die kind vertrou die ouer en beleef dat die ouer in sy beste belang wil optree. Dissipline (wat gepaard gaan met struktuur en veilige grense) lei tot sosialisering en 'n gesonde binding. Die geborge kind se werksmodel van die ouer inkorporeer dus die waarde van opvoeding en die ontwikkeling van goeie lewensvaardighede (Hughes, 1997:5).

Pleegkinders met 'n bindingsversteuring inkorporeer konsepte van vernedering in hul model wanneer hulle gedissiplineer word. Hulle toon geen insig dat die dissipline met hul gedrag

verband hou of dat dit in hul beste belang is nie (Hughes, 1997:5; Levy & Orlans, 1998:97). Die ouers van hierdie kinders kom gou agter dat hul ouerskapsvaardighede nie effektief is nie.

3.5.3.10 *Probleme met “beheer”*

Volgens Hughes (1997:6) ervaar genoemde pleegkinders ’n kompulsiewe behoefte om hul omgewing te beheer. Dit hou verband met hul onvervulde bindingsbehoefte. Hulle voel nie geborge nie. Dus voel hulle onveilig in hul verhoudings en vertrou (weereens) volwassenes nie maklik nie. Hierdie aspek stem ooreen met Erikson se teorie wat postuleer dat die basis van ’n kind se bindingsverhouding bestaan uit konsepte wat met basiese vertrou in volwassenes verband hou (Meyer & Van Ede, 1998:51). (Vergelyk 2.3.1.2.) Die enigste wyse waarop die betrokke kinders ’n gevoel van veiligheid en sekuriteit in hul interne werksmodel kan skep is deur beheer oor die omgewing uit te oefen (Hughes, 1997:6). Hulle beleef dus dat hulle moet “veg” vir hul oorlewing en bestaansreg.

3.5.3.11 *Kognitiewe beperkings*

Volgens James (1994:35) neig pleegkinders met ’n bindingsversteuring om hul kognitiewe funksies te beperk. Hulle dink nie lank vooruit nie om sodoende gedagtes oor pynlike ervarings te vermy. Dit verhoed dat hierdie kinders oop is vir prikkels wat hul kognitiewe funksionering kan bevorder. Wanneer hierdie kinders hul denke beperk (selektiewe deurlating om angs te vermy), beïnvloed dit ook hul emosionele funksionering.

Pleegouers assosieer dikwels hierdie kinders se inhibering van emosies en denke as ’n teken van lae kognitiewe funksionering en passiwiteit. Ander pleegkinders met ’n bindingsversteuring raak egter meer fisies beweeglik, en dit word ook verkeerdelik geïnterpreteer, naamlik as hiperaktiwiteit (James, 1994:36).

Volgens Jernberg en Booth (1999:292) ervaar hierdie kinders ’n onvermoë om hulself emosioneel en kognitief uit te druk. Jernberg en Booth (1999:293) is verder van mening dat middelkinderjarige (konkreet-denkende) pleegkinders neig om alles letterlik te interpreteer. Dit het tot gevolg dat hulle neig om verantwoordelikheid vir gebeure te aanvaar waarvoor hulle nie verantwoordelik was nie. Hulle neig dus om oorsaak en gevolg ten opsigte van nie-verbandhoudende aspekte te korreleer, byvoorbeeld: “Ek is uit my ouers se sorg verwyder omdat

ek verkeerd gehuil het of te veel geëet het of iets anders verkeerd gedoen het. Dit is alles my skuld.” (Vergelyk Jernberg & Booth, 1999:293; Liotti, 2000:347.)

Samevattend kan dit gesstel word dat bogenoemde kinders vanuit negatiewe assosiasies en soms selektiewe deurlating van negatiewe denke en emosies funksioneer. Hul kognitiewe prosesse is beperk en hulle neig om rigied te dink. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hul interne werksmodelle verband hou met onverwerkte emosies, veral hartseer en woede omdat hulle ontnem is van ’n sinvolle primêre bindingsverhouding en veral van ’n geleentheid om hieroor te treur.

Vervolgens word die sosiale funksionering van middelkinderjarige kinders met verwysing na die konsep “binding” bespreek.

3.5.4 Sosiale funksionering van die middelkinderjarige kind

Louw, *et al.* (1998:354) noem dat die horisonne van kinders in die middelkinderjare dramaties uitbrei. Hulle word aan nuwe sosiale leerervarings blootgestel, wat ’n wesenlike invloed op hul ontwikkeling het (Louw, *et al.*, 1998:363).

Volgens Erikson (in Turner & Helms, 1995:337) is die middelkinderjare die fase van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. (Vergelyk Erikson se teorie, 2.3.1.2.) Dit impliseer dat middelkinderjariges prestasie-georiënteerd raak (Cole & Cole, 2001:477). Hulle is gretig om te leer (arbeidsaamheid) en om hul onderwysers, ouers en maats te beïndruk (Cole & Cole, 2001:511). Kinders wat nie op skool presteer nie of nie deur hul portuurgroeplede aanvaar word nie, voel baie gou minderwaardig (Cole & Cole, 2001:469). Kinders wat deur onderwysers, ouers of maats gekritiseer en verwerp word, sal dus selfvertroue en belangstelling in uitdagings verloor. Kinders se sosiale aanpassingsvermoë kan egter ook benadeel word deur ouers wat onrealistiese eise aan hulle stel (Rice, 1995:297; Cole & Cole, 2001:476).

3.5.4.1 Invloed van die portuurgroep

Op sosiale vlak word interaksie met portuurgroeplede vir die middelkinderjarige kind baie belangrik (Louw, *et al.*, 1998:368). Middelkinderjarige kinders verkies interaksie met portuurgroeplede van dieselfde geslag (Cole & Cole, 2001:509). Hulle verkies ook kompetisie en

speletjies met reëls (Cole & Cole, 2001:498; Shaffer, 1996:317). Dit is vir hulle belangrik om deur vriende aanvaar te word (Rice, 1995:298; Louw, *et al.*, 1998:369). As hulle nie aanvaar word nie, voel hulle uitgesluit en alleen (Rice, 1995:301).

3.5.4.2 Enkelouergesinne

Papalia en Olds (in Louw, *et al.*, 1998:362) is van mening dat kinders in enkelouergesinne met spesiale stressors te kampe het omdat daar nie twee volwassenes is wat verantwoordelikheid vir hulle deel nie. Veral materiële nood kan negatief inwerk op hierdie gesinne. Negatiewe gevolge wat met enkelouerskap verband hou is die volgende: vroeë skoolverlating, swak selfbeeld, jeugmisdad en swak interpersoonlike verhoudingsvaardighede. Positiewe eienskappe van enkelouerskap is groter selfstandigheid en outonomieit.

Volgens Louw, *et al.* (1998:357) beïnvloed die kind se posisie in die gesin (oudste, middel-, jongste of enigste kind) ook sy gedrag.

3.5.4.3 Ouerskapstyle

Turner en Helms (1995:338-339) meen dat ouers wat warm, aanvaardend, toegeeflik en betrokke by hul kinders is 'n beter verhouding met hul kinders het as onbetrokke ouers. Volgens Louw, *et al.* (1998:356) het ouerskapstyl 'n belangrike invloed op die kind se gedrag. Louw, *et al.* (1998:356) identifiseer sewe ouerskapstyle: aanvaardend, verwerpend, permissief, kontrolerend, outoritêr, gesaghebbend en onbetrokke. Die navorser kon geen definisies van hierdie ouerskapstyle vanuit die bindingsperspektief opspoor nie en kom tot die gevolgtrekking dat hierdie verskil met 'n verskil in fokus verband hou. Die bindingsteorie fokus slegs op die kind se gevoel van vertrouwe en sekuriteit in die ouer-kindverhouding, terwyl die genoemde ouerskapstyle op die ouer se globale ouerskapstyl ag slaan. (Vergelyk Byng-Hall, 1999:625-624.) Volgens Bowlby (1988:12) het 'n ouer verskillende rolle in sy/haar opvoedingstaak, soos die van onderwyser, dissiplineerder en maat. Binding verteenwoordig dus slegs een aspek van die ouer-kindverhouding.

3.5.4.4 Die sosiale aard van interne werksmodelle

'n Sentrale konsep in Bowlby se teorie hou verband met die sosiale oorsprong van die mens se interne werksmodel. Hierdie aspek (die sosiale aard van die mens se interne werksmodel) van die bindingsteorie hou verband met Mead (in Bretherton & Munholland, 1999:96) se teorie van simboliese interaksionisme. Mead konstateer dat kinders hulself deur middel van die interpretasie van hul interaksie met betekenisvolle persone leer ken. (Vergelyk Harwood, Miller & Irizarry, 1995:30.)

Die konsep “simboliese interaksionisme” word deur Bogdan en Biklen (2003:25) soos volg gedefinieer: “... basic to the approach is the assumption that *human experience is mediated by interpretation*”. Objects, people, situations, and events do not possess their own meanings; rather, meaning is conferred on them.” (Bogdan en Biklen se beklemtoning.) Bogdan en Biklen (2003:25) noem verder dat individue deur middel van 'n proses van interpersoonlike betekenisgewing hul realiteit konstrueer en daarvolgens optree. (Vergelyk Bretherton & Munholland, 1999:95-97; Harwood, Miller & Irizarry, 1995:27.)

Voorts meld Bogdan en Bilken (2003:25) dat die interpretasie van betekenis nie 'n outonome handeling is nie en ook nie deur magte buite die persoon se beheer bepaal word nie. Individue interpreteer betekenis met die hulp van ander, soos mense uit hul verlede, skrywers, familie, televisiepersoonlikhede en persone wat hulle gedurende hul werk en spel ontmoet. Die simboliese betekenis van mense se gedrag word dus tydens 'n proses van interpersoonlike betekenisgewing gekonstrueer en dit bepaal die aard en omvang van die mens se sosiale optrede.

Volgens Mead en Piaget leer die kind homself ken deur middel van die ouers se terugvoer op sy simbole (woorde, gebare en tekens). (Vergelyk Cockcroft, 2002:183; Bretherton & Munholland, 1999:95-96.) Mead konstateer dat 'n baba wat byvoorbeeld sy arms na sy ouers uitsteek om opgetel te word die betekenis van hierdie gebaar sal verloor as die ouers nie daarop reageer nie (Bretherton & Munholland, 1999:96).

Die bindingsteorie neem bogenoemde proses een stap verder en konstateer dat kinders gepredisponer is om versorging, liefde en responsiwiteit van hul ouers te verwag (Cassidy, 1999:5). As die ouer die kind se seine ignoreer of inkonsekwent daarop reageer, verloor die sein nie betekenis vir die kind nie, maar kommunikeer eerder aan die kind dat hy *verwerp* word. (Vergelyk Siegel, 1999:93.) Die kind inkorporeer dan boodskappe soos “my behoeftes is nie belangrik nie” in sy interne werksmodel. Bretherton en Munholland (1999:96) meld die volgende

in die verband: “Seen in this way, meanings derived from attachment interactions hold tremendous emotional significance for the child’s developing working models of self in relation to attachment figures.”

Die bindingsteorie maak ook van Mead se aannames van die sosiale oorsprong van gedagtes gebruik (Bretherton & Munholland, 1999:96). Volgens Mead bestaan gedagtes uit innerlike gesprekke met die self en ander. Dit behels dat kinders innerlike gesprekke met die self en ander voer wat verband hou met hul verwerking of herbeleving van gesprekke en gebeure met hul ouer/s en ander persone (Bretherton & Munholland, 1999:96). Kaplan (in Hughes, 1997:15) noem dat kinders wat ’n bindingsfiguur aan die dood afgestaan het in voortdurende gesprek met hierdie bindingsfiguur bly. In gevalle waar die binding ongeborge was, sal die kind se innerlike gesprek met die verlore bindingsfiguur dus uit negatiewe konsepte bestaan. Die proses van persoonlike betekenisgewing of simboliese interaksionisme is dus baie belangrik in die bindingsteorie.

3.5.4.5 *Sosiale aspekte van ’n bindingsversteuring*

Omdat pleegkinders met ’n bindingsversteuring se vroeë ervarings van ’n geborge moeder-kinddialoog minimaal is en hulle in hul interne werksmodel van die “self” onbewus is van die realiteit van geborge bindingservarings, neig hulle tot swak interpersoonlike vaardighede en raak nie by intieme verhoudings betrokke nie (Hughes, 1997:3). Hughes (1997:3) is van mening dat hierdie kinders wisselende gemoedstoestande, aggressie en ontoepaslike antisosiale gedrag openbaar weens swak verhoudingsvaardighede, en dus alleen en verwerp voel.

Levy en Orlans (1998:100) noem dat genoemde kinders weens ’n gebrek aan aanvaarding van gesag en dissipline, manipulasie en ’n dominerende houding gewoonlik probleme met onderwysers en ander gesagsfigure ervaar. (Vergelyk Erikson se teorie, 2.3.1.2.) Daar is ook ’n gebrek aan empatie en skuldgevoelens by hierdie kinders waargeneem (Hughes, 1997:2). Hierdie kinders aanvaar dus selde verantwoordelikheid vir hul gedrag en funksioneer gewoonlik volgens ’n eksterne lokus van kontrole.

Levy en Orlans (1998:2) het verder waargeneem dat pleegkinders met ’n bindingsversteuring ongemak met oogkontak ervaar. Hulle beskryf dit soos volg: “Children with attachment disorder are incapable of using eye contact for closeness and positive communication; they use their gaze to manipulate, seduce, control, or threaten.”

Pleegkinders met bindingsprobleme ervaar ook probleme met fisiese kontakmaking. Sommige kinders het 'n oordrewe behoefte aan fisiese kontak (nie-diskrete vriendelikheid) terwyl ander fisiese kontak vermy (Hughes, 1997:4). James (1994:35) noem dat hierdie kinders tussen twee uiterstes wissel. Die een groep neig om almal te omhels (hulle grense is te oop) terwyl die ander groep neig om fisiese nabyheid totaal te vermy (geslote grense).

Om saam te vat: Dit is duidelik dat pleegkinders met 'n bindingsversteuring verskeie sosiale probleme ervaar wat hul rol en aanpassing in interpersoonlike verhoudings beïnvloed en verskeie verhoudingsprobleme tot gevolg het, soos aggressie, gebrek aan diskriminasie, ambivalensie, “klouerigheid”, gebrek aan empatie, onttrekking, manipulasie, veeleisende gedrag en swak samewerking.

Die fisiese funksionering van middelkinderjarige kinders met 'n bindingsversteuring word vervolgens bespreek.

3.5.5 Fisiese funksionering van die middelkinderjarige kind

Verskeie skrywers (vergelyk Cole & Cole, 2001:473; Louw, *et al.*, 1998:327-330; Gormly, 1997:256-258; Turner & Helms, 1995:301-306; Rice, 1995:155-157) stem saam dat kinders in die middelkinderjare verskeie fisiese veranderings ondergaan wat die volgende insluit: Hul massa neem gemiddeld met twee kilogram per jaar toe en hul groei versnel in die pre-adolesente fase (9 tot 13 jaar). Hul borskas word groter en platter en hul beenstruktuur word sterker. Hul liggame begin dus die vorm van 'n volwasse liggaam aanneem. (Vergelyk Louw, 1998:327; Gormly, 1997:256; Turner & Helms, 1995:300-301.)

Oor die algemeen is die fisiese ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare meer gematig as in die voorafgaande fases en adolessensie. As gevolg hiervan is jaarlikse fisiese veranderings in grootte en proporsie minder opvallend as in die ander fases. Hierdie geleidelike fisiese veranderings duur voort totdat 'n skielike groeiproses (“growth spurt”) in adolessensie plaasvind. Omdat hierdie kinders se fisiese veranderings meer geleidelik plaasvind, verkry hulle beter beheer oor hul groot en fyn motoriese vaardighede. Hul motoriese balans ontwikkel dus goed. Hulle kan derhalwe verskeie komplekse bewegings uitvoer en hul skrif verbeter. (Vergelyk Louw, *et al.*, 1998:326-330; Gormly, 1997:256; Turner & Helms, 1995:300.)

Die brein van middelkinderjarige kinders bereik op die ouderdom van agt jaar 'n volwasse grootte. Hul respiratoriese stelsel groei en ontwikkel, maar die hart is nog steeds (in verhouding tot liggaamsgrootte) baie kleiner as op enige ander stadium. (Vergelyk Cole & Cole, 2001:474; Louw, *et al.*, 1998:327.)

Die gelaatstrekke van middelkinderjarige kinders verander merkwaardig. Hul tande verander en hulle verloor hul “babavet”. Hul “baba-agtige” gelaatstrekke neem meer volwasse kenmerke aan. Hul voorkoppe word byvoorbeeld platter, hul neuse groei en hul kenne word langer. (Vergelyk Louw, *et al.*, 1998:327; Turner & Helms, 1995:302.)

Seuns ontwikkel vinniger as dogters wat groot motoriese vaardighede betref, maar dogters se liggame ontwikkel vanaf tien jaar vinniger as die van seuns. (Vergelyk Louw, *et al.*, 1998:327; Gormly, 1997:256.) As gevolg van die ontwikkeling in fyn en groot motoriese vaardighede neem die middelkinderjarige kind aan verskeie aktiwiteite deel (Louw, *et al.*, 1998:330). Hulle hardloop graag, spring, huppel, ry fiets, rolskaats, swem, skop bal en neem aan verskeie sportaktiwiteite deel (Louw, *et al.*, 1998:330). Kinders wat aan sport deelneem en goed presteer word gewoonlik meer geredelik deur lede van hul portuurgroep aanvaar as kinders wat nie deelneem en presteer nie.

3.5.5.1 Fisiese aspekte wat met 'n bindingsversteuring verband hou

Die pleegkind met 'n bindingsversteuring hou gewoonlik baie pynlike emosies, soos woede, hartseer en vrees, in hul liggame gevange (Levy & Orlans, 1998:102). Crittenden (in Hughes, 1997:23) stel dit soos volg: “The child’s internal feelings are consistently denied by her/his behavior.” As gevolg van die terughouding van emosies kom hierdie kinders dikwels styf en gespanne voor. Hul borsspiere is veral gespanne as gevolg van die onderdrukking van angs. Vrees vir nabyheid of verwerping kan ook voorkom, wat tot gevolg het dat hul asemhaling soms kort en oppervlakkig is (Levy & Orlans, 1998:102).

Spanning in die keel en gesig blokkeer dikwels dié kinders se impuls om te huil (Levy & Orlans, 1998:102). Lutkenhaus, Grossmann en Grossmann (in Cassidy, 2001:126) het navorsing gedoen oor die wyse waarop vermydende kinders hul behoefte om te huil onderdruk. Hulle het bevind dat genoemde kinders hul hartseer met 'n glimlag verberg. Die kind met 'n bindingsversteuring kan dus merkwaardige “selfbeheersing” aan die dag lê. Weens die voorafgaande (onderdrukking

van emosies) ervaar die betrokke kinders dikwels fisiese probleme soos enurese en enkoprese (Hughes, 1997:30).

Pleegkinders met 'n bindingsversteuring toon gewoonlik swak higiëne omdat hulle min belangstel in hulself en hul persoonlike versorging (Levy & Orlans, 1998:102). Verder neig hulle om hulself maklik te beseer (ongeluksvòëls). Sommige neig om te oorreeger wanneer hulle hulself beseer. Laastens getuig die gesinsgeskiedenis van genoemde kinders dikwels van biologies gebaseerde probleme soos kliniese depressie, afhanklikheid van chemiese middels en psigiese versteurings, wat dié kinders dan predisponer tot genoemde probleme (Levy & Orlans, 1998:102).

3.6 KATEGORISERING VAN BINDINGSPATRONE

In Hoofstuk 2 (vergelyk 2.2.4) is genoem dat 1 990 babas en moeders regoor die wêreld met behulp van naturalistiese waarnemings en 'n prosedure wat deur Mary Ainsworth (Ainsworth, Blehar, Waters & Wall, 1978:36-44) ontwikkel is, bestudeer is.

Die “vreemdesituasie-prosedure” (of die “Strange Situation procedure”) is 'n gestandaardiseerde sielkundige meetinstrument wat 'n geleentheid bied om waar te neem hoe die baba in gekontroleerde omstandighede reageer, eerstens in die ouer se teenwoordigheid, dan wanneer hy by 'n vreemdeling gelaat word, dan wanneer hy alleen gelaat word en laastens weer in die moeder se teenwoordigheid is (Ainsworth, *et al.*, 1978:37). As gevolg van bogenoemde waarneming kon babas geklassifiseer word in terme van 'n geborge bindingspatroon of in een van drie hoofvorme van 'n ongeborge bindingspatroon. (Vergelyk 2.2.2.) Daar bestaan heelwat literatuur oor hierdie navorsing. (Vergelyk Cole & Cole, 2001:444; Gormly, 1997:144; Cowe, 1995:15; Turner & Helms, 1995:211.)

Aangesien navorsing (Bowlby, 1988:10) bevind het dat genoemde bindingspatrone met redelike stabiliteit in die vroeë kinderjare voorkom en kan help om gedrag te voorspel, soos hoe 'n voorskoolse kind 'n nuwe persoon sal benader of 'n nuwe taak sal aanpak, is genoemde inligting baie waardevol. Ainsworth (in Ainsworth, *et al.*, 1978:316-320) het verder ook bewyse gevind dat hierdie bindingspatrone die gevolg van die moeder se optrede teenoor die baba is (Bowlby, 1988:10).

Die navorser sou graag wou waarneem of die respondente in hierdie studie in genoemde kategorieë geplaas kan word, maar die literatuur (Kobak, *et al.*, 2001:243-244) stel dit duidelik dat middelkinderjarige pleegkinders se gedrag nie volgens genoemde kategorieë geklassifiseer kan/mag word nie. Kobak, *et al.* (2001:244) noem dat die Ainsworth vreemdesituasie-meetinstrument volgens die standaardprosedure toegepas *moet* word om betroubare en geldige data te bekom. 'n Verdere vereiste vir die kategorisering van bindingspatrone hou verband met die feit dat dit slegs op *aaneenlopende* moeder-kindverhoudings van toepassing is. Kobak, *et al.* (2001:243-258) verduidelik waarom die middelkinderjarige pleegkind se gedrag nie gekategoriseer kan word nie:

- “First, attachment patterns assess the quality of a *continuous* relationship with a primary attachment figure” (Kobak, *et al.*, 2001:244).
- “Second, attachment classifications are limited to understanding the effects of relationship experience during the first 18 months of life. As a result, much less is known about how major disruptions in attachment relationships influence older children’s adjustment” (Kobak, *et al.*, 2001:244).

Die rede waarom die “vreemdesituasie-prosedure” net op babas van 11 tot 18 maande van toepassing is hou met Bowlby se “bindingsbeheerstelsel” verband (Whitten, 1994:29). Bowlby is van mening dat kinders gedurig ’n balans moet bereik tussen hul behoefte om uit te beweeg in die wêreld (outonomie) en hul behoefte om kontak met hul bindingsfiguur te behou. Hierdie balans verander gedurig namate die kind nuwe ervarings opdoen en ontwikkel, en sy gesinsomstandighede verander (Whitten, 1994:29-30).

Op 12 maande het Ainsworth bogenoemde balans gemeet deur waar te neem hoe die baba ten opsigte van skeiding van die moeder in ’n vreemde situasie reageer. Ainsworth, *et al.* (1978:259-260) meld die volgende in die verband: “... thus the ways in which an infant uses his mother as a secure base from which to explore, are influenced by a variety of circumstances – including the size of the room; the length of the observational session; the nature, diversity, and complexity of the stimuli that activate and maintain exploration; the orientation and behavior of the mother ...”

Dit spreek dus vanself dat hierdie tipe bindingsgedrag nie op die ouer kind van toepassing is nie. Ouer kinders en ouers onderhandel veral by wyse van kommunikasie oor hul behoefte aan nabyheid en afstand.

Die vreemdesituasie-prosedure is dus 'n sielkundige meetinstrument wat 28 jaar gelede gebruik is om ontdekkingsinsigte (ten opsigte van die meting van binding) te bekom. Dit het getoon dat 'n binding in die babafase gevestig raak, dat daar individuele verskille (tussen moeders en babas) is en dat die moeder se optrede teenoor die kind baie belangrik is. Bowlby en Ainsworth het die meetinstrument nie aangepas vir gebruik by ouer kinders nie en ook nie bruikbaar gemaak vir maatskaplike werkers nie. Meer onlangse navorsing (veral navorsing oor pleegkinders) gebruik nie die vreemdesituasie-prosedure nie omdat die fokus verskuif het na 'n meer holistiese assesseringsperspektief. Whitten (1994:41) meld naamlik dat maatskaplike werkers in die VSA van die Marschak Interaksionele Metode (MIM), gestandaardiseerde vraelyste, selfontwerpte simptomevraelyste, spelassessering en projektiewe tegnieke soos gesinstekeninge gebruik maak om binding by pleegouers en pleegkinders te assesser. Hierdie toedrag van sake het die navorser gemotiveer om opleiding en toestemming te bekom om die MIM in hierdie studie te gebruik.

Die MIM is nie ontwerp om persone in verskillende bindingskategorieë te klassifiseer nie. Lindaman, Booth en Chambers (2000:374) stel dit soos volg: “The assessment of security of attachment (or attachment category) is a well-defined skill based on analysis of toddlers' (12-18 months olds) responses to the Ainsworth Strange Situation (Ainsworth, Blehar, Waters & Wall, 1978). Since the MIM uses a very different set of tasks and is applied to children of all ages, the MIM is not used to determine the attachment category into which the child's behavior falls.” Die MIM gebruik dus ander take en koderingskale (soos die Marschak Interaksionele Metode Gedragmetingskaal wat in die studie gebruik word) om binding te meet. Navorsers wat die MIM wil gebruik behoort die toepaslike opleiding te bekom. (Vergelyk etiese kode, 1.11.6.)

In die lig van die voorafgaande kan die respondente in hierdie studie nie in verskillende bindingskategorieë geklassifiseer word nie.

3.7 BINDINGSNAVORSING EN KULTURELE ASPEKTE

Harwood, *et al.* (1995:19) het bevind dat daar twee navorsingsbenaderings is wat gevolg kan word wanneer die konsep “binding” by kinders nagevors word, naamlik simboliese

interaksionisme en kulturele aanpassing. Volgens die kulturele aanpassingsbenadering is die mens en sy omgewing 'n interafhanklike geheel. Hierdie benadering kombineer ekosistemiese, persoonlikheids- en kulturele norme en waardes wanneer daar na die kind se bindingsresponse gekyk word. Simboliese interaksionisme plaas die ontleding van simboliese betekenis sentraal. Dit sluit in die betekenis wat die proefpersone aan kulturele simbole heg. Simboliese interaksionisme sluit dus aan by die navorsingsbenadering wat deur die bindingsteorie onderskryf word.

3.8 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was om die bindingsbehoefte en probleme van middelkinderjarige pleegkinders vanuit die literatuur te identifiseer. Pleegkinder is kinders wat ingevolge die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983) in pleegsorg geplaas is. Die pleegkinder in hierdie studie is kinders wat 'n moeder aan die dood afgestaan het en by 'n enkelouergrootmoeder in pleegsorg geplaas is.

In hierdie hoofstuk is op middelkinderjarige pleegkinder (kinder tussen 6 en 13 jaar) met 'n bindingsversteuring gefokus. Wanneer kinders se eerste en primêre bindingsverhouding versteur word weens langdurige skeiding of verlies van hul primêre bindingsfiguur word na "bindingsversteuring" verwys. 'n Bindingsversteuring word veral gekenmerk deur intense angs, wantroue en negatiewe langtermyngevolge vir die kind se psigososiale ontwikkeling.

Sentraal in hierdie hoofstuk is die konsep "interne werksmodel", wat na die subjektiewe ervarings van die respondente met betrekking tot hulself en hul bindingsfiguur verwys. Hierdie konsep is belangrik vir die studie aangesien dit met die rol en taak van die maatskaplike werker tydens die implementering van 'n bindingsprogram verband hou. Bretherton (2000:69) stel dit duidelik dat die terapeut en kliënt tydens bindingsterapie die oorsprong van die kliënt se disfunksionele interne werksmodel van homself en sy bindingsfiguur moet ondersoek. Die navorser moet dus tydens die implementering van 'n bindingsprogram in hierdie studie op die pleegkind se interne werksmodel van homself, sy oorlede moeder en sy pleegmoeder fokus.

Kinder met 'n bindingsversteuring is gewoonlik kinders wat nie gesonde nabye, intieme verhoudings (soos verhoudings met 'n moederfiguur) kan vestig nie omdat hul verwysingsraamwerk of interne werksmodel van positiewe bindingservarings baie beperk is en

uit negatiewe assosiasies van die self en bindingsfigure bestaan. Hierdie kinders beleef veral 'n gevoel van wantroue in en 'n gebrek aan sekuriteit ten opsigte van die teenwoordigheid van hul primêre versorger. Hulle beleef gewoonlik 'n diep gevoel van skaamte en verwerping. Omdat hulle gewoonlik onveilig voel in hul omgewing, wil hulle graag in beheer daarvan wees. As gevolg van 'n gebrek aan gesonde lewensvaardighede maak hulle gewoonlik van manipulasie en aggressie gebruik om hul behoeftes bevredig te kry. Aanvaardig van grense is vir hulle 'n groot probleem en hulle verwerp gewoonlik volwassenes se gesag en dissipline.

As gevolg van hul angswekkende ervarings het hierdie kinders gewoonlik emosionele probleme, soos 'n beperkte emosionele woordeskat, labiliteit, swak frustrasietoleransie, depressie en angs. Omdat genoemde kinders leer om hul emosies te onderdruk en te vermy, presenteer hulle met 'n "vals self" gesetel in hul semantiese geheue (dit wat ander hulle vertel) en nie in hul episodiese geheue (eie ervarings) nie. Dit kan veroorsaak dat die kinders in hierdie studie in die rouproses stagneer, veral as die pleegmoeders van hierdie kinders ook nie die verlies van 'n bindingsfiguur verwerk het nie en self nog oor die pleegkind se biologiese ouers treur.

Piaget noem die middelkinderjarige tydperk die fase van "konkreet-operasionele" denke omdat kinders in die fase nog steeds konkreet denkend is maar verskillende operasies kan uitvoer wanneer voorwerpe in hul teenwoordigheid gemanipuleer word. Alhoewel kinders in dié fase kognitief in staat is om te desentreer en om op verskeie aspekte van 'n saak te fokus, neig die kind met 'n bindingsversteuring om alles te verpersoonlik (skuldgevoelens) en om ander vir hul gedrag te blameer.

In die kognitiewe interne werksmodel van pleegkinders met 'n bindingsversteuring vind gewoonlik 'n innerlike gesprek plaas wat verband hou met die antisipering van verwerping, woede en 'n onvermoë om insig te ontwikkel. Hierdie kinders is dus nie ontvanklik vir nuwe bindingservarings nie en neig om verantwoordelikheid vir hul gedrag te verwerp. Hulle vorm dus onlogiese oorsaak-gevolgkorrelasies.

Op sosiale vlak is dit baie belangrik vir die middelkinderjarige kind om deur portuurgroeplede aanvaar te word, maar weens 'n gebrek aan sosiale vaardighede (aggressie, gebrek aan diskriminasie, ambivalensie, onttrekking en dominerings) word kinders met 'n bindingsversteuring gewoonlik verwerp en voel hulle alleen. 'n Bose kringloop van verwerping,

wantroue en selfminagting ontstaan wat van die een ontwikkelingsfase na die volgende oorgedra word.

In hierdie hoofstuk is genoem dat die dominante benadering in bindingsterapie met simboliese interaksionisme verband hou. Dit vereis dat hierdie ondersoek fokus op die betekenis wat elke respondent aan sy realiteit heg. Simboliese interaksionisme sal dus in hierdie navorsing as uitgangspunt gebruik word om kwalitatiewe data in te samel.

'n Sentrale aspek in hierdie studie is die verwerking van die verlies van die biologiese moeder by middelkinderjarige pleegkinders. Vanuit die literatuur is vasgestel dat genoemde kinders eers die dood van hul moeder of eerste primêre bindingsfiguur moet verwerk voordat hulle emosioneel gereed is om volkome met die pleegmoeder te bind.

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die middelkinderjarige pleegkind met 'n bindingsversteuring. In Hoofstuk 4 sal aandag gegee word aan die tweede hooffiguur in hierdie navorsing, naamlik die enkelouerpleegmoeder wat genoemde pleegkind moet versorg.

HOOFSTUK VIER

ROL VAN DIE ENKELOUERPLEEGMOEDER VANUIT DIE BINDINGSTEORIE GESIEN

*“This brings me to a central feature of my concept of parenting –
the provision by both parents of a secure base from which a
child or adolescent can make sorties into the outside world and to
which he can return knowing for sure that he will be welcomed
when he gets there, nourished physically and emotionally,
comforted if distressed, reassured if frightened.”*

(Bowlby, 1988:11)

4.1 INLEIDING

Aangesien die verwante enkelouerpleegmoeder ’n sentrale figuur in hierdie studie is, word hierdie hoofstuk aan die pleegmoeder gewy en word studies oor haar primêre rol soos vanuit die bindingsteorie gesien, interpersoonlike en sosiale aspekte wat haar rol beïnvloed en die psigobiologiese aard van haar rol in binding bespreek. Ter oriëntering word die verskillende gesinstipes wat op hierdie studie van toepassing is en die kultuurhistoriese agtergrond van swart enkelouerpleegmoeders bespreek, aangesien die bindingsprogram wat in die studie ontwikkel word op so ’n groep vroue met hul pleegkinders getoets word.

4.2 ALGEMENE ORIËTERING

'n Ouer-kindbinding word binne die konteks van 'n gesin gevestig, al is dit 'n enkelouer-, aangename, pleegsorg-, uitgebreide of kerngesin (James, 1994:1). Volgens James (1994:1) is 'n gesonde gesin “the matrix that provides the child with the necessary feelings of safety and a place in which to grow. It is every child’s birthright.” Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:20) definieer “gesin” soos volg: “Kleinste maatskaplike eenheid in die SAMELEWING bestaande uit 'n man en sy vrou, 'n man en sy vrou en KIND, 'n vrou en kind of 'n man en kind, gewoonlik onder een dak”. (Beklemtoning soos in bron). Dié definisie verwys dus na die kerngesin. (Vergelyk Kamerman, 1995:927.)

Die behoud van die gesin as primêre eenheid word deur elke samelewing nagestrewre omdat die gesin die basiese sosialiseringagent van die kind is, en omdat kinders se behoeftes (veral aan binding) ten beste binne gesinsverband aangespreek kan word. Kamerman (1995:929) meld die volgende in die verband: “The premise undergirding family policy is that society needs children and needs them to be healthy, well-educated, and, eventually, productive workers, citizens, and parents.”

Elke samelewing bestaan uit verskillende gesinstipes, en die kerngesin is nie noodwendig die algemeenste nie (Hooyman & Gonyea, 1995:953). Die gesinstipes wat op hierdie studie van toepassing is, is die volgende:

- Die uitgebreide gesin of 'n gesinstelsel wat uit ouers, baie kinders, volwasse bloedverwante en hul kinders bestaan (Kamerman, 1995:927).
- Enkelouergesinne wat bestaan uit 'n enkel vader of moeder wat kinders versorg (Hooyman & Gonyea, 1995:953). Die ontwikkeling van en toename in hierdie soort gesinne is die gevolg van 'n toename in egskedings, sterftes van huweliksmaats en die besluit van vroue om nie te trou nie (Hooyman & Gonyea, 1995:953).
- *Pleeggesinne* “waarin een of meer PLEEGKINDERS versorg word” (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:49). (Beklemtoning soos in bron).
- *Aangename gesinne* wat verwys na gesinne wat kinders wettig aangeneem het. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:1) definieer “aanneming” soos volg: “Geregtelike reëling waarvolgens die permanente bevoegdheid en verantwoordelikheid van ouerskap ten opsigte van 'n minderjarige aan 'n

meerderjarige toegeken word”. (Hierdie gesin is per definisie vroeër uitgesluit van die studie – die ouers oorweeg dit nie omdat dit nie finansiële voordele inhou nie.)

Voor die middeleeue was die uitgebreide gesin ’n baie algemene verskynsel. Hierdie toedrag het egter mettertyd verander weens verstedeliking, industrialisasie en die instelling van skole wat ouers se opvoedingsrol en funksie gedeeltelik oorgeneem het (Kammerman, 1995:928). Volwasse kinders het die uitgebreide gesin begin verlaat om selfstandig te funksioneer en hul eie gesinne te vestig (Kammerman, 1995:928).

In Suid-Afrika het die enkelouergesin waarin die grootmoeder kinders versorg baie toegeneem, veral in die arm swart gemeenskappe. Burman (1996:589) het bevind dat 83% van ’n steekproef van 98 bejaarde, swart enkelouervroue in Kaapstad “kinderversorgingsdienste” verrig het, terwyl die hele steekproef minderjarige kinders versorg het. Burman (1996:590) het verder bevind dat die meerderheid enkelouergrootmoeders na hul kleinkinders en agterkleinkinders omgesien het. Die grootmoeders het gemiddeld ses of meer kinders, insluitend neefs en niggies, versorg. Sommige grootmoeders het terselfdertyd na nie-verwante kinders omgesien. Gemiddeld was daar 7,3 persone per huishouding en die grootste huishouding het uit 22 persone bestaan.

Vervolgens word kultuurhistoriese faktore wat op die ontstaan en ontwikkeling van die enkelouerpleegmoedergesinne in hierdie studie van toepassing is, uitgelig.

4.3 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND

In 1948 het die Nasionale Party in Suid-Afrika aan bewind gekom en besluit om die rassegroepe in die land apart te hou en apart te laat ontwikkel (Viljoen, 1998:15). Behuising en versorgingsfasiliteite (skole, koshuise, kinderhuise en plekke van veiligheid) is vir sorgbehoewende blanke kinders opgerig, maar nie-blanke kinders se behoeftes is op die agtergrond geskuif. By nie-blanke gesinne het gesinsdisintegrasië toegeneem omdat die kinders verbied is om by hul werkende ouers in blanke gebiede te woon (Viljoen, 1998:15). Hierdie ouers het gevolglik hul kinders by familie, veral grootmoeders, in landelike gebiede laat woon en ’n finansiële bydrae tot die versorging van die kinders gelewer, terwyl hulleself in blanke stedelike gebiede gewoon het. (Vergelyk Denis, 2004/07/04; Burman, 1996:586; Kleynhans, 2000:17-18.)

Die instelling van 'n beleid van segregasie was gemik daarop om bevolkingsgroepe te hervestig in hul "eie" woongebiede (Viljoen, 1998:16). Nie-blanke woonbuurte is derhalwe verskuif sodat elke ras 'n eie woonbuurt kon hê. Dus kon swart kinders en ouers nou saam in swart stedelike woonbuurte woon. Toe die eertydse regering in 1986 besluit om nie-blankes onvoorwaardelik in stedelike gebiede toe te laat, het talle tuislandmense na stedelike gebiede verhuis (Viljoen, 1998:16). Dit het tot 'n behuisings- en hulpbrontekort vir almal gelei. In 1994 het die African National Congress (ANC) aan bewind gekom en 'n program van Heropbou en Ontwikkeling (HOP) geïmplementeer om die behoeftes van agtergestelde, kwesbare persone soos arm, enkelouergrootmoeders wat hul kleinkinders versorg, aan te spreek (Viljoen, 1998:16).

Met die uitbraak van MIV/vigs en aanverwante siektes (ongeveer teen 2000) het die enkelouergrootmoeder wat haar kleinkind/ers na die dood van die kind se ouers versorg, op die voorgrond getree. Studies oor MIV/vigs en aanverwante siektes toon 'n merkwaardige toename in sterftes onder jong moeders (Senior, 2002:260). Denis (2004/07/04) meld dat die meeste families in KwaZulu-Natal sedert die begin van die nuwe millennium gemiddeld twee tot drie familieledede per jaar weens MIV/vigs en verwante simptome verloor het. Die pandemie het sulke afmetings aangeneem dat beleidsbepalers aktief betrokke geraak het by die instelling van steunstelsels en die werwing van pleegouers. (Vergelyk Manyisana, 2003/05/21; Senior, 2002:262.) Pleegmoeders sien egter ook na al hoe meer pleegkinders om. Aangesien sommige van die pleegkinders ook MIV positief is, verhoog die versorgings- en finansiële druk op die grootmoeders (Kropf & Burnette, 2003:362). Die meeste grootmoeders wat 'n kleinkind/ers wettig in pleegsorg neem is dus van die staat se pleegsorgtoelae afhanklik en derhalwe onderhewig aan pleegsorgtoesig van welsynsorganisasies soos die Christelik Maatskaplike Raad (CMR). CMR Daveyton het dan ook 'n behoefte aan 'n bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders geïdentifiseer.

Hoewel regeringsbeleid 'n groot impak op die ontwikkeling van die verskynsel van grootmoederpleegmoeders gehad het, het die tradisies en kulturele gebruike van sommige plaaslike swart kulture ook 'n aansienlike rol gespeel. Hierdie aspek word vervolgens bespreek.

In die Xhosa- en Zoeloe-kulture is dit gebruikelik dat die man 'n bruidskat aan die ouers van die voornemende bruid betaal voordat hulle mag trou. Hierdie bruidskat word in Xhosa "isontlo" en in Zoeloe "ilobolo" genoem. Dit is verder die gebruik dat kinders wat buite die eg gebore word by die moeder se familie, gewoonlik die grootmoeder, woon totdat die bruidskat betaal is en die

ouers getroud is. Na huweliksluting kan die kind na die vader se familie oorgeplaas word. Indien die ouers nie trou nie, behou die maternale grootouers “besitreg” ten opsigte van die kleinkind. Dit is verder die gebruik by swart bevolkingsgroepe dat ’n kind by die maternale grootouers bly woon indien die moeder met ’n persoon in die huwelik sou tree wat nie die kind se biologiese vader is nie. Die gebruik word in stand gehou om die stiefvader se eie kinders te beskerm omdat hulle sy eerste prioriteit bly. (Vergelyk Burman, 1996:589; Denis, 2004/07/04.)

’n Tweede kulturele gebruik onder swart Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe wat met grootmoederpleegsorg verband hou is die opvoeding van die oudste kinders. Sommige kultuurgroepe stuur die oudste seun en dogter om by hul grootouers te gaan woon sodat hulle “opgevoed” kan word in die kulturele gebruike van die groep (Burman, 1996:590). (Vergelyk ook Caputo (2001:84) se bevinding in hierdie verband in die VSA.)

’n Derde kulturele gebruik hou verband met borsvoeding. Sommige moeders stuur hul baba na die grootmoeder sodra hy gereed is om gespeen te word. Dit vergemaklik die speningsproses (Mwamwenda in Louw, Louw & Van Ede, 1998:231).

Die ontstaan en ontwikkeling van die enkelouerpleegmoederverskynsel by die swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het dus ’n ryk geskiedenis wat in ag geneem moet word by die implementering van ’n bindingsprogram. Vervolgens word na die keuring en seleksie van pleegouers gekyk.

4.4 KEURING EN SELEKSIE VAN PLEEGOUERS

Nie enige persoon kan ’n kind in pleegsorg neem nie. Die deelnemers in hierdie studie is deur CMR Daveyton gekeur voordat die Kinderhof die pleegsorgplasing bekragtig het (Myburgh, 2003). Keuring het behels dat ’n maatskaplike werker, sy of haar programbestuurder en die Pleegsorg- en Aannemingskommissie van die NG Barmhartigheidsdiens (NGBD), Suid-Transvaal, die pleegmoeders se omstandighede ondersoek en goedgekeur het voordat pleegouerskap teenoor die Kommissaris van Kindersorg aanbeveel is (Myburgh, 2003).

'n Pleegsorgkeuringsprosedure het ten doel om aansoekers se potensiaal vir pleegouerskap te evalueer. Die volgende aspekte word as aanduidings aanvaar dat 'n pleegouer oor die vermoë beskik om pleegkinders suksesvol in pleegsorg te neem:

4.4.1 Binding

Ouers wat 'n kind met 'n geskiedenis van verliese in pleegsorg wil neem moet oor die vermoë beskik om met 'n kind te bind en moet die kind kan help om sy bindingsvrese te oorbrug (Levy & Orlans, 1998:224).

'n Kind se aanpassing by pleegouers word bepaal deur die aard en kwaliteit van sy bindingsgeskiedenis en sy reaksie op skeiding en verlies van sy vorige primêre bindingsfiguur (James, 1994:88). Hierdie aspek hou veral verband met die kind se ervaring van die rouproses. Levy en Orlans (1998:224) meld die volgende in die verband: “The grief process affects subsequent attachments; *unresolved grief inhibits the development of future attachments.*” (Beklemtoning in bron). As die kind die verlies van 'n bindingsfiguur of oorsaak van die verlies byvoorbeeld nie verstaan nie, en verhoed word om daaroor te kommunikeer, sal hy onvoldoende by die verlies aanpas.

Bindingsversteurings kan ook die gevolg van vorige disfunksionele gesinspatrone en traumatiese ervarings soos mishandeling, verwaarlosing en gesinsgeweld wees. (Vergelyk Hughes, 1997:31; James, 1994:8; Levy & Orlans, 1998:224.) Weens onverwerkte negatiewe ervarings kan die pleegkind dus huiwerig wees om ander te vertrou en om met 'n nuwe bindingsfiguur te bind (Levy & Orlans, 1998:224). Pleegouers moet dus kennis dra van pleegkinders se emosionele probleme en hulle moet by magte wees om die probleme te oorbrug en met die kind te bind, of hulle moet bereid wees om opgelei te word sodat hulle bemaagtig kan word om met die kind te bind (Levy & Orlans, 1998:224). Laasgenoemde hou met die doel van hierdie navorsing verband.

4.4.2 Lojaliteitskonflikte

In Hoofstuk 2 is verduidelik dat elke kind 'n binding met sy biologiese moeder het. (Vergelyk 2.3.4.) Kinders wat in die pleegsorgstelsel opgeneem word moet leer om hulself ten opsigte van verskillende ouers te oriënteer (biologiese moeder, grootmoeder en wettige pleegmoeder). (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:225.) Kinders wat 'n biologiese ouer verloor het, ervaar dikwels 'n lojaliteitskonflik. Volgens James (1994:139) word die volgende vraag dikwels in hierdie verband gestel: “Can a child form a new primary attachment when doing so represents betrayal and loss of another?”

James (1994:139) meen dat kinders met 'n ondersteunende substituuatbindingsfiguur die verlies van die eerste bindingsfiguur beter verwerk as kinders wat geen alternatiewe bindingsfiguur het nie. Kinders verwerk die verlies van die eerste binding deur pynlike ervarings met die nuwe bindingsfiguur te bespreek. James (1994:89) meld die volgende in die verband: “Grief work is remembering, not forgetting; it is a process of internalizing, not extruding.” Pleegouers moet dus kennis dra van die kind se behoefte om oor sy biologiese ouers te treur en nie daarvoor bedreig voel nie.

4.4.3 Geborgenheid

Pleegkinders voel dikwels geïsoleerd omdat hul interne werksmodel nie konsepte van geborgenheid bevat nie. Dit is derhalwe belangrik dat die pleegkind toegelaat word om deur middel van 'n aktiewe “opeisingsproses” by die bestaande gesinsverhoudings in te pas. (Vergelyk Temple-Plotz, Stricklett, Baker & Sterba, 2002:14; Levy & Orlans, 1998:225.) 'n Voorbeeld hiervan is om 'n betekenisvolle plek aan tafel of 'n werkie aan die kind toe te ken sodat 'n gesinsidentiteit, wat die pleegkind insluit, geskep kan word. Levy en Orlans (1998:225) meld dat pleegouers soms ongeduldig raak wanneer binding lank sloer. Pleegouers moet dus beseft dat 'n vertrouensverhouding en binding heelwat tyd in beslag kan neem, veral as die kind 'n geskiedenis van pynlike verliese het. Aansoekers se vermoë om die kind geborge te laat voel en om aanpassings in hul huishouding aan te bring moet dus tydens die pleegsorgkeuring geassesseer word.

4.4.4 Emosionele volwassenheid

Die verlies van 'n primêre bindingsfiguur is traumaties en raak die kind se ontwikkeling in verskeie opsigte. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:225; Hughes, 1997:30; James, 1994:7.) Individue (insluitend pleegkinders) met 'n bindingsversteuring kan hul soms tot alkohol, dwelms of aggressie wend om hul emosies te probeer versag (Wallant, 1995:167). Pleegouers moet dus kennis neem van en voorberei word op moontlike probleme, frustrasies en teleurstellings en oor die nodige deursettingsvermoë beskik om die probleme te oorbrug (Levy & Orlans, 1998:226).

4.4.5 Vertroue en identiteit

Bowlby en Erikson het saamgestem dat die ontwikkeling van basiese vertroue 'n primêre ontwikkelingstaak is wat 'n kind reeds in die eerste ouer-kindverhouding moet bemeester (Hook, 2002:267-268). Levy en Orlans (1998:136) meld dat die meeste pleegkinders 'n gebrek aan vertroue in volwassenes ervaar. Volgens Levy en Orlans (1998:136) voer pleegkinders gewoonlik die volgende binnesprek: "I cannot trust that caregivers will keep me safe, fulfill my needs, or love and value me ... I cannot trust that I will ever be safe; my needs are not valid; I do not trust that I am capable, loveable, or worthwhile." Pleegkinders moet dus leer om te vertrou. Hierop moet pleegouers emosioneel voorberei word en oor die nodige emosionele volwassenheid beskik om 'n vertrouensverhouding met so 'n pleegkind op te bou (Levy & Orlans, 1998:224).

4.4.6 Ontwikkeling van die pleegkind se selfidentiteit

Levy en Orlans (1998:136) meld verder dat pleegkinders gewoonlik 'n identiteitskrisis beleef. Volgens Levy en Orlans (1998:226) behels identiteit "who the child believes him- or herself to be ... Self-worth is at the core of identity." Die pleegkind se identiteit word na aanleiding van sy bindingservarings gevorm (James, 1994:67). Kinders met 'n bindingsversteuring ontwikkel 'n identiteit wat op 'n gevoel van skaamte gebaseer is (Hughes, 1997:40). Hierdie gevoel hou verband met hul persepsie dat hulle verlaat en verwerp is omdat hulle minder waardevol, aantreklik en aanvaarbaar is (Levy & Orlans, 1998:226). Hulle skep dus afstand omdat hulle nabyheid en intimiteit wil vermy uit vrees vir verdere verwerping. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:226; Hughes, 1997:215.) Pleegouers moet dus hiervan kennis neem en bereid wees om die pleegkind te help met die ontwikkeling van 'n positiewe selfidentiteit. (Vergelyk Cassidy,

1999:12; Eagle, 2000:128; Weinfield, Sroufe, Egeland & Carlson, 1999:71; James, 1994:68.) Alhoewel CMR Daveyton tydens pleegmoederkeuring hierna oplet, het hulle 'n behoefte aan meer kennis daaroor.

4.4.7 Die aard van die gesinsmodel

Enkelouerpleegouers moet in staat wees om die eise van enkelouerskap te hanteer (Myburgh, 2003). Lamb (in Levy & Orlans, 1998:160) het die volgende negatiewe aspekte wat met enkelouerskap verband hou, geïdentifiseer:

- Afwesigheid van 'n mede-ouerfiguur. In gesinne met beide ouers is daar twee volwassenes, en hulle kan mekaar met die kinders se versorging, opvoeding en beskerming bystaan. Volgens Levy en Orlans (1998:162) is die vaderfiguur se belangrikste rol die van beskermer van die gesin.
- Finansiële stres.
- Emosionele stres. Dit korreleer met gevoelens van alleenheid en kwesbaarheid by enkelouers. (Vergelyk Sidebotham, 2001:480; Levy & Orlans, 1998:163.)

Enkelouerskap impakteer nie net negatief op enkelouerpleegouers nie, maar ook op die betrokke pleegkind/ers wat nie 'n manlike identifikasiefiguur het nie (Levy & Orlans, 1998:163). Die enkelouerpleegmoeders in hierdie studie moet dus kennis dra van hierdie negatiewe impak en bereid wees om alleen in die kind se behoeftes te voorsien.

4.4.8 Persoonlikheidsaspekte

Bowlby identifiseer drie persoonlikheidseienskappe wat geëvalueer moet word met betrekking tot 'n ouer se vermoë om met 'n kind te bind, naamlik die vermoë om die kind te beskerm, sensitiwiteit vir die kind se behoeftes, en beskikbaarheid. (Vergelyk Soloman & George, 1999:651-665; Belsky, 1999:249; Dozier, Stovall, Albus & Bates, 2001:47; Ainsworth, Blehar, Waters & Wall, 1978:5.) Hierdie drie aspekte word vervolgens bespreek.

4.4.8.1 *Beskerming*

Bowlby (Soloman & George, 1999:652) is van mening dat moeders wat gesond funksioneer instinktief tevrede is wanneer hulle beskermend teenoor 'n kind in hul sorg kan optree. Hulle ervaar ook intense angste wanneer hulle verhoed word om hul kind te beskerm en om alles in hul vermoë te doen om naby die kind te kom ten einde hom te beskerm (Ainsworth, *et al.*, 1978:11). 'n Voorbeeld hiervan onder swart grootmoederpleegmoeders in Suid-Afrika is duidelik in die volgende stelling: “A grandmother would rather starve herself than see her grandchildren die” (*Cape Times* in Burman, 1996:590).

Fraiberg (in Solomon & George, 1999:665) het bevind dat selfs moeders wat uit ontwrigte kinderjare of traumatiese omstandighede kom, sterk gemotiveerd is om hul kinders te beskerm. Levy en Orlans (1998:161) wys egter daarop dat siklusse van mishandeling en verwaarlosing van geslag tot geslag oorgedra kan word. Levy en Orlans (1998:161) noem verder dat ouers wat in hul kinderjare deur hul ouers verlaat (“abandon”) is, dikwels neig om hul kinders te oorbeskerm. Hieruit is dit duidelik dat elke situasie uniek is.

'n Paradoks kan egter voorkom wanneer die enkelouerpleegmoeder die middelkinderjarige kind wil beskerm en hierdie kind nie haar beskerming, gesag en dissipline wil aanvaar nie, wat dikwels die klagte in ongeborge pleegsorgbindings is, aldus Myburgh (2003). (Vergelyk Soloman & George, 1999:653; Allsopp & Thumbadoo, 2004/08/04; Robertson & Donaldson, 2003/09/23; Schönleich, 2003/09/23; Goodman & Silverstein, 2001:558.) Met ander woorde 'n wedersydse binding het nie plaasgevind nie.

Om grootmoederpleegmoeders te bemagtig om meer beskermend te kan optree, moet daar in hierdie studie ondersoek ingestel word na bindingstegnieke wat die pleegmoeder in beheer van die situasie kan plaas sonder om die ouer-kindverhouding of emosionele ontwikkeling van die kind te benadeel.

4.4.8.2 *Sensitiwiteit*

Ainsworth het bevind dat moeders wat *konsekwent sensitief* teenoor hul kinders se behoeftes reageer die beste met hul kinders bind. (Vergelyk Soloman & George, 1999:652-653; Belsky, 1999:249.) Ainsworth, *et al.* (1978:312) definieer die konsep “sensitiwiteit” soos volg: “...

sensitive responsiveness to his signals and communications”. (Vergelyk Belsky, 1999:249; Molloy, 2002:167; Dozier, *et al.*, 2001:1467.) Ainsworth (in Belsky, 1999:249) het waargeneem dat sensitiewe moeders gou reageer op hul babas se behoeftes en dat dié babas meer geborge voorkom. Sy het verder opgemerk dat onsensitiewe moeders nie dadelik of konsekwent op hul babas se behoeftes reageer nie en dat hierdie babas meer ambivalent en onseker in die moeder se teenwoordigheid reageer.

Verskeie navorsers (vergelyk Soloman & George, 1999:652-653; Bretherton, 2000:233) het die konsep “sensitiwiteit” bestudeer. Belsky, Rosenberger & Crnic (2000:159) verwys na verskeie navorsers wat die rol van die moeder (insluitend enkelouermoeders) vanuit ’n bindingskonteks ondersoek het. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die moeder se sensitiwiteit waargeneem kan word vanuit die toepaslikheid van haar responsiwiteit, stimulasie, ondersteuning, warmte, betrokkenheid en aanvoeling vir die kind se emosies.

Holmes (2000:33) wys daarop dat die voorafgaande eienskappe met die ontwikkeling van ’n gevoel van *sekuriteit* by die kind verband hou. Holmes (2000:33) stel dit soos volg: “Attachment research has shown that a school-age child’s sense of security is greatly influenced by the consistency, responsiveness, and attunement he or she experienced with his or her parents in infancy. (Vergelyk Hughes, 1997:11; Stern, 2000:140; Karen, 1994:348.) Eagle (2000:131) stem saam met die voorafgaande maar wys daarop dat sommige kinders ’n moeiliker temperament as ander het en dat dit in ag geneem moet word wanneer die moeder se sensitiwiteit geassesseer word.

Boom (in Belsky, 1999:251) het een van die omvattendste studies gedoen ten einde te bepaal tot watter mate die kind se temperament bydra tot die moeder-kindbinding. Hy het ’n longitudinale studie met risikogesinne in Nederland uitgevoer en bevind dat sommige babas wat aanvanklik as geïrriteerd geklassifiseer is later ’n geborge binding met hul moeder ontwikkel het, terwyl sommige babas wat aanvanklik gelykmatige temperamente gehad het, later ’n ongeborge binding met hulle moeder ontwikkel het. (Vergelyk Karen, 1994:287.)

Belsky (1999:252) verwys na verskeie navorsers wat tot dieselfde gevolgtrekking gekom het, naamlik dat “there can be little doubt that with more and better data, the contribution of caregiver behavior is clear ... security is associated with prompt responsiveness to distress ...” Belsky (1999:252) draai dus weer die soeklig na die *moeder en haar gedrag*.

Karen (1994:287) wys daarop dat die moeder-kindverhouding nie in 'n vakuum gevorm word nie aangesien traumatiese ervarings soos die dood van 'n ouer of lang hospitalisasie 'n negatiewe invloed op die ouer-kindverhouding het.

Die navorser kon min navorsing oor die konsep “sensitiwiteit” in die grootouerpleegouer-pleegkindverhouding vind. Verskeie navorsers (vergelyk Dozier, et al., 2001:1467; Mills, 2001:679; Howes, 1999:657) identifiseer 'n leemte in navorsing oor binding en grootouerskap of pleegsorg. Howes (1999:675) som dit soos volg op: “There is a considerable literature on attachment relationships with fathers and child care providers, as well as a growing literature on attachment relations with teachers; however, there is almost no literature on attachment relationships with grandparents.”

Een van die min ondersoeke oor pleegkinders is deur Marcus (in Howes, 1999:680) uitgevoer. Die ondersoek het van 'n nie-gestandaardiseerde meetinstrument gebruik gemaak om bindingsgedrag te meet. Pleegouers het terugvoer gegee oor pleegkinders se herenigingsgedrag (moontlik na 'n tydperk van skeiding). Die pleegkinders en pleegouers se response is met behulp van 'n kwantitatiewe gedragskaal geëvalueer. Die pleegouers se “sensitiwiteit” ten opsigte van die pleegkind se emosies en die pleegkinders se gevoel van “sekuriteit” is gekodeer. Die resultate toon dat pleegouers wat hoë sensitiwiteitstellings behaal, pleegkinders het wat hoë tellings op die sekuriteitskaal behaal. Daar is verder bevind dat pleegouers wat die meeste tyd met hul pleegkinders spandeer die hoogste tellings op die sekuriteitskaal behaal. Daar is dus 'n positiewe korrelasie tussen 'n geborge pleegsorgbinding en pleegouers se *sensitiwiteit*.

Solomon en George (1999:665) het gefokus op die ontwikkeling van moeders se insig en sensitiwiteit vir hul kinders se emosies en behoeftes tydens die implementering van intervensieprogramme. Volgens Soloman en George (1999:665) moet insig-ontwikkeling op die moeder se evaluasie van haarself fokus. Met ander woorde, tot watter mate tree die pleegmoeder *beskermend* op en tot watter mate is sy op 'n *sensitiewe* wyse *beskikbaar* wanneer die kind haar nodig het. Hierdie aspek sluit aan by die derde persoonlikheidsaspek van pleegmoeders wat binding bevorder, naamlik beskikbaarheid.

4.4.8.3 Beskikbaarheid

In 'n studie deur Dozier, et al. (2001:147) oor pleegsorg is pleegmoeders en pleegbabas se binding met die Ainsworth Strange Situation-prosedure ondersoek. Altesaam 50 ouer-kind pare

is by die studie betrek. Die resultate het getoon dat pleegbabas wat in die eerste 18 maande van hul lewe in pleegsorg geplaas is, se bindingsgedrag met die pleegmoeder se *beskikbaarheid* verband gehou het. Pleegmoeders wat gereedelik beskikbaar was en gou op die babas se behoeftes gereageer het, het die beste binding met hul pleegkinders gehad. Verder is 'n positiewe korrelasie ten opsigte van die pleegmoeders se gemoedstoestand en die pleegbabas se bindingsgedrag waargeneem. Pleegmoeders met 'n positiewe gemoedstoestand se pleegbabas het die mees geborge voorgekom.

Om saam te vat: Dit is dit duidelik dat die volgende eienskappe as aanduidings van goeie ouerskapsvaardighede en emosionele volwassenheid by pleegouers beskou kan word: Die vermoë om verantwoordelikheid vir die versorging en *beskerming* van die kind te aanvaar; om met *sensitiwiteit* op die kind se behoeftes te reageer; en die vermoë om die kind eerste te stel en vir hom *beskikbaar* te wees wanneer nodig. Hierdie aspekte sal kwantitatief en kwalitatief in die navorsing ondersoek word.

4.4.9 Belewensisse in die gesin van herkoms

Tydens keuring moet daar bepaal word tot watter mate die aansoeker haar belewensisse in haar gesin van herkoms verwerk het. (Vergelyk Fish, 1996:243-247.) Indien aansoekers in die verlede aan ontberings blootgestel is, is dit noodsaaklik om te bepaal tot watter mate hulle dit verwerk het, aangesien onverwerkte negatiewe ervarings hul rolervulling negatief kan beïnvloed.

Main het van 'n narratiewe benadering gebruik gemaak om volwassenes se interne werksmodelle met betrekking tot hul gesin van herkoms na te vors. Main (2000:439-441) het haar waarnemings in vier kategorieë geklassifiseer. (Vergelyk Dozier, *et al.*, 2001:1468; Siegel, 1999:74; Levy & Orlans, 1998:261-262; Hesse, 1999:399.) Hierdie kategorieë is die volgende:

- *Geborge/outonome bindingsnarratiewe*: Die ouer is objektief oor en aanvaar sy of haar bindingservarings (45-55%). Hierdie volwassenes kan duidelik en helder oor hul bindingservarings kommunikeer. Hulle kan sonder enige emosionele ongemak hul positiewe en negatiewe bindingservarings realisties evalueer (Fish, 1996:244). Hulle lewe ten volle in die hede (Siegel, 1999:91). Indien daar negatiewe herinnerings is, het hulle dit vergewe en gaan hulle voort met hul lewens (Fish, 1996:244). Hierdie ouers het 'n

geskiedenis van emosioneel betekenisvolle vriendskappe en romantiese verhouding(s) wat toon dat hulle op 'n gesonde wyse van hul bindingsfiguur geëmansipeer het en outonoom in die volwasse fase kan funksioneer (Siegel, 1999:91). Main (2000:439) het bevind dat hierdie ouers nie huiwer om hul bindingservarings met hul kinders te deel nie. (Vergelyk Hesse, 1999:399; Siegel, 1999:91; Levy & Orlans, 1998:261; Fish, 1996:245.)

- *Vermydende bindingsnarratiewe:* Hierdie ouers vermy bindingservarings en -verhoudings (20-35%). Vermydende ouers ervaar ongemak wanneer hulle oor hul bindingservarings kommunikeer. (Vergelyk Main, 2000:440; Fish, 1996:245.) Hulle beskryf hul bindingservarings op 'n droë, analitiese, intellektuele wyse. Daar is ook 'n gebrek aan rykheid en diepte in hul outobiografiese narratiewe (Siegel, 1999:93). Siegel (1999:93) noem dat hierdie ouers voortdurend beleef dat daar 'n afstand tussen hulself en ander persone is. Karen (1994:368) noem dat hulle in terapie dikwels hul pyn oor die verlede ontken of oor gebeurlikhede in hul ouerhuis rasionaliseer. Vermydende ouers neig dus om 'n sekere afstand met hul kinders te handhaaf (Karen, 1994:368).
Die mees kritieke aspek van 'n ouer-kindbinding hou verband met die ouer se vermoë om gevoelens van liefde en toegeneentheid op 'n verbale en nie-verbale wyse aan die kind oor te dra (Siegel, 1999:129). Dit word veral weerspieël in die wyse waarop die ouer op die kind se affektiewe seine (taal en gedrag) reageer. 'n Sensitiewe ouer sal byvoorbeeld weet wanneer om

fisiese hulp of verbale ondersteuning aan die kind te bied. In 'n geborge binding kan ook verwag word dat die kind positief op die ouer se uitreiking sal reageer (Jernberg & Booth, 1999:19). Mc Kay, *et al.* (1996:226) onderskei tussen 'n positiewe en negatiewe responsiwiteit as “responsive to affective/behavioural cues vs. unresponsive to affective/behavioral cues”. (Kyk Bylaag 3.)

TABEL 6.19: VERGELYKING VAN DIE PLEEGMOEDERS EN PLEEGKINDERS SE RESULTATE VIR RESPONSIWITEIT OP DIE MIMBRS BEHAAL

	Eksperimentele groep (N=11)			Vergelykende groep (N=21)		
Moeder se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	15,63%	15,63%	12,50%	21,88%	28,13%	15,63%
Natoets	0,00%	6,25%	28,13%	25,00%	21,88%	18,75%
Kind se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	12,50%	3,13%	18,75%	6,25%	18,75%	40,63%
Natoets	0,00%	0,00%	34,38%	12,50%	15,63%	37,50%

Pleegmoeders se responsiwiteit

Die grootste groep pleegmoeders (9 moeders of 28,13%) in die eksperimentele groep het 'n positiewe skaalwaarde (4-5) tydens die natoets behaal en geeneen 'n negatiewe waarde nie, en 5 pleegmoeders (15,63%) het 'n negatiewe skaalwaarde (1-2) tydens die voortoets behaal. Daarenteen het die grootste groep pleegmoeders in die vergelykende groep (9 moeders of 28,13%) 'n neutrale skaalwaarde in die voortoets en 'n negatiewe skaalwaarde (8 moeders of 25,00%) in die natoets behaal. Dus het diegene wat die program deurloop het, meer groei in responsiwiteit getoon.

Pleegkinders se responsiwiteit

Die grootste groep pleegkinders in die eksperimentele groep (11 kinders of 34,38%) het 'n verandering in responsiwiteit in die natoets getoon en geeneen 'n negatiewe skaalwaarde nie. Dit impliseer dat die responsiwiteit van die meerderheid kinders wat die program deurloop het, gegroei het.

6.11.5 Oogkontak

Stern (2002:50) meld die volgende in verband met oogkontak: “It was only a little over a decade ago that the importance of gaze as a cardinal social and bonding behavior began to be appreciated.” Hy (Siegel, 1999:121) is van mening dat oogkontak ’n fundamentele rol in die kommunikasie van emosies vervul. Oogkontak vervul dus ’n baie belangrike rol in binding. Mc Kay, *et al.* (1996:226) onderskei tussen positiewe en negatiewe oogkontak as “looking at partner most of the time vs. looking away from partner most of the time”. (Kyk Bylaag 3.)

TABEL 6.20: VERGELYKING VAN DIE PLEEGMOEDERS EN PLEEGKINDERS SE RESULTATE VIR OOGKONTAK OP DIE MIMBRS BEHAAL

	Eksperimentele groep (N=11)			Vergelykende groep (N=21)		
Moeder se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	18,75%	6,25%	9,38%	21,88%	18,75%	25,00%
Natoets	0,00%	3,13%	31,25%	18,75%	37,50%	9,38%
Kind se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	18,75%	3,13%	12,50%	15,63%	21,88%	28,13%
Natoets	0,00%	3,13%	31,25%	15,63%	28,13%	21,88%

Pleegmoeders se oogkontak

Gedurende die voortoets het die grootste groep pleegmoeders (6 moeders of 18,75%) van die eksperimentele groep ’n negatiewe skaalwaarde (1-2) vir oogkontak behaal, maar geeneen het ’n negatiewe skaalwaarde in die natoets behaal nie. Tydens die natoets het die grootste groep pleegmoeders (10 moeders of 31,25%) van dieselfde groep ’n positiewe skaalwaarde (4-5) vir oogkontak behaal. Daarenteen het die grootste groep pleegmoeders in die vergelykende groep (12 moeders of 37,50%) tydens die natoets ’n neutrale 3 vir oogkontak behaal.

Pleegkinders se oogkontak

Die oogkontak van die grootste groep pleegkinders (10 kinders of 31,25%) in die eksperimentele groep het verbeter terwyl geeneen ’n negatiewe skaalwaarde behaal het nie. Die program het oogkontak dus verbeter.

6.11.6 Taakgefokusde gedrag

George en Solomon (1999:665) konstateer dat sensitiewe ouers taakgefokus en doelgerig optree terwyl hulle die kind se affektiewe behoeftes in ag neem. McKay, *et al.* (1996:226) definieer taakgefokusde gedrag as “attentive to task most of the time vs. not attentive to task for most of the time”. (Kyk Bylaag 3.)

TABEL 6.21: VERGELYKING VAN DIE PLEEGMOEDERS EN PLEEGKINDERS SE RESULTATE VIR TAAKGEFOKUSDE GEDRAG OP DIE MIMBRIS BEHAAL

	Eksperimentele groep (N=11)			Vergelykende groep (N=21)		
Moeder se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	25,00%	3,13%	6,25%	43,75%	3,13%	18,75%
Natoets	0,00%	3,13%	31,25%	18,75%	37,50%	9,38%
Kind se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	6,25%	6,25%	21,88%	6,25%	6,25%	21,88%
Natoets	0,00%	3,13%	31,25%	0,00%	3,13%	31,25%

Pleegmoeders se taakgefokusde gedrag

Altesaam 25 pleegmoeders (25,00%) van die eksperimentele groep het gedurende die voortoets ’n negatiewe waarde van 1 tot 2 vir taakgefokusde gedrag behaal. Die situasie het merkbaar verbeter in die natoets aangesien 9 moeders (28,13%) 4 tot 5 en geeneen ’n negatiewe waarde behaal het nie. In die vergelykende groep het die grootste groep pleegmoeders in die voortoets (14 moeders of 43,75%) en die natoets (13 moeders of 40,63%) ’n negatiewe skaalwaarde behaal. Hieruit kan afgelei word dat die program taakgefokusde gedrag versterk het.

Pleegkinders se taakgefokusde gedrag

Die pleegkinders in die eksperimentele groep het na die program beter gevaar met taakfokus. Altesaam 9 kinders (28,13%) het ’n positiewe waarde van 4 tot 5 vir taakgefokusde gedrag tydens die voortoets behaal, en 11 kinders (31,25%) tydens die natoets. Hierdie positiewe eienskap kon bloot maar verder versterk word tydens terapie (Jernberg & Booth, 1999:19).

6.11.7 Aanbieding/aanvaarding van hulp

Volgens Jernberg en Booth (1999:17) moet die ouer altyd beskikbaar en in beheer van die verhouding wees: “The adult is attuned to the infant’s needs and responds accordingly, initiating playful, stimulating contact when appropriate and offering soothing, comforting contact when needed” (Jernberg & Booth, 1999:17). Ouers behoort ook die hulp aan te pas by die kind se ontwikkelingsfase en behoeftes. Mc Kay, *et al.* (1996:226) definieer hulpaanbieding as “offering help or guidance to the child without being too controlling or too passive vs. offering inappropriate, too much or too little help and guidance to the child”. (Kyk Bylaag 3.)

TABEL 6.22: VERGELYKING VAN DIE PLEEGMOEDERS EN PLEEGKINDERS SE RESULTATE VIR AANBIEDING/AANVAARDING VAN HULP OP DIE MIMBRS

	Eksperimentele groep (N=11)			Vergelykende groep (N=21)		
Moeder se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	25,00%	3,13%	6,25%	43,75%	9,38%	12,50%
Natoets	0,00%	6,25%	28,13%	40,63%	6,25%	18,75%
Kind se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	21,88%	12,50%	0,00%	46,88%	6,25%	12,50%
Natoets	0,00%	0,00%	34,38%	34,38%	21,88%	9,38%

Pleegmoeders se aanbieding van hulp

Die grootse groep pleegmoeders (8 moeders of 25,00%) van die eksperimentele groep het gedurende die voortoets ’n negatiewe skaalwaarde (1-2) vir die aanbieding van hulp behaal, terwyl 9 moeders (28,13%) ’n postiewe skaalwaarde (3-4) in die natoets behaal het. In teenstelling hiermee het die grootste groep pleegmoeders in die vergelykende groep bykans geen verandering in skaalwaarde (1-2) tydens die voortoets (14 persone of 43,75%) en natoets (13 persone of 40,63%) getoon nie. Dus het die pleegmoeders wat die program deurloop het, die meeste groei getoon.

Pleegkinders se aanvaarding van hulp

Die pleegkinders in die eksperimentele groep het die grootste groei in aanvaarding van hulp getoon. Dit word daaraan toegeskryf dat die pleegkinders tydens die program geleer is om die

pleegmoeder te vertrou om hulle te vertroetel (Jernberg & Booth, 1999:19). Tydens die voortoets het die grootste groep (7 kinders of 21,88%) 'n negatiewe waarde (1-2) behaal terwyl die grootste groep (11 kinders of 34,38%) 'n positiewe waarde (4-5) in die natoets behaal het. Hierdie tendens word toegeskryf aan die benutting van Theraplay-speletjies wat die kind spelenderwys geleer het om vertroeteling te aanvaar. (Vergelyk Hughes, 1999:102; Jernberg & Booth, 1999:35.) Terselfdertyd is die pleegmoeder gemotiveer om vertroetelingshandelings toe te pas. (Vergelyk Jernberg & Booth, 1999:xxiii.)

6.11.8 Spelerigheid

Jernberg en Booth (1999:35-36) meld dat spel onontbeerlik in 'n gesonde moeder-kindbinding is omdat die moeder tydens spel op die kind se vlak beweeg en kommunikeer. Op die MIMBRS word slegs die pleegmoeder se spelerigheid gemeet. (Kyk Bylaag 3.)

TABEL 6.23: DIE PLEEGMOEDERS SE SPELERIGHEID OP DIE MIMBRS BEHAAL

	Eksperimentele groep (N=11)			Vergelykende groep (N=21)		
Spelerigheid	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Voortoets	15,63%	12,50%	6,25%	37,50%	18,75%	9,38%
Natoets	0,00%	3,13%	31,25%	28,13%	28,13%	9,38%

Onder die pleegmoeders wat die program deurloop het, het die grootste groep tydens die voortoets (5 persone of 15,63%) 'n negatiewe skaalwaarde gehad, maar die grootste groep het in die natoets (10 persone of 31,25%) 'n positiewe skaalwaarde behaal. Die grootste groep moeders in die vergelykende groep het tydens die voortoets (12 moeders of 37,59%) en natoets (10 persone of 31,25%) 'n negatiewe skaalwaarde behou. Dus het diegene wat die program deurloop het, weereens die meeste groei getoon.

Om saam te vat: Die bindingsgedrag van die grootste groep pleegmoeders en pleegkinders wat die program deurloop het, het verbeter. Dit kan veral toegeskryf word aan die pleegmoeders wat beheer oor die interaksie geneem het, die direkte, empatiese, nie-verbale wyse waarop daar in die pleegkinders se leefwêreld ingedring is en die vestiging van 'n vertrouensverhouding tussen ouer en kind. (Vergelyk Jernberg & Booth, 1999:15; Levy & Orlans, 1998:110; Hughes, 1997:55.) Hierdie bevinding bevestig dus die hipotese dat die bindingsgedrag van pleegmoeders wat die bindingsprogram deurloop, sal verbeter.

6.11.9 Die ouer-kindpare se sosiale betrokkenheid, balans van beheer en interaksiekwaliteit

Die bindingsprogram se oorhoofse uitwerking word in hierdie afdeling bepaal.

TABEL 6.24: DIE PARE SE RESPONSE OP OORHOOFSE ASPEKTE OP DIE MIMBRS BEHAAL

	Eksperimentele groep (N=11)			Vergelykende groep (N=21)		
Ouer-kindpaar se gedrag	1-2	3	4-5	1-2	3	4-5
Sosiale betrokkenheid						
Voortoets	18,75%	9,38%	6,25%	25,00%	28,13%	12,50%
Natoets	0,00%	0,00%	34,38%	25,00%	28,13%	12,50%
Beheer (inisiëring/ passiewe gedrag)						
Voortoets	15,63%	9,38%	9,39%	31,25%	21,88%	12,50%
Natoets	0,00%	0,00%	34,38%	34,38%	21,88%	9,38%
Interaksiekwaliteit						
Voortoets	18,75%	9,38%	6,25%	25,00%	28,13%	12,50%
Natoets	0,00%	0,00%	35,48%	19,35%	35,48%	9,68%

In die hele vergelykende groep het die meeste respondente se waardes vanaf 'n negatiewe telling (1-2) in die voortoets tot 'n positiewe telling (4-5) in die natoets verbeter.

Sosiale betrokkenheid

McKay, *et al.* (1996:226) definieer sosiale betrokkenheid as “parent and child are almost always socially involved/engaged with each other vs. parent and child are almost never socially involved/engaged with each other”. Die veranderlike “sosiale betrokkenheid” word dus gemeet aan die mate waartoe die ouer-kindpaar sosiaal betrokke is en in interaksie met mekaar verkeer. Die grootste groep pare in die eksperimentele groep het 'n negatiewe waarde (1-2) vir sosiale betrokkenheid in die voortoets (9 pare of 28,13%) en 'n positiewe waarde (4-5) vir sosiale betrokkenheid in die natoets (11 pare of 34,38%) behaal. Sosiale betrokkenheid het dus by die grootste groep pare verbeter.

Balans van beheer

McKay, *et al.* (1996:226) definieer balans van beheer as “a balance of initiating and controlling behaviors between parent and child vs. one person is in control/dominant during most of the interaction”. “Beheer” meet dus die mate waartoe een persoon die interaksie oorheers en beheer. Die veronderstelling is dat die ouer en die kind in aanvoeling met mekaar se behoeftes moet wees en dat nie een die ander negatief moet oorheers nie (Lindaman, Booth & Chambers, 2000:384). Na afloop van die bindingsprogram was die pleegmoeders meestal in beheer van die interaksie en het die pleegkinders hul gesag gerespekteer. Die groepsbespreking (kwalitatiewe data) het bevestig dat die pleegkinders geleer het om hul moeders te alle tye te respekteer. (Portuurgroepinvloed in die adolessente fase kan hiedie tendens egter nadelig beïnvloed.)

Die grootste groep pare in die eksperimentele groep (5 pare of 15,63%) se negatiewe waardes (1-2) het na positiewe waardes (4-5) verander (11 pare of 34,38%). Die bindingsprogram het dus die pare se bindingsgedrag verbeter.

Algehele interaksiekwaliteit

Die grootste groep pare in die eksperimentele groep het 'n negatiewe waarde (1-2) (6 pare of 18,75%) in die voortoets en 'n positiewe waarde (4-5) (11 pare of 35,48%) in die natoets behaal. Daarteenoor het die grootste groep pare in die vergelykende groep in die voortoets (9 pare of 28,13%) en die natoets (11 pare of 35,48%) 'n neutrale waarde (3) behaal. Diegene wat dus die program deurloop het, het die grootste verbetering getoon.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die bindingsprogram 'n bevredigende uitkoms gehad het. Gemeet aan die respondente se bindingsgedrag soos verteenwoordig deur hul gesigsuitdrukking, stemtoon, liggaamsoriëntasie, responsiwiteit, oogkontak, taakgeoriënteerde gedrag, aanbieding/aanvaarding van hulp en spelerigheid het die program 'n positiewe uitwerking gehad. Na afloop van die program het die respondente meer op mekaar gefokus en was meer in voeling met mekaar. Ongeag die kort duur van die intervensie het die respondente insig in hulself en hul situasie gekry.

6.12 SAMEVATTING

Maatskaplike werkers beskik nie oor 'n bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders nie. Die studie was dus 'n poging om die fenomeen van binding te verken en 'n bindingsprogram te ontwikkel. Hiervoor is 'n kwantitatief-kwalitatiewe benadering gevolg.

Nadat die rasionaal vir die gebruik van 'n kwantitatief-kwalitatiewe benadering verduidelik is, is die navorsingsproses en demografiese gegewens van die steekproef bespreek. Altesaam 50 pleegmoeders bo 50 jaar en hul middelkinderjarige pleegkinders het aan die studie deelgeneem. Die meeste kinders was of 13 of 8 jaar oud. Die meeste grootmoeders was 62 jaar oud. Verder was die grootste groep kinders 2 tot 3 jaar in pleegsorg, wat impliseer dat hulle baie onlangs hul moeder verloor het en dus waarskynlik nog in die rouproses verkeer het.

Tydens die voortoets is die ouer-kindpare se interaksie met behulp van die MIM waargeneem en met die MIMBRS gemeet. Die MIM is egter aangepas vir gebruik by ongeletterde mense. Altesaam 50 videobandopnames is onder gekontroleerde omstandighede gemaak nadat 8 basiese MIM-take in Sesotho vertaal en op oudioband opgeneem is. Laasgenoemde band is aan die respondente teruggespeel sodat hulle die opdragte in die afwesigheid van 'n derde persoon kon uitvoer. Videobandopnames is daarna van hul interaksies gemaak, ook in die afwesigheid van die navorser.

Na afloop van die videobandopnames is 'n Sesotho-sprekende maatskaplike werker opgelei om saam met die navorser die videobande op 'n ordinale gedragsmetingskaal te kodeer. Die volgende veranderlikes is gemeet: gesigsuitdrukking, liggaamsoriëntasie, stemtoon, reaksie op die kind se behoeftes, oogkontak, taakgefokusde gedrag en aanbieding/aanvaarding van hulp.

Die resultate het getoon dat die kinders baie outonoom gefunksioneer en selde hulp gevra het, terwyl die pleegmoeders selde hulp aangebied het. Dit het op 'n kommunikasieprobleem aan beide kante gedui. Die kinders het ook baie taakgefokus gefunksioneer en 'n behoefte aan aandag getoon. Dit het weer gedui op 'n bindingspatroon wat kommunikasie oor behoeftes vermy of ignoreer. Voorts het kinders wat langer (veral sedert geboorte) by hul pleegmoeders gewoon het, beter metings op die MIMBRS behaal as kinders wat later by hul grootmoeders gaan woon het. Dit bevestig Bowlby (1988:122) se bindingsteorie, naamlik dat 'n geborge

binding wat in die eerste drie lewensjare gevorm word, 'n positiewe effek op die ouer-kindverhouding het.

Verskeie probleme het tydens die implementering van die program na vore getree. Dit het meestal met dood in die familie, gesondheidsprobleme en gebrek aan geld verband gehou. Daarom het die navorser twee vergaderings belê om praktiese probleme en oplossings daarvoor te bespreek. Die respondente het aangedui dat die program in die loop van een dag aangebied moes word en nie oor 10 weke versprei word nie. Die voldagprogram is daarna by twee geleenthede aangebied. Altesaam 25 ouer-kindpare het uiteindelik die program deurloop.

Die resultate van die program (fase 5 van Rothman en Thomas se model vir ontwikkelingsnavorsing) is bespreek. In ooreenstemming met die kwalitatiewe benadering het die navorser die betekenis wat die respondente aan hul leefwêreld geheg het, verken. Creswell (2003:191-195) se generiese stappe vir die verwerking van kwalitatiewe data is gevolg. Dus is algemene stellings as riglyn geneem om gemeenskaplike aspekte by die deelnemers aan die twee kollektiewe gevallestudies te identifiseer.

Die volgende temas en subtemas is geïdentifiseer:

- Sessie 1: Veelvuldige verliese in die lewe van die deelnemers
- Sessie 2: Bemoedering en die vertrouensverhouding; die geborge binding; die ongeborge binding; en respek en eerlikheid
- Sessie 3: Die grootste probleem: armoede
- Sessie 4: Dood/verlies van die biologiese moeder
- Sessie 5: Die innerlike kind en gelukkige tye saam met die biologiese moeder
- Sessie 6: Verlange en hartseer na die verlies van die pleegkind se ouer/s
- Sessie 7: Woede in die rouproses
- Sessie 8: Kommunikasie in probleemhantering
- Sessie 9: Effektiewe probleemhantering
- Sessie 10: Evaluering en terugvoer

Na afloop van die program is die groepwerk geassesseer en bevind dat die probleem van gebrek aan binding/kohesie aan die begin van die program teen die einde daarvan opgelos is en dat daar openhartig oor emosies gepraat kon word.

'n Natoets is gedoen nadat die program geïmplementeer is en die resultate met dié van die voortoets vergelyk. 'n Kwasi-eksperimentele ontwerp is gevolg: Altesaam 50 pare het die voortoets gedoen; maar net 21 pare (42 %) van die vergelykende groep het die natoets gedoen. Altesaam 22% (11 pare) van die eksperimentele groep het die voortoets, program en natoets gedoen.

Die data is deur die Universiteit van Pretoria se statistiekdiens met behulp van die Wilcoxon statistiese toets verwerk. 'n Voorafbepaalde metingsvlak van 0,05 is as betekenisvol beskou.

Die volgende veranderlikes is gemeet: gesigsuitdrukking, stemtoon, liggaamsoriëntasie, responsiwiteit, taakgeoriënteerde gedrag en aanbieding/aanvaarding van hulp by pleegmoeders en pleegkinders, maar spelerigheid slegs by die pleegmoeders. Die resultate het getoon dat die vergelykende groep wat die program deurloop het ten opsigte van elke veranderlike gegroei het. Die eksperimentele groep het bykomend ook gegroei ten opsigte van sosiale betrokkenheid, balans van beheer en die algehele kwaliteit van hul interaksie. Dit bevestig dat die bindingsprogram die bindingsverhouding tussen die pleegmoeders en die pleegkinders verbeter het.

Die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie verskyn in Hoofstuk 7.

HOOFSTUK SEWE

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk vat die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie saam en evalueer die doelstellings, doelwitte, navorsingsvrae en hipotese. Dit dui ook die leemtes in die studie en temas vir verdere navorsing aan.

7.2 EVALUERING VAN DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

Die hoofdoelstelling van die studie was om 'n bindingsprogram vir verwante enkelouergrootmoeder-pleegmoeders en pleegkinders te ontwikkel en empiries te toets. Aangesien die studie 'n kwalitatiewe sowel as 'n kwantitatiewe benadering gevolg het, was daar twee onderliggende doelstellings.

7.2.1 Kwalitatiewe doelstelling

Die kwalitatiewe doelstelling was om 'n bindingsprogram vir verwante enkelouergrootmoeder-pleegmoeders en hul middelkinderjarige pleegkinders te *ontwikkel* en die navorsingsdeelnemers se *subjektiewe ervarings* tydens die *implementering* van die program te beskryf. (Kyk 1.3.2.) Hierdie doelwitte is soos volg benader:

Eerste doelwit: Ontwikkeling van die bindingsprogram

Rothman en Thomas (De Vos, 2002c:396-414) se model vir intervensienavorsing (kyk 1.8) is gevolg om 'n bindingsprogram te ontwikkel. Die ses fases (waarvan die eerste vyf in hierdie navorsing gevolg is) van die model is soos volg toegepas:

Eerste fase: Probleemontleding en projekbeplanning

Gesprekke met maatskaplike werkers het die behoefte aan 'n bindingsprogram vir verwante enkelouer grootmoeder-pleegmoeders en hul pleegkinders onderstreep. (Kyk 1.8.1 en 6.2.7.) 'n *Terapeutiese groepwerkprogram* is as die effektiëste opsie geïdentifiseer om hierdie pleegmoeders en pleegkinders te help, aangesien dit aan die deelnemers die geleentheid sou bied om emosioneel te groei en 'n steunstelsel vir mekaar te vorm. (Kyk 1.2.)

Die geïdentifiseerde populasie was alle verwante enkelouerpleegmoeders bo 50 jaar wat 'n middelkinderjarige pleegkind (6-13 jaar) gedurende 2004 in pleegsorg gehad het en kliënte van die Christelik Maatskaplike Raad (CMR) Daveyton was. Die steekproef het uit 50 verwante enkelouer grootmoeder-pleegmoeders en hul pleegkinders bestaan (N=100), opgedeel in 'n eksperimentele en 'n vergelykende groep wat elk uit 25 pleegmoeder-pleegkindpare bestaan het. Aangesien slegs die eksperimentele groep die intervensie deurloop het, is die bereiking van die kwalitatiewe doelstelling dus slegs op hulle van toepassing.

Tweede fase: Inligtingsameling en -sintese

Nasionale en internasionale literatuur is geraadpleeg (kyk 1.8.2) en verskeie internasionale kundiges is tydens die voorondersoek geraadpleeg. (Kyk Bylaag 1.) Voorbeelde van gesonde pleegouer-pleegkindbindings is deur middel van genoemde hulpbronne bestudeer en 'n geskikte teoretiese verwysingsraamwerk is opgestel. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:127.)

Derde fase: Ontwerp

Ontwerp word beskou as die proses waarvolgens die intervensie en waarnemingsprosedure beplan word (kyk 1.8.3) en gaan die hoofondersoek vooraf. In hierdie navorsing is die kwalitatiewe data soos volg ingesamel:

- *Ongestruktureerde deelnemende waarneming.* Deelnemende waarneming dui daarop dat die navorser tot 'n mate deelneem aan die aktiwiteite wat waargeneem en bestudeer word. (Vergelyk Schwandt, 1997:110-111; Creswell, 2003:191-195.)
- *Ongestruktureerde onderhoudvoering.* Geen riglyn of formaat word gebruik nie. Hierdie strategie is tydens programimplementering in die tien groepsbesprekings gevolg. (Vergelyk De Vos, 2002c:408.)

Die navorser het tydens die aanbieding van die program as groepleier opgetree en vanuit hierdie hoedanigheid die navorsingsdeelnemers se reaksie op die intervensie waargeneem. (Kyk 1.8.3.) Die navorser het dus ook haar eie ervaring as deelnemende waarnemer by die deelnemers se subjektiewe ervaring van die program geïnkorporeer. (Kyk 6.8.)

Vierde fase: Vroeë ontwikkeling en voorondersoek

Tydens die vierde fase is die voorlopige intervensieprogram, naamlik die groepwerkbindingsprogram, ontwikkel. (Kyk 1.8.4.) Die program is met maatskaplike werkers by CMR Daveyton bespreek en hul terugvoer is gebruik om die program te verryk voordat die voorondersoek gedoen is.

Die voorlopige program is aan twee pleegmoeders en twee pleegkinders oor vyf sessies aangebied, maar hulle het nie aan die hoofondersoek deelgeneem nie. Die voorondersoek is gedurende Oktober 2004 by CMR Daveyton gedoen. Voorstelle van die navorsingsdeelnemers is gebruik om veranderinge aan die voorlopige program aan te bring ter voorbereiding van die hoofondersoek. (Kyk 1.8.4.)

Vyfde fase: Evaluering en gevorderde ontwikkeling

'n Kollektiewe gevallestudie is vir die hoofondersoek gekies. (Kyk Hoofstuk 1.7.2.) Altesaam 25 pleegouer-pleegkindpare het die program deurloop.

Verskeie aanpassings moes gemaak word om die program te kon implementeer. (Kyk 6.4.1.) Die navorsingsdeelnemers het verskeie probleme met programbywoning ervaar en derhalwe versoek dat die program op een volle dag geïmplementeer word en nie oor tien weke nie. (Kyk 6.4.1.) Hulle het ook versoek om van 'n handleiding voorsien te word. (Kyk 5.7.) Ten einde die program in een dag aan te bied het die navorser se eggenoot 'n apparaat gebou wat 'n videobandopname van die volle dag se verrigtings sou kon maak, aangesien 'n draagbare videobandopnemer net 45 minute op 'n keer kan opneem. Die navorser moes ook reëlings tref om die deelnemers van voedsel te voorsien. Verder is 15 handleidings (kyk 5.7.) vir programimplementering gedruk.

Geen veranderinge is aan die program aangebring nie – dit is net soos dit in 5.7 verskyn aan twee groepe deelnemers op 23 en 25 November 2004 by CMR Daveyton aangebied. Die twee groepe

het onderskeidelik uit 12 en 13 pleegouer-pleegkindpare bestaan. Die program is ingedeel in die volgende tien onderafdelings:

- Bekendstelling van die groeplede
- Die rol van vertroue in die moeder-kindverhouding
- Die groep se gemeenskaplike probleme
- Die groep se verlede
- Die groep se kinderjare
- Die groep se gevoelens van verlies en hartseer
- Die groep se gevoelens van verlies en woede
- Nuwe gedragspatrone, veral hoe om te kommunikeer
- Effektiewe maniere om probleme op te los
- Evaluering van die program

Aangesien die deelnemers na afloop van die program geen voorstelle vir verandering gemaak het nie, is die program net soos wat dit in Hoofstuk 5 verskyn, gereed gemaak vir publikasie. (Kyk 5.7.) Laasgenoemde het behels dat die handleiding aan 'n grafiese kunstenaar (Warrington, 2004) oorhandig is vir professionele afronding van die tekeninge en dat die handleiding aan 'n taalkundige oorhandig is vir taalkundige versorging. Die tegniese en taalkundige afronding van die handleiding hou verband met die laaste doelwit van die studie: Om die navorsingsbevindings en bindingsprogram in 'n gebruikersvriendelike dokument vir maatskaplike werkers by welsynsorganisasies te omskep. (Kyk 1.3.2 en 5.7.)

Tweede doelwit: Beskrywing van subjektiewe ervarings

Die data oor die navorsingsdeelnemers se subjektiewe ervarings tydens die implementering van die program is in ooreenstemming met Creswell (2003:191-195) se generiese stappe ontleed. (Kyk 1.8.5.) Dus word van die algemene na die spesifieke gewerk en bepaalde temas geïdentifiseer. Die interpretasie van die temas word met behulp van die literatuur verduidelik. (Kyk 6.8.)

Die volgende temas het uit die deelnemers se subjektiewe ervarings na vore getree:

- Die groepe het veelvuldige verliese (familie, vriende, kennisse en dorpe) ervaar. (Sessie een: Groeporiëntering.)

- Geslaagde bemoedering en 'n goeie vertrouensverhouding hou verband met goeie maniere, eerlikheid, fisiese versorging, liefde, hulpvaardigheid en respek. Die pleegkinders het 'n geborge binding met hul biologiese moeder gehad. Sommige pleegkinders het geen binding met die biologiese moeder gehad nie omdat sy in hul babafase oorlede is. Respek en eerlikheid is die belangrikste waardes in 'n verhouding. (Sessie twee: Vertroue in die moeder-kindverhouding.)
- Die algemene probleem van armoede, insluitend voedselnood en finansiële probleme is bespreek. (Sessie drie: Probleme wat ervaar word.)
- Die verwerking van dood/verlies het kenmerkend voorgekom (sommige deelnemers was weeskinders en het hul moeders weens natuurlike oorsake verloor). (Sessie vier: Die groep se verlede.)
- Sommige deelnemers onthou gelukkige tye saam met hul ouers (na aanleiding van 'n bespreking van die “innerlike kind”-metafoer). (Sessie vyf: Die groep se kinderjare.)
- Verlange en hartseer nadat die pleegkind se ouer/s hom/haar ontval het. het voorgekom. (Sessie ses: Die groep se gevoelens van verlies en hartseer.)
- Woede weens gebrek aan 'n steunstelsel by die grootmoeders en die afwesigheid van woede by die pleegkinders is geïdentifiseer. (Sessie sewe: Rol van woede in die rouproses.)
- Die deelnemers het beleef dat kommunikasie probleme oplos. (Sessie agt: Die rol van kommunikasie.)
- Die deelnemers het beleef dat beraders en terapeute nodig is om bindingsprobleme tussen pleegmoeder en pleegkind op te los. (Sessie nege: Effektiewe probleemoplossing.)
- Die deelnemers het beleef dat die program van groot hulp was. (Sessie tien: Programevaluering.)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die bindingsprogram die pleegmoeders en hul pleegkinders aangespoor het om hul subjektiewe ervarings weer te gee. Dus is die kwalitatiewe doelstelling van die studie bereik.

7.2.2 Kwantitatiewe doelstelling

Die kwantitatiewe doelstelling was om die *impak* van die bindingsprogram *empiries te toets*. (Kyk 1.3.1.) Hierdie doelstelling het twee onderafdelings: Om die binding van 50 enkelouerpleegmoeders en 50 pleegkinders te meet ten einde basislyndata vir 'n voortoets te bekom; en om die impak van die program empiries te meet.

Vervolgens word die bereiking van hierdie doelwitte geëvalueer.

Eerste doelwit: Die voortoets (basislyndata)

Ten einde die program empiries te meet, is 'n *eksperimentele kwantitatiewe navorsingsontwerp* gebruik. (Kyk 1.7.1.) 'n *Kwasi-eksperimentele ontwerp*, naamlik die *vergelijkende groep voortoets-natoetsontwerp*, is gebruik. In so 'n ontwerp word die eksperimentele groep en die vergelykende groep *nie-ewekansig* geselekteer (Bless & Higginson-Smith, 1995:77). Beide groepe doen 'n voor- en natoets. Slegs die eksperimentele groep deurloop die intervensieprogram.

Die voortoets is vanaf 29 Maart tot 2 April 2004 by CMR Daveyton afgeneem. (Kyk 6.3 en 6.2.8.) Die Universiteit van Pretoria se statistiekdiens het gehelp om die data te verwerk. (Kyk 1.8.5 en 6.6.)

Altesaam 50 pleegkinders (100%) is by die voortoets betrek. Hul ouderdomme het tussen 6 en 13 jaar gewissel. Die grootste groep kinders (19 kinders of 38%) was 13 jaar oud. Bykans die helfte van die groep (24 kinders of 48%) was tussen 10 en 13 jaar oud. Dit beteken dat bykans die helfte van die groep in die pre-adolesente fase (puberteit) was (Solomon & George, 1999:658). (Kyk 6.5.) Verder was die meerderheid van die kinders dogters (34 kinders of 68%). Slegs 16 kinders (32%) was seuns.

Die grootste groep kinders (14 kinders of 28%) was 2 jaar in pleegsorg en die tweede grootste groep (9 kinders of 18%) 3 jaar of langer in pleegsorg. Hierdie resultate toon dat verwante enkelouerpleegsorgplasinge by CMR Daveyton sedert 2001 merkwaardig toegeneem het. Dit kan deels toegeskryf word aan 'n toename in die aanmelding van weeskinders. (Vergelyk Robertson & Donaldson, 2003/09/23; Schönteich, 2003/09/23.)

Die pleegmoeders se ouderdomme het tussen 50 en 81 jaar gewissel. Altesaam 9 van die pleegmoeders (18%) was 62 jaar oud, 7 (14%) was 55 jaar oud en 6 (12 %) was 52 jaar oud. Een pleegmoeder (2%) was 81 jaar oud.

Die resultate van die voortoets het 'n wedersydse kommunikasieprobleem onder die navorsingsdeelnemers uitgewys, asook dat daardie pleegkinders wat die langste (veral sedert hul geboorte) by hul pleegmoeder gewoon het, beter resultate op die MIMBRS behaal het as kinders wat later by hul grootmoeders gaan woon het. Dit bevestig Bowlby (1988:122) se bindingsteorie, naamlik dat 'n binding wat in die eerste drie lewensjare gevorm word, lewenslank duur en die ouer-kindverhouding bevorder.

Tweede doelwit: Meting van die impak van die program

Na afloop van die intervensie (in Desember 2004) is 'n natoets uitgevoer om die impak van die program te bepaal. (Kyk 1.8.4 en 6.10.) Al 50 ouer-kindpare het die voortoets gedoen, maar nie al die pare van die eksperimentele groep het die program en natoets gedoen nie. (Aanpassings wat gemaak is om die program te implementeer is in 6.4.1 verduidelik.) Altesaam 11 pare (22%) van die eksperimentele groep het uiteindelik die voortoets, program en natoets gedoen. Altesaam 21 pare (42%) van die vergelykende groep het net die voor- en natoets gedoen, maar nie die program nie. Dus het altesaam 32 navorsingsdeelnemers (64%) die voor- en natoets gedoen.

Aangesien 14 addisionele pare vir die program gewerf is, het altesaam 25 pare (50%) die program deurloop, hoewel 14 (28%) van hulle nie die voortoets gedoen het nie, maar wel die natoets. Die bespreking van die natoets het gefokus op die respondente wat die voor- en natoets gedoen het, omdat die afwesigheid van 'n voortoets 'n vergelyking onmoontlik sou maak. (Kyk 6.10.)

Altesaam 18 veranderlikes is by die grootmoeders gemeet (ingeslote gesigsuitdrukking, stemtoon, liggaamsoriëntasie, responsiwiteit, taakgeoriënteerde gedrag, aanbieding van hulp, oogkontak en spelerigheid). By die kinders is dieselfde veranderlikes met die uitsondering van spelerigheid gemeet. (Vergelyk Tabel: 6.1) Die resultate het getoon dat die lede van die eksperimentele groep wat wel die program meegemaak het, groei ten opsigte van elke veranderlike beleef het. Hulle het verder ook groei ten opsigte van sosiale betrokkenheid, balans van beheer en die algehele kwaliteit van hul interaksie beleef.

Vervolgens word kennisraamwerk vir die navorsing beskryf.

7.2.3 Kennisraamwerk onderliggend aan die navorsing

In Hoofstuk 1 (kyk 1.3.2.) is onderneem om 'n kennisraamwerk vir pleegsorg in Suid-Afrika, bindingsteorieë, die groepwerkproses, ontwikkelingstake van die primêreskool-kind en pleegsorgbindingstake vir hierdie kinders uit die literatuur en internasionale skakeling op te bou. Die uiteindelijke oogmerk was om binding binne die moeder-kindverhouding te beskryf sodat besprekingsonderwerpe vir die program geïdentifiseer kon word.

Internasionale skakeling

Verskeie kundiges verbonde aan universiteite in die VSA is in 2003 tydens 'n internasionale kongres oor binding en bindingsnavorsing geraadpleeg. (Kyk 1.11.6 en Bylaag 1.) Die volgende kundiges is geraadpleeg: dr. J. Pickens, Universiteit van Miami; prof. K. O'Conner, Alliant Internasionale Universiteit, Kalifornië; dr. M. Steward, James Madison Universiteit in Harrisonburg; dr. E. Munns, Direkteur van die Theraplay Instituut in Kanada; en me. P.B. Booth, me. S. Lindaman en me. M. Alice van die Theraplay Instituut, Chicago. (Kyk Bylaag 1 en 2.)

Die navorser het ook die volgende kursusse oor binding in die buiteland bygewoon:

- 1-2 Augustus 2002: The Introductory MIM, UNISA, Pretoria
- 8 November 2002: Intermediate MIM, UNISA, Pretoria
- 21-25 Januarie 2003: Introductory Theraplay and Marschak Interaction Method, Theraplay Instituut, Illinois, Chicago
- 26 Januarie 2003: Introductory Group Theraplay, Theraplay Instituut
- 26-27 Junie 2003: Theraplay-konferensie, "Touching Hearts & Minds: Linking Theraplay Practice & Attachment Research", Chicago
- 28-30 Junie 2003: Advanced Theraplay & MIM, Theraplay Instituut, Chicago

Die navorser het skriftelike toestemming van die Theraplay Instituut en Pickens bekom om die MIM en MIMBRS in hierdie studie te gebruik. (Kyk Bylaag 2 en 3.)

Literatuurstudie

Die navorser het van plaaslike en internasionale bronne gebruik gemaak, en 20 van laasgenoemde ingevoer omdat hulle nie plaaslik verkry kon word nie. Die literatuurstudie word ooreenkomstig drie studievervelde hieronder bespreek.

Bindingsteorieë

Hoofstuk 2 beskryf die literatuurverkenning van die studiegebied van binding. Uit die literatuur was dit duidelik dat pleegkinders se behoefte aan 'n primêre bindingsfiguur (hoofsaaklik die moeder) lank oor die hoof gesien is totdat John Bowlby en Mary Ainsworth op die toneel verskyn het. Maatskaplike werkers het sorgbehoewende kinders naamlik tussen versorgers rondgeskuif om te verhoed dat hulle met enige primêre versorger bind. Bowlby en Robertson het nie met so 'n benadering saamgestem nie omdat kinders wat van hul primêre bindingsfiguur geskei word of verhoed word om met 'n bindingsfiguur te bind, 'n ernstige verlies beleef en deur 'n emosionele rouproses gaan wat hul sosio-emosionele ontwikkeling ernstig kan benadeel. (Vergelyk Levy & Orlans, 1998:13.)

Ainsworth (in Ainsworth, Blehar, Waters & Wall, 1978:36-39) het bewyse gevind dat die moeder-kindband tydens die eerste drie lewensjare van die kind, veral die eerste jaar, gevorm word. Sy het verder vasgestel dat hierdie tendens ongeag die kultuur van die kind voorkom. Dit impliseer dus dat ook die pleegkinders in hierdie studie die belangrikste verhouding in hulle lewens verloor het en met terapie gehelp moet word om dit te verwerk.

Bowlby was die eerste persoon wat die konsep "binding" gebruik het om die moeder-kindverhouding te beskryf (Bretherton, 2000:54-56). Op grond van navorsing oor die bindingsgedrag van diere het hy bevind dat 'n moeder-kindbinding met sagtheid, beskerming, vertrouwe en vertroeteling verband hou, en dat dit deur aanvoeling vir en inskakeling by die kind se emosies tot stand kom. Hierdie aanname stem ooreen met Erikson se teorie dat moeders wat op 'n betroubare en konsekwente wyse op hul babas se behoeftes reageer, 'n basiese vertrouensverhouding met die baba ontwikkel. (Vergelyk Hook, 2002:283.)

Vanuit die kognitiewe sielkunde het Bowlby vasgestel dat 'n kind 'n interne werksmodel van sy primêre bindingsfiguur vorm. Kinders antisipeer daarna hoe die moeder teenoor hulle gaan optree en hulle pas hul gedrag daarvolgens aan. Die kind evalueer himself ook na aanleiding van

die moeder se optrede teenoor hom. Bowlby sluit egter nie die rol van eksterne invloede op die moeder-kindbinding uit nie. (Vergelyk Bretherton, 2000:68-69.)

Die kern van Bowlby (1988:122) se bindingsteorie hou verband met die vorming van 'n sekuriteitsbasis in die kind. Dit behels dat 'n kind veilig en geborge by die moeder voel wanneer die moeder met sensitiwiteit op al sy behoeftes (soos toegeneentheid, hulp en leiding) reageer. Hierdie sensitiwiteit kan veral gemeet word aan die moeder se responsiwiteit op die kind se affektiewe seine (spraak en aksies) of versoeke om hulp. Hierdie aspek was van sentrale belang in die studie aangesien daar eerstens bepaal moes word hoe die pleegmoeders in die studie op hul pleegkinders se affektiewe seine of versoeke om hulp gereageer het en tweedens beplan moes word hoe om die pleegmoeders se responsiwiteit teenoor hul pleegkinders te verhoog.

Ontwikkelingstake van die primêreskool-kind

'n Sentrale konsep in die bespreking van ontwikkelingstake van die primêreskool-kind wat in pleegsorg is, is "interne werksmodel". Dit verwys na die subjektiewe ervarings van mense met betrekking tot hulself en hul bindingsfigure. (Vergelyk Bretherton & Munholland, 1999:89). Hierdie konsep is belangrik vir die rol en taak van die maatskaplike werker tydens die implementering van 'n bindingsprogram. Bretherton (2000:69) stel dit duidelik dat die terapeut en kliënt tydens bindingsterapie die oorsprong van die kliënt se disfunksionele interne werksmodel van homself en sy bindingsfigure moet ondersoek. Die navorser moes dus tydens die implementering van die bindingsprogram op die pleegkind se interne werksmodel van homself, sy oorlede moeder en sy pleegmoeder fokus.

Kinders met 'n bindingsversteuring vestig gewoonlik nie gesonde intieme verhoudings (soos met 'n moederfiguur) nie omdat hul interne werksmodel van positiewe bindingservarings baie beperk is en uit negatiewe persepsies van die self en bindingsfigure bestaan. Hulle beleef 'n gevoel van wantroue in en 'n gebrek aan sekuriteit ten opsigte van hul primêre versorger. Hulle beleef ook 'n diep gevoel van skaamte en verwerping. Omdat hulle gewoonlik onveilig voel, wil hulle graag in beheer van hul omgewing wees. (Vergelyk Hughes, 1997:4.) Hierdie tendens het tydens die voortoets in die pleegkinders na vore gekom – hulle het selde of ooit hulp van hul pleegmoeders versoek. (Kyk 6.6.)

As gevolg van hul angswekkende ervarings het pleegkinders gewoonlik emosionele probleme, soos 'n beperkte emosionele woordeskat, labiliteit, swak frustrasietoleransie, depressie en angs.

Omdat hulle leer om hul emosies te onderdruk en te vermy, het hulle 'n vals self gesetel in hul semantiese geheue (dit wat ander hulle vertel) en nie in hul episodiese geheue (eie ervarings) nie. (Vergelyk Bretherton & Munholland, 1999:93-94.) Dit kan veroorsaak dat hulle in die rouproses stagneer, veral as hul pleegmoeders ook nie die verlies van 'n bindingsfiguur verwerk het nie. (Vergelyk Kobak, 1999:35-36.) Tydens die sesde groepsbespreking is waargeneem dat baie van die pleegkinders en pleegmoeders steeds in die rouproses verkeer het en veral onverwerkte emosies wat met hartseer gepaard gaan, ervaar het. (Kyk 6.8.6.)

Piaget (in Gormly, 1997:261) noem die middelkinderjarige tydperk die fase van “konkreet-operasionele” denke omdat kinders in hierdie fase nog steeds konkreet denkend is maar verskillende operasies kan uitvoer wanneer voorwerpe in hul teenwoordigheid gemanipuleer word. (Hulle kan byvoorbeeld verstaan dat die volume van vloeistof dieselfde bly wanneer die houer van vorm verander). Alhoewel hulle kognitief in staat is om te desentreer en op verskeie aspekte van 'n saak te fokus, neig kinders met 'n bindingsversteuring om alles te verpersoonlik (skuldgevoelens) en om ander vir hul gedrag te blameer. (Vergelyk Hughes, 1997:4.)

In die interne werksmodel van pleegkinders met 'n bindingsversteuring vind daar gewoonlik 'n innerlike gesprek plaas wat verband hou met die antisipering van verwerping en woede (Hughes, 1997:6). Een van die pleegkinders het dan ook pertinent genoem dat hy deur sy vriende verwerp word. (Kyk 6.8.3.)

Vir die middelkinderjarige kind is dit belangrik om deur portuurgroeplede aanvaar te word, maar weens 'n gebrek aan sosiale vaardighede (aggressie, gebrek aan diskriminasie, ambivalensie, onttrekking en dominerend) word kinders met 'n bindingsversteuring gewoonlik verwerp en voel alleen. 'n Bose kringloop van verwerping, wantroue en selfminagting ontstaan en word van die een ontwikkelingsfase na die volgende oorgedra. (Vergelyk Hughes, 1997:3-4.) Een van die aangrypendste oomblikke in hierdie studie was dan ook die opmerking van een van die pleegkinders dat hulle almal weeskinders is, wat die ander kinders gedweë aanvaar het. (Kyk 6.8.3.)

'n Sentrale aspek in hierdie studie was die verwerking van die verlies van die biologiese moeder by die middelkinderjarige pleegkinders. Uit die literatuur is vasgestel dat genoemde kinders eers die dood van hul moeder of eerste primêre bindingsfiguur moet verwerk voordat hulle emosioneel gereed is om volkome met die pleegmoeder te bind. (Vergelyk James, 1994:56.)

Pleegouers se pleegsorgbindingstake

In Hoofstuk 4 is aangedui dat daar verskillende tipes gesinne is, waarvan die pleeggesin een is. (Kyk 4.2.1.) Die mees basiese gesinstipe is die kerngesin, wat uit 'n vader, moeder en hul kinders bestaan. Ander gesinstipes is die uitgebreide gesin, enkelouergesin, pleeggesin en die gesin met aangenome kinders. Die pleeggesinne in hierdie studie het al voorgenoemde gesinne verteenwoordig. Hulle was eerstens kerngesinne ('n ouer en haar kind/ers). Tweedens was hulle uitgebreide gesinne ('n grootmoeder en haar kleinkind/ers). Derdens was hulle pleeggesinne en vierdens aangenome gesinne (permanente pleegsorg omdat herstel in die biologiese ouers se sorg nie moontlik was nie).

Bowlby se siening van die primêre bindingsfiguur se rol as beskermer en voorsiener in die kind se behoeftes is ook in Hoofstuk 4 bespreek. (Vergelyk George & Solomon, 1999:652.) Daar is genoem dat sensitiewe pleegmoeders wat altyd vir hul pleegkind beskikbaar is en op die pleegkind se affektiewe seine asook versoeke om hulp reageer, die beste binding met hul pleegkinders het. Moederlike sensitiwiteit hou veral met voorsiening in die kind se behoefte aan liefde, warmte, stimulasie en emosionele steun verband. (Vergelyk George & Solomon, 1999:652-653.)

Hoofstuk 4 het verder ook gefokus op probleme wat grootouer-pleegmoeders kan ondervind, soos gesondheidsprobleme, finansiële nood, depressie, vaderlike afwesigheid, enkelouerskap en 'n gebrek aan emosionele steun. (Vergelyk Sidebotham, 2001:482; Caputo, 2001:84; Levy & Orlans, 1998:160.) Finansiële nood was die grootste probleem by die pleegmoeders en pleegkinders in hierdie studie. (Kyk 6.8.3.)

Laastens is op die pleegmoeder se rol in die regulering van die kind se affek gefokus. Affekregulering behels dat die pleegmoeder empaties op die kind se emosies en behoefte aan aanraking en vertroeteling reageer en so die regterbreinhemisfeer van die kind stimuleer, wat tot 'n meer geborge binding lei (Mäkelä, 2004/02/09). Aan die ander kant word die linkerbreinhemisfeer deur kommunikasie oor emosies gestimuleer. Beide aspekte (verbale en nie-verbale kontak) is dus belangrik om 'n gesonde bindingsverhouding tussen pleegmoeder en pleegkind te vestig. Beide aspekte is in die bindingsprogram aangespreek. (Kyk 5.7.)

Die groepwerkproses

Die bindingsprogram wat in Hoofstuk 5 verskyn (5.5.3) berus op die onderliggende beginsels, benaderings en tegnieke vir bindingsintervensie wat hierbo saamgevat is asook dié vir groepwerk. (Kyk 6.9.)

Die groepe het bestaan uit ouer-kindpare. Verskeie skrywers (vergelyk Ammen, 2000:345; Brody, 1999:140-141; Hughes, 1997:77) beklemtoon die teenwoordigheid van die ouer in terapie, veral omdat die kind nie sonder die ouer se steun die mas kan opkom_nie. Omdat kommunikasie tussen ouer en kind bevorder moes word, die ouer sekere vaardighede moes aanleer en 'n vertrouensverhouding met die kind moes vestig, is die ouers in hierdie studie in 'n ondersteunende rol geplaas.

Die kollektiewe gevallestudies wat in Hoofstuk 6 bespreek word, het deur die kenmerkende fases van paregroepwerk ontwikkel (Jernberg & Booth, 1999:375-376). In die beginfase is gemak met nabyheid (of intimiteit) met behulp van Theraplay-tegnieke bevorder. Die middelfase is gekenmerk deur 'n groter mate van gemak met mekaar. Tegnieke wat intimiteit bevorder, is toegepas, byvoorbeeld om room aan mekaar te smeer. Tydens die laaste fase is die deelnemers op afsluiting voorberei en kon sommige gunstelingaktiwiteite herhaal word. Die ontwikkeling van die groepwerkproses word in 6.9 beskryf.

Teoretiese raamwerk vir groepwerk-bindingsprogram

Aangesien die navorsers 'n eklektiese benadering gevolg het, is toepaslike teoretiese benaderings vir die program geïdentifiseer en beskryf. Vanuit die interpersoonlike neurobiologiese benadering is kennis geneem van die neurologiese effek van onverwerkte traumas (soos die dood van 'n moeder) op die kind se brein, naamlik angswekkende emosies. Ooreenkomstig die interpersoonlike neurobiologiese benadering moet die angswekkende emosies empatiese in 'n kalmerende atmosfeer aangespreek word nadat 'n vertrouensverhouding met die kind gevestig is.

